



eduresourceza.com




REKENINGKUNDE

Gr 12

Hersiening

AKTIWITEITE



Liewe Gr 12-Rekeningkundeleerder

Die hersieningsaktiwiteite in hierdie boekie is so geselekteer dat **alle inhoud** ingesluit is en om te verseker dat jy deeglik vir jou eksamens voorbereid is as jy dit met toewyding deurwerk. Aangesien jy die **nuwe 2020 twee-vraestel Eksamenformaat** gaan skryf, is die TYDTOEKENNING vir elke aktiwiteit (uit vorige Gr 12-vraestelle) aangepas om die tydvoordeel van die twee vraestelle te illustreer. Die inhoud bly dieselfde, maar is in twee gedeeltes om die twee vraestelle te akkommodeer. Sien **Bladsy 3** vir details.

Tydens jou hersiening en eksamenvoorbereiding moet jy asb. op die volgende aspekte fokus:

- die kernnotas/wenke by elke onderwerp beklemtoon wat jy in die eksamen kan verwag. Dit sluit ook formate en basiese inligting wat jou basiese kennis van 'n onderwerp kan verbeter.
- die tydtoekenning vir elke aktiwiteit moet gebruik word om te oefen hoe jy jou eksamentyd per vraag gaan gebruik. Gebruik tydbesparende metodes terwyl jy hersien/voorberei vir eksamen sodat jy dit maklik in die eksamen sal kan toepas, bv. hoe om jou sakrekenaar effektief te gebruik.
- Werk **ELKE DAG** deur een of meer aktiwiteite om jou selfvertroue in onderwerpe te verbeter.
- Ander eksamenwenke om toe te pas:
 - Lees **ALTYD** die opdragte baie deeglik voordat jy die vraag beantwoord. Dit help om jou te kalmeer as jy weet presies wat van jou verwag word.
 - Beantwoord die onderwerpe wat jy die beste ken, eerste. Jy kan bv. met Vervaardiging begin (daar is altyd 'maklike' punte om te verdien) wat jou selfvertroue sal gee vir die res van die vraestel.
 - Moenie met een vraag sukkel nie; beweeg aan en kom liever terug na die vraag indien daar genoeg tyd is. Probeer om al die vrae te doen, want daar is basiese ('maklike') punte in elke vraag beskikbaar.
 - Indien iets nie balanseer nie, moet dit nie maak balanseer nie. Beweeg aan na die volgende vraag.
 - Onderstreep sekere woorde in die vrae, sodat jy duidelik kan sien wat in die vraag van jou verwag word.
 - **TOON ALLE BEWERKINGS DUIDELIK.** Gebruik subopskrifte, bv 'waardevermindering' vir meer duidelikheid.


Jou *positiewe houding*, jou **wil** om sukses te behaal en gereelde werk sal sukses in Rekeningkunde verseker.

Die WKOD Rekeningkundespan

INDEKS

ONDERWERP		Bladsynr.
Voorraad	Kernnotas	4
	Aktiwiteite 1 - 7	5 - 17
Versoenings/ Rekonsiliasies	Kernnotas: Bank-, Krediteure-, Debiteure-rekonsiliasies	18 - 20
	Aktiwiteite 1 - 8	20 - 33
Vervaardiging	Kernnotas	34
	Aktiwiteite 1 - 7	35 - 48
Begrotings	Kernnotas	49
	Aktiwiteite 1 - 8	50 - 65
BTW	Kernnotas	66
	Aktiwiteite 1 - 8	66 - 73
Vaste Bates	Kernnotas + Aktiwiteit 1	74 - 74
Maatskappye (Vaste bates is deel van sommige aktiwiteite)	Kernnotas: Maatskappyrekening; Staat van Omvattende Inkomste (Inkomstestaat); Staat van Finansiële Posisie (Balansstaat); Kontant-vloeistaat; Ontleding en vertolking (Verhoudingsanalise)	76 – 83
	Aktiwiteite 1 - 12	84 - 119

Graad 12 Implementeringsdatum: 2020			
GRAAD 12: VRAESTEL 1		GRAAD 12 VRAESTEL 2	
Opskrywing, Verslagdoening en Evaluering van Finansiële Inligting & Korporatiewe Bestuur		Vervaardiging, Vooruitskating (Voorspelling) & Interne Ouditering en Beheer	
12.1.1	Begrippe met betrekking tot maatskappye	12.2.1	Ontleding & vertolking van rekonsiliasies: bank, debiteure, krediteure, ouderdoms-ontleding
12.1.2	Begrippe met betrekking tot AARP & IFRS	12.2.2	BTW: Inset, Uitset & berekeninge
12.1.3	Unieke grootboekrekeninge van maatskappye & die vertolking daarvan	12.2.3	Vervaardiging: Begrippe
12.1.4	Rekeningkundige vergelyking van maatskappye	12.2.4	Vervaardiging: Produksiekostestaat & Notas; Verkorte Inkomstestaat & Notas
12.1.5	Aansuiweringe & finale rekeninge van maatskappye; Proefbalanse	12.2.5	Ontleding & vertolking van koste-inligting, eenheidskoste & gelykbreekpunt
12.1.6	Inkomstestaat (Staat van Omvattende Inkomste) van maatskappye	12.2.6	Ontleding & vertolking van Kontantbegroting vir eenmansake en maatskappye
12.1.7	Balansstaat (Staat van Finansiële Posisie) & Notas van maatskappye	12.2.7	Ontleding & vertolking van Geprojekteerde Inkomstestaat vir eenmansake en maatskappye
12.1.8	Kontantvloeistaat van maatskappye	12.2.8	Toepassing van interne beheer- & auditprosesse: kontant, vaste bates, voorraad, debiteure, krediteure, inkomste & uitgawes (insluitend salarisse/lone) & insluitend finansiële aanwysers #
12.1.9	Ontleding en vertolking van finansiële state van maatskappye *	12.2.9	Opskrywing & beheer van vaste bates insluitend waardevermindering & bateverkope
12.1.10	Ontleding en vertolking van gepubliseerde finansiële state & auditverslae van maatskappye	12.2.10	Deurlopende en Periodieke voorraadstelsels; waardasie en beheer van voorraad
12.1.11	Waardasie van vaste bates vir verslagdoeningsdoeleindes insluitend toevoegings, waardevermindering & vervreemding	12.2.11	Etiese gedrag in finansiële omgewings
12.1.12	Voorraadwaardasie vir verslagdoeningsdoeleindes (EIEU, Geweegde Gemid; Spesifieke Identifikasie)		
12.1.13	Professionele instellings & Gedragskodes		
12.1.14	Etiese optrede en korporatiewe bestuur in finansiële omgewings		
12.1.15	Wetgewing wat op maatskappye van toepassing is (slegs oorsigtelik)		
12.1.16	Beslote korporasies (nie-eksamineerbaar)		
* Finansiële aanwysers (vir verslae) (Gr 12, Vraestel 1)		#	Finansiële aanwysers (vir interne bestuur) (Gr 12, Vraestel 2)
Bruto wins op verkope; Bruto wins op koste van verkope; Netto wins op verkope; Bedryfsuitgawes op verkope; Bedryfswins op verkope; Bedryfskapitaalverhouding; Vuurproefverhouding; Voorraadomssetsnelheid; Periode waarvoor daar genoeg voorraad voorhande is; Gemiddelde debiteureinvorderingsperiode; Gemiddelde krediteurebetalingsperiode; Solvensieverhouding; Skuld-ekwiteitverhouding (geratheid); Verdienste/Opbrengs op aandeelhouersekuiteit; Verdienste/Opbrengs op totale kapitaal aangewend; Netto batewaarde per aandeel; Dividende per aandeel; Verdienste per aandeel; Dividenduitbetalingskoers			Bruto wins op koste van verkope; Netto wins op verkope; Bedryfsuitgawes op verkope; Bedryfswins op verkope; Voorraadomssetsnelheid; Periode waarvoor daar genoeg voorraad voorhande is; Gemiddelde debiteureinvorderingsperiode; Gemiddelde krediteurebetalingsperiode.
* Finansiële aanwysers (vir verslae) (Gr 12, Vraestel 1)		HALFJAAR-, PROEF- EN FINALE EKSAMENS (2-vraestelle) (op 2 verskillende datums)	
VRAESTEL 1		VRAESTEL 2	
150 punte; 2 uur		150 punte; 2 uur	
Onderwerpe: Dissipline 1 Opskrywing, verslagdoening, evaluering		Onderwerpe: Dissipline 2 Interne bestuurs- en beheerprosesse	
Gr 12 Formuleblad ingesluit		Gr 12 Formuleblad ingesluit	


 Nuut

Twee-vraestel indeling vir vroe en/of subvroe in hierdie Aktiwiteitsboek		
①	②	①/②
Vraestel 1	Vraestel 2	Kan in albei vraestelle gevra word

VOORRAAD (Vraestel 1 & 2)

[Vraestel 1: Voorraadwaardasie vir die opstel van finansiële state]

[Vraestel 2: Voorraadstelsels; waardasie en interne beheer /bestuur van voorraad]

Basiese konsepte

Verskil tussen deurlopende en periodieke voorraadstelsels	Deurlopende voorraadstelsel: Koste van verkope word bereken wanneer verkope plaasvind Periodieke voorraadstelsel: Koste van verkope word aan einde van 'n finansiële jaar bereken na 'n fisiese voorraadopname.		
Verskil tussen voorraad-waardasiemetodes	EIEU	Geweegde gemiddelde	Spesifieke identifikasie
	- Gebaseer op die aanname dat voorraad wat eerste aangekoop is, eerste verkoop sal word. Geskik wanneer aparte items verkoop word, bv. rekenaars, TVs, ens. - Voorraad met 'n beperkte raklewe kan ook op hierdie manier waardeer word.	- Gebruik wanneer groot volumes (hoeveelhede) identiese klein items verkoop word, bv. T-hemde, sjokolades, ens. - Die gemiddelde kosprys van die voorraad word altyd gebruik.	- Gebruik wanneer klein volumes verkoop word, waar die koste van elke item maklik geïdentifiseer kan word in 'n register / katalogus. - Voorraadwaarde is realisties want dit word op die huidige prys van elke item gebaseer.

Berekening van slotvoorraad

EIEU	Geweegde gemiddelde	Spesifieke identifikasie
Werk van onder af op; onthou om vraggeld op aankope en goedere teruggestuur in ag te neem	$\frac{\text{Begin (R)} + \text{Aankope (R)} - \text{Terugsendings (R)} + \text{Vraggeld}}{\text{Begin (eenhede)} + \text{Aankope (eenhede)} - \text{Terugsendings (eenhede)}}$ $= \text{Antwoord} \times \text{Eindvoorraad (eenhede)}$	Werklike prys van elke item in voorraad

Ander berekeninge

	Periodiek	Deurlopend
Koste van verkope	$\text{Beginvoorraad} + \text{Aankope} + \text{Vraggeld} - \text{Terugsendings} - \text{Eindvoorraad}$ $= \text{Koste van verkope}$	Gebaseer op winsopslag % by verkooppunt
Bruto wins	$\text{Verkope} - \text{Koste van verkope}$	
Gesteelde items	$\text{Eenhede aan begin} + \text{eenhede aangekoop} - \text{eenhede teruggestuur} - \text{eenhede verkoop} - \text{eenhede aan einde}$	

Finansiële aanwysers

Winsopslag %	$\frac{(\text{Verkope} - \text{Koste van verkope}) \times 100}{\text{Koste van verkope}}$	<u>Antwoord getoon as:</u> ... %
Voorraadomsetsnelheid	$\frac{\text{Koste van verkope}}{\text{Gemid voorraad OF } \frac{1}{2}(\text{Beginvoorraad} + \text{Eindvoorraad})}$	... keer
Periode/dae waarvoor daar voorraad voorhande is	$\frac{\text{Gemid voorraad} \times 365}{\text{Koste v verkope}}$	... dae

AARP beginsels vir voorraad (Vraestel 1)

Historiese koste; Omsigtigheid

Interne beheer van voorraad (Vraestel 2)

Verdeling van pligte; Dokumentasie; Goedkeuring/Magtiging deur senior amptenaar;
Fisiese maatreëls, bv sekuriteitskamera's

Aktiwiteit 1: VOORRAADWAARDASIE, INTERNE BEHEER EN PROBLEEMOPLOSSING (Junie 2016) (40 punte; 30 minute)

1.1 BEGRIPPE

- ❶/❷ Kies EEN woord/term vir elk van die volgende beskrywings deur 'n woord/term uit die lys hieronder te kies. Skryf slegs die woord/term langs die vraagnommer (1.1.1–1.1.4) in die ANTWOORDEBOEK neer.

deurlopende voorraadstelsel; geweegetegemiddelde-metode;
spesifieke identifikasie-metode; periodieke voorraadstelsel; eerste in eerste uit (EIEU)

- 1.1.1 Hierdie metode aanvaar dat voorraad in die volgorde van aankoopdatum verkoop word. (4 x 1) (4)
- 1.1.2 Hierdie stelsel verseker dat die koste van verkope by die verkooppunt bereken word.
- 1.1.3 Hierdie metode van voorraadwaardasie ken 'n unieke of individuele waarde aan elke voorraaditem toe.
- 1.1.4 Hierdie voorraadstelsel is meer gepas vir lae-waarde-goedere wat by die groot maat aangekoop word. (4 x 1) (4)

1.2 LYNN WINKELS

Jy word voorsien van inligting met betrekking tot Lynn Winkels. Die onderneming verkoop een soort leerskoene. Die finansiële jaar eindig op 29 Februarie 2016. Die onderneming gebruik die geweegetegemiddelde-metode vir voorraadwaardasie en die periodieke voorraadstelsel.

GEVRA:

- ❶/❷ 1.2.1 Bereken die waarde van die eindvoorraad op 29 Februarie 2016 deur die geweegetegemiddelde-metode te gebruik. (8)
- ❶ 1.2.2 Bereken die volgende vir die jaar geëindig 29 Februarie 2016:
- Koste van verkope
 - Bruto wins
- (6)
- ❶/❷ 1.2.3 Bereken die gemiddelde voorraadhouingstydperk (in dae) op 29 Februarie 2016. (5)
- ❶/❷ 1.2.4 Bereken die waarde van die eindvoorraad deur die EIEU-metode te gebruik. (7)

INLIGTING:

A. Voorraad:

Datum	Pare skoene	Totale waarde (vraggeld ingesluit)
1 Maart 2015	520	R320 770
29 Februarie 2016	325	?

B. Aankope:

Datum	Pare skoene	Kosprys per paar	Totale aankope	Vraggeld per paar	Totale koste (vraggeld ingesluit)
31/05/2015	460	R650	R299 000	R18	R307 280
01/08/2015	700	R680	R476 000	R18	R488 600
15/10/2015	500	R710	R355 000	R30	R370 000
01/02/2016	300	R725	R217 500	R30	R226 500
TOTAAL	1 960		R1 347 500		R1 392 380

C. Terugsendings:

Dertig paar skoene wat op 1 Februarie 2016 aangekoop is, was nie van 'n hoë gehalte nie. Dit is aan die verskaffer teruggestuur. Die onderneming se rekening is met R22 650 (vraggeld op aankope ingesluit) gekrediteer.

D. Verkope:

2 115 paar leerskoene is gedurende die finansiële jaar verkoop. Die verkoopprijs het konstant gebly teen R1 400 per paar.

1.3 PROBLEEMOPLOSSING

Jy word voorsien van inligting van drie jeans-winkels met verskillende eienaars in Johannesburg. Elke winkel het 'n vloerspasie van 100 m².

GEVRA:

- ② 1.3.1 Identifiseer EEN probleem in Winkel 1 en EEN probleem in Winkel 2. Haal syfers aan. Gee EEN punt van advies vir ELKE geval. (6)
- ② 1.3.2 Verduidelik TWEE goeie besluite wat Chad met betrekking tot Winkel 3 geneem het. Haal syfers aan. (4)

Inligting per winkel vir Desember 2015:

	WINKEL 1	WINKEL 2	WINKEL 3
Bestuurders	Andy	Bob	Chad
Verkope	R350 000	R240 000	R950 000
Terugsendings van klante	R7 000	R36 000	R19 000
Winsopslagpersentasie	90%	50%	60%
Voorraadhoudingstydperk	180 dae	30 dae	30 dae
Advertensies	R14 000	R4 800	R47 500
Huuruitgawe	R35 000	R24 000	R96 000
Dae per week gewerk	6	5	7
Winkelassistente	4	2	6

40

<https://goo.gl/CR62RN>


Aktiwiteit 2: VOORRAADWAARDASIE EN PROBLEEMOPLOSSING (Feb/Maart 2017)
(40 punte; 30 minute)

2.1 BEGRIPPE

- ①/② Voltooi die volgende sinne deur die ontbrekende woorde in te vul. Skryf slegs die woorde langs die vraagnommer (2.1.1–2.1.3) in die ANTWOORDEBOEK neer.
- 2.1.1 Die metode wat vir baie duur, individueel identifiseerbare items toepaslik is, is die ...-metode.
- 2.1.2 Die metode wat aanvaar dat die ouer voorraad eerste verkoop word, is die ...-metode.
- 2.1.3 Die metode wat die totale koste van goedere wat vir verkope beskikbaar is, deur die getal eenhede deel, is die ...-metode. (3)

2.2 AB SPORTWINKEL

André Brand is die eienaar van hierdie onderneming. Hierdie onderneming gebruik die periodieke voorraadstelsel.

- ② 2.2.1 Bereken die eenheidsprys van krieketkolwe op 1 Julie 2015. (2)
- ①/② 2.2.2 Bereken die waarde van die voorraad voorhande op 30 Junie 2016 deur die geweegdegemiddelde-metode te gebruik. (10)
- ① 2.2.3 Bereken die bruto wins op 30 Junie 2016. (5)
- ①/② 2.2.4 Bereken hoe lank (in dae) dit na verwagting sal neem om die eindvoorraad van 465 krieketkolwe te verkoop. Gebruik die eindvoorraad in jou berekening (4)
- ② 2.2.5 André is bekommerd oor die beheer van krieketkolwe. Verskaf 'n berekening om sy bekommernis te staaf. (5)
- Hoe kan André hierdie probleem oplos? Verduidelik EEN punt. (2)

INLIGTING:

VOORRAAD VAN KRIEKETKOLWE

	EENHEDE	EENHEIDS-PRYS	TOTAAL
Aanvangsvoorraad (1 Julie 2015)	350	?	R420 000
Eindvoorraad (30 Junie 2016)	465	?	?

AANKOPE, TERUGSENDINGS EN VRAGGELD

	EENHEDE	EENHEIDS-PRYS	TOTAAL
Aankope	3 150		R4 302 500
September 2015	1 100	R1 250	R1 375 000
Januarie 2016	950	R1 350	R1 282 500
Maart 2016	650	R1 475	R958 750
Junie 2016	450	R1 525	R686 250
Terugsendings (van Junie-aankope)	20	?	?
Vraggeld op aankope: Totale vervoerkoste van voorraad gedurende die jaar aangekoop, is R110 400. Geen terugbetaling is vir vraggeld op terugsendings ontvang nie.			

C. VERKOPE

Totale verkope van R5 400 000 bestaan uit 3 000 krieketkolwe verkoop teen R1 800 elk.

2.3 PROBLEEMOPLOSSING

Best Fone verkoop selfone van een handelsmerk. Die eienaar, Bennie Roos, het drie takke in verskillende winkelsentrums. Die tabel hieronder toon die jaarlikse syfers van die takke vir die finansiële jaar geëindig 28 Februarie 2017, soos deur die boekhouer voorgehou.

2 GEVRA:

Identifiseer EEN probleem met betrekking tot elke tak. Haal syfers aan om jou antwoord te staaf. Gee in elke geval vir Bennie raad.

(9)

INLIGTING VIR 2017	Parys-TAK	Pretoria-TAK	Pofadder-TAK
Getal selfone beskikbaar vir verkope	440	390	280
Getal bestellings ontvang	110	300	400
Getal selfone verkoop	110	300	280
Eindvoorraad	330	90	0
Verkoopprys per selfoon	R7 200	R6 000	R6 400
Winsopslag-persentasie	80%	50%	60%
Bedrag gedurende die jaar gedeponeer	R792 000	R1 680 000	R1 792 000

40

<https://goo.gl/No3QPj>


Aktiwiteit 3: VOORRAADWAARDASIE (Nov 2017)**(35 punte; 25 minute)****3.1 BEGRIPPE**

- ❶/❷ Kies die korrekte woord(e) uit dié wat tussen hakies gegee word. Skryf slegs die woord(e) langs die vraagnommer (3.1.1–3.1.4) in die ANTWOORDEBOEK neer.

3.1.1 Die (spesifiekeidentifikasie-/geweegdegemiddelde-) voorraadwaardasie-metode is die geskikste vir produkte van soortgelyke waarde wat in groot hoeveelhede aangekoop word.

3.1.2 Koste van verkope word by die verkooppunt in die (deurlopende/periodieke) voorraadstelsel bepaal.

3.1.3 Voorraad gewaardeer volgens die (eerste-in-eerste-uit-/geweegdegemiddelde-)metode bepaal voorraad voorhande deur die kospryse van die mees onlangse voorraadaankope te gebruik.

3.1.4 In die periodieke voorraadstelsel word vraggeld op goedere wat aangekoop is, as 'n (uitgawe/bate) vir die onderneming geboekstaaf.

(4 x 1) (4)

3.2 HOT-WHEELS (EDMS.) BPK.

Jy word voorsien van inligting met betrekking tot Hot-Wheels (Edms.) Bpk. vir die drie maande geëindig 30 September 2017. Die onderneming dryf handel met motorfietse en valhelms ('helmets').

Mike, die eienaar, wil sy voorraadrekords assesseer voor enige prysverhogings gedurende die jaar.

GEVRA:**Motorfietse:**

- ❶/❷ 3.2.1 Bereken die waarde van die eindvoorraad op 30 September 2017 deur die spesifieke identifikasietegniek te gebruik. (7)
- ❷ 3.2.2 Mike vra jou advies oor die drie verskillende motorfietsmodelle waarmee hy handel dryf. Verduidelik TWEE punte van advies (stukkies raad). (4)

Valhelms ('Helmets'):

- ❶/❷ 3.2.3 Bereken die waarde van die eindvoorraad op 30 September 2017 deur die geweegdegemiddelde-metode te gebruik. (9)
- ❶/❷ 3.2.4 Is die geweegdegemiddelde-metode geskik om die valhelms te waardeer? Verduidelik EEN punt. (3)
- ❷ 3.2.5 Mike vermoed dat valhelms uit die winkel gesteel word ten spyte daarvan dat veiligheidskameras geïnstalleer is.
- Verskaf 'n berekening om sy vermoede te staaf. (5)
 - Wat kan Mike doen om die interne beheer van voorraad te verbeter? Noem DRIE punte. (3)

INLIGTING:**A. Motorfietse:**

Inligting vir drie maande geëindig 30 September 2017:

Voorraad op 1 Julie 2017:

MODEL	EENHEDE	KOSPRYS PER EENHEID (R)	TOTAAL (R)
AO2	12	24 300	291 600

Totale aankope:

MODEL	EENHEDE	KOSPRYS PER EENHEID (R)	TOTAAL (R)
AO2	6	24 300	145 800
AO3	15	27 400	411 000
AO4	18	31 600	568 800
	39		1 125 600

Verkope:

MODEL	EENHEDE VERKOOP	TOTALE VERKOPE-BEDRAG (R)
AO2	8	311 040
AO3	11	482 240
AO4	10	505 600
	29	1 298 880

B. Valhelms:

Inligting vir drie maande geëindig 30 September 2017:

Voorraadsaldo's volgens fisiese telling:

	EENHEDE	KOSPRYS PER EENHEID (R)	TOTAAL (R)
1 Julie 2017	30	R500	R15 000
30 September 2017	12		?

Aankope:

DATUM	EENHEDE AANGEKOOP	KOSPRYS PER EENHEID (R)	TOTAAL (R)
20 Julie 2017	25	R510	R12 750
20 Augustus 2017	30	R525	R15 750
20 September 2017	20	R540	R10 800
TOTAAL	75		R39 300

Terugsendings: Vyf foutiewe valhelms uit die aankope in Augustus 2017 is aan die verskaffers teruggestuur vir 'n volle terugbetaling.

Verkope: 85 valhelms is teen R600 elk verkoop.

<https://goo.gl/FDJE4J>



Aktiwiteit 4: VOORRAADWAARDASIE EN INTERNE BEHEER (Feb / Maart 2018)
(35 punte; 25 minute)

- 4.1 Kies die korrekte woord(e) uit dié wat tussen hakies gegee word. Skryf slegs die woord(e) langs die vraagnommer (4.1.1–4.1.3) in die ANTWOORDEBOEK neer.
- ② 4.1.1 Goedere aangekoop word in die deurlopende voorraadstelsel as 'n (bate/uitgawe) vir die onderneming geboekstaaf. (1)
- ①/② 4.1.2 Die (spesifieke-identifikasie/geweegdegemiddelde)-voorraadwaardasie-metode is die geskikste vir unieke produkte met hoë waarde. (1)
- ①/② 4.1.3 Koste van verkope word gewoonlik aan die einde van die finansiële jaar in die (periodieke/deurlopende) voorraadstelsel bereken. (1)

4.2 **MONGI HANDELAARS**

Jy word voorsien van inligting met betrekking tot Mongi Handelaars. Die onderneming verkoop een soort plastiektafel. Hulle finansiële jaar eindig op 31 Desember. Die onderneming gebruik die EIEU-metode om hulle voorraad te waardeer. Hulle gebruik die periodieke voorraadstelsel.

GEVRA:

- ①/② 4.2.1 Bereken die waarde van die slotvoorraad op 31 Desember 2017 volgens die EIEU-metode. (6)
- ① 4.2.2 Bereken die volgende vir die jaar geëindig 31 Desember 2017:
- Koste van verkope
 - Bruto wins (8)
- ①/② 4.2.3 Die eienaar oorweeg dit om die voorraadwaardasiemetode na die geweegdegemiddelde-metode te verander.
- Bereken die waarde van die eindvoorraad op 31 Desember 2017 deur die geweegdegemiddelde-metode te gebruik. (6)
 - ① • Wat sal die effek op die bruto wins wees indien die eienaar na hierdie waardasiemetode verander? Verskaf syfers. (3)

INLIGTING:

A. Voorraad:

DATUM	GETAL EENHEDE	PER EENHEID	TOTALE WAARDE
1 Januarie 2017	540	R350	R189 000
31 Desember 2017	440	?	?

B. Aankope en terugsendings in 2017:

Aankope:						
DATUM	GETAL EENHEDE	PER EENHEID	TOTALE AANKOPE	VRAGGELD PER EENHEID	TOTALE VRAGGELD	TOTALE AANKOOPKOSTE
31 Mrt.	550	R370	R203 500		R13 750	R217 250
30 Jun.	900	R380	R342 000		R22 850	R364 850
30 Sep.	500	R350	R175 000	R25	R12 500	R187 500
30 Nov.	300	R400	R120 000	R30	R9 000	R129 000
Totale	2 250		R840 500		R58 100	R898 600

Terugsendings:					
DATUM	GETAL EENHEDE	PER EENHEID	TOTALE TERUGSENDINGS	VRAGGELD PER EENHEID	TOTALE VRAGGELD
5 Jul.	50	R380	R19 000	0	0

Hierdie terugsendings is van die aankope van Junie 2017. Daar is geen terugbetaling van vraggeld nie.

C. Verkope:

2 300 eenhede teen R600 elk = R1 380 000

4.3 INTERNE BEHEER

Jy word voorsien van inligting met betrekking tot Leno Meubileerders. Hulle verkoop tafels, stoele en beddens slegs vir kontant. Die eienaar is bekommerd dat die syfers verskaf, swak interne beheer en besluitneming toon.

- ①/② Identifiseer EEN probleem vir elke produk. Haal syfers aan. Gee in ELKE geval raad oor hoe om die probleem op te los. (9)

INLIGTING:

Inligting uit die rekords vir die finansiële jaar:

	TAFELS	STOELE	BEDDENS
Aanvangsvoorraad (eenhede)	50	209	300
Eenhede aangekoop	670	2 390	380
Eenhede verkoop	600	2 400	480
Eenhede volgens fisiese telling by jaareinde	90	199	200
Verkoopprijs per eenheid	R1 500	R800	R3 000
Totale verkope (bedrae werklik gedeponeer)	R900 000	R1 800 000	R1 440 000

35

<https://goo.gl/A5tPAf>



Aktiwiteit 5: VOORRAADWAARDASIE (Junie 2018)**(40 punte; 30 minute)****5.1 SPEEDY FIETSE**

Jy word voorsien van inligting vir die jaar geëindig 31 Mei 2018. Die eienaar is Fred Fakude. Die onderneming verkoop verskillende fietsmodelle. Fred gebruik die periodieke voorraadwaardasiestelsel en die spesifieke identifikasietegniek om voorraad te waardeer.

GEVRA:**1 5.1.1** Bereken:

- Waarde van die slotvoorraad van fietse op 31 Mei 2018 (8)
- Koste van verkope vir die jaar geëindig 31 Mei 2018 (4)
- Bruto wins vir die jaar geëindig 31 Mei 2018 (3)

1/2 5.1.2 Fred is tevrede dat hy ongeveer 18 Cruze-fietse per maand verkoop. Hy is egter bekommerd dat die nuwe Ryder-model, ten spyte van die laer verkoopprijs daarvan, nie so vinnig soos die Cruze-model verkoop nie.

- Bereken die verkoopprijs van 'n Ryder-fiets. (3)
- Bereken die gemiddelde getal Ryder-fietse wat per maand verkoop word. (3)
- Dui aan hoe lank dit Fred sal neem om die slotvoorraad van die Ryder-fietse te verkoop. Toon berekening. (3)
- Gee EEN moontlike rede vir die stadige verkoop van Ryder-fietse, en gee vir Fred raad (EEN punt) in hierdie verband. (4)

INLIGTING:

A. Drie verskillende fietsmodelle is gedurende die 2018 finansiële jaar verkoop:

MODEL	WINS- OPSLAG	EENHEDE VERKOOP	VERKOPE	ANDER INLIGTING
Tempo	60%	66	R89 600	Hierdie model word nie meer vervaardig nie.
Cruze	60%	220	R3 308 800	
Ryder	35%	98	R979 020	Hierdie model is op 1 Sep. 2017 bekend-gestel.
TOTALE VERKOPE			R5 185 420	

B. **Aanvangsvoorraad:**

DATUM	MODEL	EENHEDE	KOSPRYS PER EENHEID	TOTAAL
1 Jun 2017	Tempo	70	R8 500	R595 000
	Cruze	0		

C. Aankope en terugsendings:

DATUM	MODEL	EENHEDE	KOSPRYS PER EENHEID	TOTAAL
AANKOPE:				
1 Jun. 2017	Cruze	260	R9 400	R2 444 000
1 Sep. 2017	Ryder	200	R7 400	R1 480 000
TERUGSENDINGS:				
Feb. 2018	Ryder	45	R7 400	(R333 000)
Netto aankope				R3 591 000

5.2 BESTUUR VAN VOORRADE: CELIA SE KLERE

Celia Mtolo besit 'n klein klere-onderneming. Jy word voorsien van inligting vir die jaar geëindig 28 Februarie 2018. Die onderneming verkoop T-hemde, baadjies en broeke.

Celia het aan die begin van die 2018 finansiële jaar sekere besluite geneem

GEVRA:

Haal relevante syfers vir AL die vrae hieronder aan.

1/2 5.2.1 T-hemde:

Verduidelik waarom dit NIE 'n goeie idee was om na 'n goedkoper verskaffer van T-hemde te verander NIE. Noem TWEE punte.

(4)

1/2 5.2.2 Baadjies:

Celia het besluit om in 2018 van verskaffer te verander en om die winsopslag-% te verander. Hoe het hierdie besluit die onderneming geraak? Noem TWEE punte.

(4)

1 5.2.3 Broeke:

Celia het in die 2018 finansiële jaar die verkoopprijs van broeke beduidend verlaag in reaksie op 'n nuwe mededinger wat soortgelyke broeke teen R990 verkoop.

Gebaseer op die inligting hieronder, maak TWEE afsonderlike voorstelle aan Celia om in 2019 die wins op broeke te verbeter.

(4)

INLIGTING:

	T-HEMDE		BAADJIES		BROEKE	
	2018	2017	2018	2017	2018	2017
Bruto eenhede verkoop	1 200	1 080	150	165	280	325
Terugsendings deur klante	40	0	0	5	15	15
Verkoopprijs	R75	R120	R1 650	R1 085	R910	R1 054
Kosprys	R50	R80	R1 000	R700	R650	R620
Winsopslag-%	50%	50%	65%	55%	40%	70%
Bruto wins	R29 000	R43 200	R97 500	R61 600	R68 900	R134 540



(Vr 5.2, NSS Nov 2018)

Aktiwiteit 6: VOORRAADWAARDASIE**(20 punte; 15 minute)****PACKER TASWINKEL**

Charles Packer verkoop reistasse. Die jaareinde is 30 Junie 2018.

GEVRA:

- ①/② 6.1 Bereken die waarde van die eindvoorraad op 30 Junie 2018 met gebruik van die eerste-in-eerste-uit(EIEU)-metode. (5)
- ② 6.2 Charles vermoed dat tasse gesteel is. Verskaf 'n berekening om sy bekommernis te staaf. (5)
- 6.3 Charles is bekommerd oor die hoeveelheid voorraad voorhande.
- ②
- Bereken vir hoe lank sy eindvoorraad na verwagting sal hou (6)
 - Noem EEN probleem met te veel voorraad voorhande en EEN probleem met onvoldoende voorraad voorhande. (4)

INLIGTING:

- Voorraadsaldo's:

	EENHEDE	EENHEIDS-PRYS	TOTAAL
Beginvoorraad	420	R2 175	R913 500
Eindvoorraad	496		?

- Aankope, terugsendings en vraggeld:

	EENHEDE	EENHEIDS-PRYS	TOTAAL
Aankope	3 155		R8 460 850
September 2017	850	R2 250	R1 912 500
Desember	980	R2 670	R2 616 600
Maart 2018	875	R2 930	R2 563 750
Junie* (sien terugsendings)	450	R3 040	R1 368 000
Terugsendings* (uit Junie- aankope)	25	R3 040	R76 000

- **Verkope:** 3 050 reistasse is teen R4 200 elk verkoop.

20
<http://bit.ly/2018NSSVr5AFR> (Vr5.2)


(Vr 2, Mei/Jun 2019)

Aktiwiteit 7: VOORRAADWAARDASIE**(40 punte; 30 minute)****7.1 BEGRIPPE**

Kies die korrekte term uit dié wat tussen hakies gegee word. Skryf slegs die term langs die vraagnommers (2.1.1 tot 2.1.3) in die ANTWOORDEBOEK neer.

- ①/② 7.1.1 Die mees onlangse aankope sal as eindvoorraad in die (EIEU-/geweegegemiddelde-)voorraadwaardasie-metode beskou word.
- ② 7.1.2 Handelsware wat aangekoop word, word in die Handelsvoorraad-rekening in die (deurlopende/periodieke) voorraadstelsel geboekstaaf.
- ② 7.1.3 Vrag op aankope word as 'n (bate/uitgawe) in die periodieke voorraadstelsel geboekstaaf. (3 x 1) (3)

7.2 PHOTO-FIX HANDELAARS

Die inligting het betrekking op Photo-fix Handelaars vir die finansiële jaar geëindig 30 April 2019. Die onderneming word deur Tom Samuels besit en verkoop twee kameramodelle (Grand en De-Lux) en fotorame.

- Die voorraad kameras word gewaardeer deur die spesifieke identifikasiemetode te gebruik.
- Fotorame word gewaardeer deur die geweege gemiddelde-metode te gebruik.

GEVRA:

- ①/② 7.2.1 Bereken die waarde van eindvoorraad van **kameras** op 30 April 2019. (9)
- ①/② 7.2.2 Bereken die waarde van eindvoorraad van **fotorame**. (8)
- ①/② 7.2.3 Die eienaar vermoed dat **fotorame** gesteel word. Verskaf 'n berekening om sy vermoedens te staaf. (5)
- ①/② 7.2.4 Tom oorweeg dit om 'n assistent teen 'n loon van R3 500 per maand aan te stel om die voorraad **fotorame** te beheer. Verduidelik waarom dit NIE 'n goeie idee is NIE. Verskaf TWEE punte met syfers/ berekeninge. (6)

INLIGTING:

Die volgende inligting het betrekking op die jaar geëindig 30 April 2019:

A. KAMERA'S: VOORRAAD, AANGEKOOP EN VERKOOP

	AANGEKOOP			EENHEDE VERKOOP
	EENHEDE	EENHEDE	EENHEDE	
GRAND MODEL				
Beginvoorraad	20	R5 500	R110 000	14
Aankope	240	R5 750	R1 380 000	170
DE-LUX MODEL				
Netto aankope:	270		R1 104 000	235
September 2018	180	R4 000	R720 000	140
Terugsendings	(30)	R4 000	(R120 000)	
Januarie 2019	120	R4 200	R504 000	95

B. FOTORAME: VOORRAAD, AANGEKOOP EN VERKOOP

	EENHEDE	BEDRAE
Netto aankope:	60	R7 200
September 2018	720	R108 000
Terugsendings	30	R4 500
Januarie 2019	80	?
Netto aankope:	657	

7.3 BESTUUR VAN VOORRADE

Die inligting het betrekking op Lyle Meubileerders vir die finansiële jaar geëindig 28 Februarie 2019. Die onderneming verkoop kaste, tafels en stoele. Geen voorraad het gedurende die jaar weggegaan nie.

GEVRA:

- ①/② Verskaf EEN ander probleem (met syfers) wat verband hou met ELKE produk en EEN oplossing vir ELKE probleem.

(9)

INLIGTING:

	KASTE	TAFELS	STOELE
Beginvoorraad (eenhede)	200	160	1 300
Aankope (eenhede)	2 500	3 050	6 000
Verkoopprijs per eenheid	R1 750	R850	R350
Kredietverkope (eenhede)	800	2 400	2 100
Terugsendings deur klante (eenhede)	(500)	(10)	0
Kontantverkope (eenhede)	1 000	600	2 250
Eindvoorraad (eenhede)	400	200	2 950
Kontant ontvang van kontantverkope	R1 750 000	R470 000	R787 500

40

<http://bit.ly/2019JunVr2AFR> (Vr2)



REKONSILIASIES/VERSOENINGS (Vraestel 2)

BANKVERSOENING

Basiese konsepte

- Waarom word 'n bankversoeningstaat opgestel?
- Bankrekeningsaldo: Gunstig – debietsaldo; Ongunstig - kredietsaldo
- Bankstaatsaldo: Gunstig – kredietsaldo; Ongunstig - debietsaldo

Weet hoe om die volgende te hanteer / Ken die reëls vir:

- Vooruitgedateerde tjek uitgereik (= teken aan in KBJ, toon in BVS)
- Vooruitgedateerde tjek ontvang (= geen inskrywing; bewaar veilig tot die datum op die tjek; deponeer dit dan)
- Verouderde tjek - ouer as 6 maande (uitgereik = kanselleer in KOJ; ontvang = kanselleer in KBJ)
- Direkte deposito's
- Aftrekorders / debietorders
- Tjeks geweier
- Tjeks verloor
- Foutiewe bedrae in joernale of op die bankstaat
- EFO (Elektroniese fonds oordragte) ontvang (KOJ) en gemaak (KBJ); voordele van EFOs

Formaat van Bankversoeningstaat (BVS)

	Dt	Kt
Saldo volgens bankstaat	ongunstig	gunstig
Kt uitstaande depositos		
Dt uitstaande tjeks 1		
2		
3		
Dt of Kt Regstel van fout		
Saldo per bankrekening	gunstig	ongunstig
	Kolomtotaal	Kolomtotaal

Nuwe, berekende saldo uit die Bankrekening geneem

Dt	Formaat van BANKrekening	Kt
Saldo a/b (gunstig)	OF Saldo a/b (ongunstig)	
Totale ontvangste KOJ	Totale betalings KBJ	
Saldo o/d (Kt – Dt) (ongunstig)	OF Saldo o/d (Dt – Kt) (gunstig)	
TOTAAL	TOTAAL	
Saldo a/b (Dt – Kt) (gunstig)	OF Saldo a/b (Kt – Dt) (ongunstig)	

Nuwe, berekende bankrekeningsaldo

Kommentaar

Vooruitgedateerde tjek uitgereik aan einde van 'n jaar

In finansiële state: TEL BY Bank en TEL BY Krediteurekontrole se saldo. AS bank oortrokke is, trek dan af van Bankbedrag.

AARP beginsel vir die afskryf van 'n bedrag: Omsigtigheid – as 'n deposito-bedrag nie opgespoor kan word nie

Interne beheer om sulke gevalle te vermy: Skeiding van pligte

Etiek

Oorrol van kontant (deposito's laat gemaak na aan die einde van 'n maand)

DEBITEURE-REKONSILIASIE/-VERSOENINGS (Vraestel 2)

Saldo van **Debiteurekontrole-rekening** MOET ooreenstem met die totaal van die **Debiteurelys**

KEN DIE DEBITEURE-SIKLUS**Brondokumente betrokke by debiteure**

Faktuur	Kredietnota	Tjek (V/T)	Kwitansie	Kleinkasbewys
Verkoop op krediet	Goedere deur debiteure teruggestuur	Debiteur se tjek is deur bank teruggestuur - dit moet gekanselleer word	Debiteure betaal hul skuld	Kein kontant-betalings wat namens die debiteur betaal is

Joernale betrokke by debiteure

DJ ; DAJ ; KOJ ; KBJ ; AJ ; KKJ

Dt	Debiteurekontrole	Kt
Saldo	a/b	Bank & korting KOJ
Verkope	DJ	Debiteure-afslag DAJ
Bank(V/T)	KBJ	Joernaalkrediete AJ
Kleinkas	KKJ	
Joernaaldebiete	AJ	

Debiteure Grootboek

	Fol	Dt	Kt	Saldo
Saldo	a/b			****
Faktuur	DJ	***		*** +
Kwitansie	KOJ		***	*** -
Korting toegestaan	KOJ		***	*** -
Kredietnota	DAJ		***	*** -
Geweierde tjek	KBJ	***		*** +
Joernaaldebiete	AJ	***		*** +
Joernaalkrediete	AJ		***	*** -

Hoe om te versoen/rekonsilieer

- Geen inskrywing in boeke: stel fout reg in kontrolerekening en op lys
- Fout op brondokument: herstel fout in kontrolerekening en op lys
- Oorgeboek na verkeerde debiteur se rekening: stel fout reg op lys
- Totale in journales is foutief: stel fout reg in kontrolerekening

Interne beheer

- Kontroleer kredietwaardigheid / Beperk oninbare skulde deur deeglike agtergrond ondersoek te doen
- Elke debiteur moet sy individuele rekening hê
- Korrekte / Volledige rekords moet gehou word
- Stuur gereelde state / SMSse / eposse
- Gee kortings vir tydige/stiptelike betalings
- Hef rente op oortrokke rekeninge / Oorhandig aan invorderaars/prokureurs

DEBITEURE-OUERDOMSANALISE

TWEE belangrike items om in ag te neem wanneer debiteure/krediteure ontleed word:

- Kredietterme;
- Kredietlimiete

- Hierdie analise verskaf besonderhede van bedrae deur debiteure verskuldig en vir hoe lank.
- Kredietterme: Meeste ondernemings gee debiteure 30 dae om skuld te betaal (faktuur- of staatbasis).
- Staatbasis beteken 30 dae van die datum van die rekeningstaat.

KREDITEURE-VERSOENING (Vraestel 2)

Saldo van een Krediteuregrootboekrekening MOET ooreenstem met die Staat ontvang van die krediteur
En Krediteurekontrolerekening se saldo moet ooreenstem met die Krediteurelystotaal

KEN DIE KREDITEURE-SIKLUS**Brondokumente by krediteure met effek op Krediteurekontrole (KK) en Krediteure-staat (KS)**

Faktuur (koop op krediet) [PLUS: Kt KK; Dt KS]

- Debietnota (goedere teruggestuur) [TREK AF: Dt KK; Kt KS]

- Tjek (betaal/vereffen rekening of skuld) [TREK AF: Dt KK; Kt KS]

Joernale betrokke by krediteure

KJ; KAJ; KBJ; AJ

Interne beheer**1. Besluite oor:**

- Kan verskaffer goedere op gereelde basis lewer
- Gee verskaffer handelskorting vir grootmaat aankope
- Betalingsvoorwaardes
- Gee verskaffer kontantkortings vir vroeë betalings

2. Alle items ontvang – korrekte dokumente:

- Kontroleer dat goedere ontvang wel ooreenstem met faktuur by aflewering
- Kontroleer dat items nie beskadig is nie
- Indien beskadig, stuur dit terug aan verskaffer saam met debietnota
- Indien probleme gereeld opduik, soek alternatiewe verskaffer

2**Aktiwiteit 1: KREDITEURE-REKONSILIASIE (Junie 2016)****(18 punte, 15 minute)**

Thanda Winkels koop goedere op krediet van Minty Verskaffers.

GEVRA:

- 1.1.1 Gebruik die tabel wat voorsien is om die veranderinge wat gedoen moet word, aan te dui:
In die Krediteuregrootboekrekening in die boeke van Thanda Winkels
In die Krediteure-rekonsiliasiestaat op 29 Februarie 2016 (14)
- 1.1.2 'n Ondersoek op 2 Februarie 2016 oor die transaksie vir Faktuur 560 het onthul dat Pearl Fakude (aankoopbestuurder) goedere vir haarself bestel het. Hierdie goedere is nie in die voorraad opgeneem nie.

Noem TWEE interne beheermaatreëls wat die besigheid kan gebruik om te voorkom dat soortgelyke voorvalle in die toekoms plaasvind. (4)

<https://goo.gl/LfnA6V>



INLIGTING:**A. Krediteuregrootboek van Thanda Winkels
Minty Verskaffers**

DATUM	BESONDERHEDE	FOL.	DEBIET	KREDIET	SALDO
Feb. 01	Saldo	a/b			52 200
02	Faktuur 560	KJ		44 200	96 400
04	Debietnota 52	KAJ	2 700		93 700
07	Tjek 443	KBJ	31 350		62 350
	Korting ontvang	KBJ	3 300		59 050
20	Faktuur 996	KJ		11 100	70 150
23	Tjek 575	KBJ	13 200		56 950
24	Faktuur 590	KJ		24 000	80 950
28	Tjek 580	KBJ	13 800		67 150
	Korting ontvang	KBJ	1 380		65 770
29	Faktuur 592	KJ		44 400	110 170

B. Rekeningstaat ontvang van Minty Verskaffers

MINTY VERSKAFFERS					Nr. 2169
Kingsview-weg 205 Durban 3201					
Debiteur: Thanda Winkels				25 Februarie 2016	
DATUM	BESONDERHEDE	DEBIET	KREDIET	SALDO	
Jan. 25	Saldo			67 200	
28	Kwitansie 110		15 000	52 200	
Feb. 02	Faktuur 560	49 200		101 400	
04	Kredietnota 09	2 700		104 100	
07	Kwitansie 122		31 350	72 750	
	Korting toegestaan		1 650	71 100	
18	Faktuur 571	28 800		99 900	
23	Kwitansie 138		13 200	86 700	
24	Faktuur 590	21 600		108 300	
25	Afleweringskoste	3 300		111 600	

C. 'n Onderzoek het die volgende foute en weglatings getoon:

- Faktuur 996 was vir goedere wat Thanda Winkels by 'n ander verskaffer, Mondi Verskaffers, aangekoop het.
- Faktuur 560 is korrek op die rekeningstaat geboekstaaf.
- Faktuur 571 was 'n fout op die rekeningstaat. Dit was vir goedere wat aan 'n ander besigheid verskaf is.
- Die korting toegestaan op 7 Februarie 2016 is korrek volgens die rekeningstaat.
- Thanda Winkels het nagelaat om die handelskorting toegelaat op Faktuur 590 af te trek.
- Goedere vir R2 700 is op 4 Februarie 2016 deur Thanda Winkels aan Minty Verskaffers teruggestuur.
- Volgens die kontrak hef Minty Verskaffers 'n afleweringsfooie op al sy klante.
- Die rekeningstaat sluit slegs transaksies tot en met 25 Februarie 2016 in.

Aktiwiteit 2: BANKVERSOENING (Maart 2017)**(16 punte, 20 minute)****2**

Die volgende inligting het betrekking op Sizwe Handelaars vir Julie 2016.

GEVRA:

- 2.1.1 Bereken die korrekte saldo van die Bankrekening in die Algemene Grootboek op 31 Julie 2016. Noem of hierdie saldo gunstig of ongunstig is. (8)
- 2.1.2 Stel die Bankversoeningstaat op 31 Julie 2016 op. (6)
- 2.1.3 **Verwys na Inligting C.**
Verduidelik EEN interne beheermaatreël wat die onderneming behoort in te stel om te verseker dat dit nie in die toekoms weer gebeur nie (2)

INLIGTING:

A. Uittreksel uit die Bankversoeningstaat op 30 Junie 2016:

Gunstige saldo volgens Bankstaat	R42 555
Uitstaande deposito (gedateer 11 Junie 2016)	R37 800
Uitstaande tjeks:	
Nr. 186 (gedateer 22 Januarie 2016)	R450
Nr. 305 (gedateer 30 Augustus 2016)	R8 400

- B.** Die saldo in die Bankrekening is op 31 Julie 2016 voorlopig as 'n gunstige saldo van R16 785 bereken voordat die items in die lys hieronder in berekening gebring is.
- C.** Tjek nr. 186 verskyn nie op die Bankstaat vir Julie 2016 nie.
- D.** Die volgende items verskyn slegs op die Bankstaat vir Julie:
- Rente op 'n gunstige banksaldo verdien, R285
 - Bankkoste, R950
 - Ongeïdentifiseerde debietorder van R1 950. Die bank het onderneem om die fout op die Bankstaat vir Augustus 2016 reg te stel.
- E.** Tjek nr. 374 verskyn korrek op die Bankstaat as R8 450. Die Kontantjoernaal toon dit as R4 850.
- F.** Die uitstaande deposito van R37 800 verskyn nie op die Bankstaat vir Julie 2016 nie. 'n Ondersoek het getoon dat hierdie geld nooit gedeponeer is nie. Die kassier het verdwyn.
- G.** Die volgende inskrywings is slegs in die Kontantjoernale vir Julie 2016:
- 'n Deposito van R27 180 op 31 Julie 2016 gedoen
 - Tjek nr. 401 (gedateer 18 Julie 2016), R18 600
- H.** Die saldo op die Bankstaat op 31 Julie 2016 is die ontbrekende syfer.

16

<https://goo.gl/pT7BmC>



②

Aktiwiteit3: DEBITEUREVERSOENING EN OUDERDOMSANALISE (Junie 2017)
(30 punte; 25 minute)

3.1 Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is. Kies die antwoord en skryf slegs 'waar' of 'onwaar' langs die vraagnommer (3.1.1–3.1.3) in die ANTWOORDEBOEK neer.

- 3.1.1 Die saldo in die Debiteurekontrolerekening behoort gelyk te wees aan die totaal van die debiteurelys.
- 3.1.2 Oninbare skulde sal in die Debiteure-afslagjoernaal geboekstaaf word.
- 3.1.3 'n Vooruitgedateerde tjek wat van 'n debiteur ontvang is, moet in die KOJ op die datum van ontvangs geboekstaaf word. (3 x 1) (3)

3.2 MIZZY BOUTIQUE

Die Debiteurekontrolerekening en die debiteurelys vir Februarie 2017, opgestel deur die boekhouer, bevat foute/weglatings.

GEVRA:

Gebruik die tabel wat verskaf word om die regstellings wat in die Debiteurekontrolerekening en debiteurelys aangebring moet word, aan te dui.

Verskaf syfers en 'n plus(+)- of minus(–)-teken vir elke regstelling. (13)

INLIGTING:

A.	Debiteurekontrolerekening	Debiteurelys
Saldo/Totaal	R37 710	R39 490

B. Foute of weglatings om reg te stel:

- (a) Geen inskrywing is vir 'n faktuur vir R7 440 wat aan G Gwen uitgereik is, gemaak nie.
- (b) 'n Kwitansie vir R9 400, uitgereik aan debiteur B Crawley, is korrek in die relevante joernaal geboekstaaf. Dit is foutiewelik as R4 900 na sy Debiteuregrootboekrekening oorgeboek.
- (c) 'n Faktuur vir R1 360, uitgereik aan A Naidoo, is korrek in die DJ geboekstaaf. Dit is foutiewelik na die verkeerde kant van haar rekening in die Debiteuregrootboek oorgeboek.
- (d) 'n Tjek vir R1 350, ontvang van D Zulu, is in die KOJ geboekstaaf en so na die Debiteurekontrolerekening en Debiteuregrootboek oorgeboek. D Zulu se rekening is reeds afgeskryf.
- (e) 'n Kredietnota vir R720, uitgereik aan W Wallace, is in die DAJ as R270 geboekstaaf en as sulks oorgeboek.
- (f) Geen inskrywing is vir 'n geweierde tjek van R1 750 op die bankstaat van Februarie 2017 gemaak nie. Dit is oorspronklik van debiteur J Taylor ontvang om sy rekening van R1 950 te vereffen.

3.3 GLENDALE HANDELAARS

Die debiteure-ouderdomsanalise op 30 April 2017 word verskaf.
Kredietperiode is 30 dae.

GEVRA:

- 3.3.1 Verduidelik hoe 'n debiteure-ouderdomsanalise met interne kontrole oor debiteure kan help. (2)
- 3.3.2 Bereken die persentasie totale skuld wat die kredietperiode oorskry. (4)
- 3.3.3 Verduidelik EEN probleem (met syfers) met betrekking tot ELK van die volgende debiteure: (4)
- D Pillay
W Patel
- 3.3.4 Verduidelik TWEE probleme (met syfers) met betrekking tot debiteur D Gouws. (4)
- D Gouws.

INLIGTING:

DEBITEURE-OUERDOMSANALISE OP 30 APRIL 2017:

	KREDIET-LIMIET	BEDRAG VER-SKULDIG	HUIDIGE MAAND	30 DAE	60 DAE	90 DAE
	R	R	R	R	R	R
D Pillay	10 000	11 800	1 980	9 820		
D Gouws	14 000	13 450	4 100	3 902	5 448	
Z Ngosi	2 800	2 550		2 550		
W Patel	14 000	11 192			9 112	2 080
P Peters	5 000	2 608	1 408	1 200		
		41 600	7 488	17 472	14 560	2 080
		100%	?	?	?	?

30

<https://goo.gl/kKCZRF>



②

Aktiwiteit 4: BANKVERSOENING EN INTERNE BEHEER (Nov 2017) (30 punte; 25 minute)

4.1 Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is. Skryf slegs 'waar' of 'onwaar' langs die vraagnommer (4.1.1–4.1.3) in die ANTWOORDEBOEK neer.

- 4.1.1 'n Gunstige saldo op die Bankstaat word as 'n debiet aangedui.
- 4.1.2 'n Vooruitgedateerde tjek wat ontvang word, moet op die datum van ontvangs geboekstaaf word.
- 4.1.3 'n Uitgereikte tjek wat verlore geraak het, moet in die KOJ gekanselleer word. (3 x 1) (3)

4.2 MENZIES HANDELAARS

Die inligting gegee het betrekking op Menzies Handelaars vir Junie 2017.

GEVRA:

- 4.2.1 Bereken die volgende op 30 Junie 2017:
- Korrekte totale vir die KOJ en KBJ
 - Bankrekeningsaldo (14)
- 4.2.2 Stel die Bankversoeningstaat op 30 Junie 2017 op. (9)
- 4.2.3 Verduidelik die probleem met betrekking tot deposito's. Haal bewyse aan. Verduidelik TWEE strategieë om dit in die toekoms te voorkom. (4)

INLIGTING:

A. Die Bankversoeningstaat op 31 Mei 2017 het die volgende getoon:

Ongunstige saldo op die Bankstaat	R1 450
Uitstaande deposito's:	
• 17 Mei 2017	30 000
• 31 Mei 2017	16 200
Uitstaande tjeks:	
• 605 (gedateer 16 Desember 2016)	9 750
• 812 (gedateer 10 April 2017)	8 550
• 816 (gedateer 25 Mei 2017)	13 590
• 819 (gedateer 15 Augustus 2017)	7 650
• 823 (gedateer 31 Mei 2017)	2 900
Ongunstige saldo op die Bankrekening in die Grootboek	R5 210

B. Voorlopige Kontantjoernaal-totale op 30 Junie 2017:

Kontantontvangstejoernaal: R90 500
 Kontantbetalingsjoernaal: R85 920

- C. Inskrywings in die Kontantjoernale vir Junie 2017 wat nie met die Junie-Bankstaat ooreenstem nie:

JOERNAAL	DOKUMENT	DATUM	BESONDER-HEDE	BEDRAG
KOJ	EFO 19	11	Paintco	R5 500
	Depositostrokke 451	25	Kontantverkope	R40 500

LET WEL: EFO 19 is foutiewelik in die KOJ in plaas van die KBJ geboekstaaf.

JOERNAAL	DOKUMENT	DATUM	BESONDER-HEDE	BEDRAG
KBJ	Tjek 870	25	VN Bpk.	R16 800
	EFO 21	30	SJ Winkels	R2 250

- D. Items op die Bankstaat gedateer 30 Junie 2017 wat nie met die Junie-Kontantjoernale ooreenstem nie:

DATUM	BESONDERHEDE	DEBIET	KREDIET
02	Deposito (17/5)		30 000
05	Tjek 812	8 550	
09	Debietorder (versekering)	2 290	
11	Direkte oordrag aan Paintco (EFO 19)	5 500	
12	Tjek 816	13 590	
16	Deposito (31/5)		16 200
18	Direkte oordrag van S Smit (huur)		16 500
22	Tjek 823 (sien hieronder)	9 200	
23	Onbetaalde tjek (B Blast het sy skuld, R795, vereffen)	750	
24	Diensgeld	1 220	

LET WEL:

Tjek 823: Bankstaatsyfer is korrek.

Diensgeld is met R900 te hoog aangegee. Die bank sal die probleem in die volgende maand regstel.

- E. Die Bankstaat op 30 Junie 2017 het 'n saldo getoon van R?.

30

<https://goo.gl/itY43n>



2

Aktiwiteit 5: DEBITEUREVERSOENING (Maart 2018)**(25 punte; 20 minute)****5.1 DEBITEURE-OUDERDOMSANALISE**

Die inligting hieronder het betrekking op Witbank Hardeware.

GEVRA:

- 5.1.1 Verduidelik waarom die debiteure-ouderdomsanalise as 'n doeltreffende interne beheermaatreël beskou word. Noem EEN punt. (2)
- 5.1.2 Verduidelik TWEE verskillende probleme wat deur die debiteure-ouderdomsanalise uitgelig word. Verskaf in ELKE geval die naam van 'n debiteur en syfer(s). (6)

INLIGTING:

- A. Debiteure word 30 dae gegun om hulle rekeninge te vereffen.
- B. Debiteure-ouderdomsanalise op 31 Oktober 2017:

DEBITEURE	KREDIET-LIMIET	BEDRAG VERSKULDIG	HUIDIGE MAAND	30 DAE	60 DAE	90 DAE
Z Zulu	6 000	5 000	2 100	2 900		
P Botha	3 500	4 200	3 800	400		
M Valley	7 000	1 450	500			950
S Walker	13 000	12 500	1 000	3 000	4 500	4 000
O Klein	3 000	3 000	1 900		1 100	
		26 150	9 300	6 300	5 600	4 950
		100%	36%	24%	21%	19%

5.2 DEBITEUREVERSOENING

Inligting uit die rekords van Amber Handelaars vir November 2017 word voorgehou. Enkele foute en weglatings is opgemerk. Sien inligting B.

GEVRA:

- 5.2.1 Bereken die korrekte Debiteurekontrolesaldo op 30 November 2017. Toon syfers en dui '+', '-' of 'Geen verandering nie' by ELKE aansuiwering aan. (7)
- 5.2.2 Bereken die korrekte totaal van die debiteurelys op 30 November 2017. (10)

INLIGTING:**A. Saldo's op 30 November 2017 voor foute en weglatings:**

Debiteurekontrole, R25 700

Debiteurelys:

	DEBIET	KREDIET
L Nkosi	R5 700	
S Muller	R11 100	
M Welthagen		R1 900
B Sandleni	R15 900	
	R32 700	R1 900

B. Foute en weglatings:

- (i) Die totaal van die Debiteurejoernaal is met R2 700 te min bereken.
- (ii) Rente van R350 moet op die agterstallige rekening van S Muller gehef word.
- (iii) 'n Bedrag van R3 100, ontvang van L Nkosi, is foutief as R1 300 in die Kontantontvangstejoernaal geboekstaaf en as sulks na die Algemene Grootboek en die Debiteuregrootboek oorgeboek.
- (iv) Handelsvoorraad deur B Sandleni teruggestuur, is na die verkeerde kant van sy Debiteuregrootboekrekening oorgeboek, R1 200.
- (v) Geen inskrywing is gemaak vir 'n kredietverkoopfaktuur wat aan M Welthagen uitgereik is nie, R1 500.



2

Aktiwiteit 6: VERSOENING EN OUDERDOMSONTLEDING (VS, Sep 2017)**(35 punte; 30 minute)****6.1 Sê of die onderstaande stellings WAAR of ONWAAR is. Skryf slegs WAAR of ONWAAR langs die vraagnommer (6.1.1–6.1.3) in die ANTWOORDBOEK neer.**

- 6.1.1 'n Verouderde tjek is ouer as ses maande en is daarom nie meer geldig nie. (1)
- 6.1.2 'n Fout wat op die Bankstaat deur die bank gemaak is, word gekorrigeer deur 'n terugskryf inskrywing in die betrokke Kontantjoernaal. (1)
- 6.1.3 'n Vooruitgedateerde tjek wat uitgereik is, moet in die Kontant-betalingsjoernaal op die dag van uitreiking aangeteken word. (1)

6.2 ANDREWS WINKELS

Die inligting hou verband met Andrews Winkels op 30 Junie 2017.

GEVRA:

- 6.2.1 Bereken die korrekte Bankrekeningsaldo op 30 Junie 2017. (7)
- 6.2.2 Stel die Bankversoeningstaat op 30 Junie 2017 op. (10)

INLIGTING:

A.	Gunstige Bankrekeningsaldo (voor inligting B)	R45 930
	Kredietsaldo volgens Bankstaat op 30 Junie 2017	R?

B. 'n Vergelyking tussen die bankrekening van die besigheid en die Bankstaat toon die volgende:

Die interne ouditeur het die volgende foute en weglatings uitgewys:

- (a) Die Bankstaat is met bankkoste ten bedrae van R1 380 gedebiteer.
- (b) Die Bankstaat toon 'n kredietinskrywing van R123 750 vir 'n vaste deposito met rente wat op 22 Junie 2017 verval het.
- (c) Tjeknr. 11 vir R2 300 is aan Karly-Khwani, 'n liefdadigheidsorganisasie uitgereik, maar dis nou verouderd. Die organisasie bestaan nie meer nie.
- (d) Tjeknr. 72 vir R36 590 is op 5 Junie 2017 aan Sicwetsha Handelaars uitgereik, maar dit verskyn nie op die Junie Bankstaat nie.
- (e) Tjeknr. 65 vir R15 870 uitgereik op 31 Mei 2017 ten gunste van Jos-Vanneer Groothandelaars is 30 Augustus 2017 gedateer.
- (f) 'n Deposito van R45 700 wat op 30 Junie 2017 gemaak is, verskyn nie op die Bankstaat vir Junie nie.
- (g) 'n Geweerde tjek vir R1 280 ontvang van 'n debiteur ter vereffening van sy skuld van R1 350 is foutiewelik in die Kontantontvangstejoernaal aangeteken en so oorgeboek.

6.3 KREDITEURVERSOENING

Inligting geneem uit die boeke van Govender Handelaars op 30 April 2017 word aan jou voorsien.

GEVRA:

Versoen die saldo van die Krediteurekontrolerekening met die krediteurelys. Toon 'n toename aan met (+) en 'n afname met (–) saam met elke bedrag. (9)

INLIGTING:

A. Saldo's en totale op 30 April 2017 (voor inligting B).

Krediteurekontrolerekening in die Algemene Grootboek	R184 870
Totaal van die krediteurelys	R170 490

B. Foute en weglatings:

- (a) Die Krediteureafslagjoernaal is verkeerdlik opgetel as R15 400 in plaas van R18 500.
- (b) 'n Faktuur vir R20 000 vir handelsvoorraad by 'n krediteur, CRP Verskaffers, aangekoop, is korrek in die betrokke joernaal aangeteken. Die boekhouer het vergeet om dit na die verskaffer se rekening in die Krediteuregrootboek oor te boek. Neem in ag dat 'n deposito van 20% op die faktuur betaal is.
- (c) Die boekhouer het 'n debietnota van R2 360 na die verkeerde kant van die krediteur se rekening oorgeboek. Die oorboeking na die Algemene Grootboek is korrek gedoen.
- (d) 'n Kredietsaldo van R27 000 van die Debiteuregroot- boekrekening van SK Handelaars moet na hulle rekening in die Krediteuregrootboek oorgedra word.

6.4 DEBTITEURE-OUERDOMSONTLEDING

Jy word voorsien van die Debiteure-ouderdomsontleding van Plaatjie Winkels op 31 Mei 2017.

GEVRA:

Identifiseer TWEE verskillende probleme met betrekking tot die kontrole van debiteure. Voorsien relevante name en/of bedrae. Voorsien in elke geval EEN punt van advies vir die eienaar. (6)

INLIGTING:

- A. Die besigheid staan 30 dae toe as krediettermyn aan alle debiteure terwyl die kredietlimiet van elke debiteur verskil.
- B. Debiteure-ouderdomsontleding op 31 Mei 2017

Debiteur	Krediet- limiet	Saldo	Lopend	30 dae	60 dae	90 dae	120+ dae
M. Mark	15 500	17 560	7 560	4 200	3 600	1 200	1 000
T. Thabe	14 000	12 480	5 480			7 000	
F. Fourie	10 000	11 700	3 100	5 600	3 000		
Totaal		41 740	16 140	9 800	6 600	8 200	1 000
		100%	38,7%	23,5%	15,8%	19,6%	2,4%

35

<https://goo.gl/8jn56n>



2

(Vr 2.2, Nov 2018)

Aktiwiteit 7: KREDITEUREVERSOENING**(21 punte, 15 minute)****KREDITEUREVERSOENING**

Claire Handelaars koop goedere op krediet by Mariti Verskaffers.

GEVRA:

7.1 Gebruik die tabel wat verskaf is om die veranderinge aan te dui in die:

- Krediteuregrootboekrekening in die boeke van Claire Handelaars
- Krediteureversoeningstaat op 31 Julie 2018

(13)

7.2 Die interne ouditeur dring daarop aan dat direkte betalings (EFO's) gebruik moet word om verskaffers te betaal. Verduidelik:

- EEN rede om sy besluit te ondersteun
- EEN interne prosedure om beheer oor hierdie stelsel te verseker

(2)

(2)

7.3 Verwys na Faktuur 301. Daar word ontdek dat die winkelbestuurder, Vernon, 'n fiktiewe bestelvorm geteken het en die goedere by ontvangs daarvan vir homself geneem het. Behalwe om Vernon te ontslaan, verskaf:

- EEN voorstel om teen hom op te tree
- EEN voorstel om hierdie probleem in die toekoms te voorkom

(4)

INLIGTING:**A. Krediteuregrootboek van Claire Handelaars**

MARITI VERSKAFFERS (KG5)				DEBIET	KREDIET	SALDO
2018	1	Saldo	a/b			67 500
Julie	10	Faktuur 209			81 000	
		EFO		33 750		
	17	Debietnota 674		8 640		
		Faktuur 282			40 950	
		Faktuur 301			25 000	
	21	Faktuur 360			50 250	
	24	Debietnota 995			8 100	
	27	Joernaalbewys 570		5 400		
	31	Tjek en korting		77 190		147 820

B. Rekeningstaat van Mariti Verskaffers

MARITI VERSKAFFERS					
Claire Handelaars			25 Julie 2018		
Krugerweg 108					
			DEBIET	KREDIET	SALDO
2018	1	Saldo			67 500
Julie	10	Faktuur 209	81 000		
		Kwitansie 695		33 750	
	17	Kredietnota 741		6 840	
		Faktuur 301	25 000		
	21	Faktuur 360	20 250		
	24	Kredietnota 811		8 100	145 060

C. Verskille genoteer:

- (a) Die foutiewe inskrywing vir Debietnota 674 in die Krediteuregrootboekrekening van Mariti Verskaffers het betrekking op die korrekte Kredietnota 741 op die rekeningstaat.
- (b) Faktuur 282 is foutief in die rekening van Mariti Verskaffers in die Krediteuregrootboek getoon. Die goedere is van Genesis Verskaffers aangekoop.
- (c) Faktuur 360 is foutief op die rekeningstaat van Mariti Verskaffers aangeteken.
- (d) Mariti Verskaffers het ook goedere op krediet by Claire Handelaars aangekoop. Claire Handelaars het 'n debietsaldo van die Debiteuregrootboek oorgedra (Joernaalbewys 570). Mariti Verskaffers sal dit op die volgende staat verreken.
- (e) Die transaksie op 24 Julie 2018 is vir goedere wat aan Mariti Verskaffers teruggestuur is.
- (f) Die rekeningstaat toon transaksies tot en met 25 Julie 2018.

35
<http://bit.ly/2018NSSVr2AFR> (Vr2.2)
**2**

(Vr 1.3, Mei/Jun 2019)

Aktiwiteit 8: BANKVERSOENING**(20 punte; 15 minute)**

Die volgende inligting het betrekking op Thandeka Handelaars vir Mei 2019.

GEVRA:

- 8.1 Bereken die korrekte Bankrekeningsaldo op 31 Mei 2019. Dui aan of dit gunstig of ongunstig is. (9)
- 8.2 Stel die Bankversoeningstaat op 31 Mei 2019 op. Die bankstaatsaldo is die ontbrekende syfer. (7)
- 8.3 **Verwys na Inligting B(iii).**
Noem TWEE interne beheermaatreëls wat die onderneming kan gebruik om te verseker dat dit nie weer in die toekoms sal gebeur nie. (4)

INLIGTING:

- A.** Voordat die bankstaat ontvang is, het die Bankrekening op 31 Mei 2019 'n gunstige saldo van R19 400 getoon.
- B.** Uittreksel uit die Bankversoeningstaat op 30 April 2019:

Uitstaande deposito (gedateer 23 April 2019):	R31 560
Uitstaande betalings:	
Tjek 654 (gedateer 23 November 2018)	R2 350
EFO (elektroniese fondsoordrag)	R15 400
Tjek 705 (gedateer 30 Junie 2019)	R9 450

LET WEL:

- (i) Tjek 654 verskyn nie in die Mei-Bankstaat nie.
- (ii) Die EFO-betaling van R15 400 verskyn in die Mei-Bankstaat.
- (iii) Die uitstaande deposito van R31 560 verskyn nie in die Mei-Bankstaat nie. 'n Ondersoek toon dat dit kontant is wat deur 'n debiteur betaal is en nooit gedeponeer is nie. Die bedrag moet afgeskryf word.
- C.** Die volgende items moet ook in berekening gebring word:
- (i) Items wat in die Mei-Bankstaat verskyn, maar nie in die joernale nie:
- Bankkoste, R1 060
 - 'n Deposito van R4 500 wat deur 'n ander onderneming gemaak is. Die bank sal hierdie fout in Junie 2019 regstel.
 - Rente op gunstige saldo, R313
- (ii) Items wat in die joernale verskyn, maar nie in die Mei-Bankstaat nie:
- 'n Deposito van R21 343 wat op 31 Mei 2019 gemaak is
 - Tjek 797 (gedateer 15 Junie 2019), R14 350
- (iii) 'n EFO-betaling het korrek as R5 678 in die Bankstaat verskyn. Die Kontantjoernaal toon hierdie EFO as R6 578.



VERVAARDIGING (Vraag 2)

Basiese konsepte en berekeninge

Direkte materiaalkoste (DMK)	Beginvoorraad + Aankope + Vrag op aankope - Slotvoorraad = Grondstowwe gebruik
Direkte arbeidskoste (DAK)	Normale lone (aantal werkers x aantal ure x tarief) Plus: Oortyd (aantal werkers x aantal ure x tarief) Plus: WVF-/Mediese-/Pensioenbydraes
Fabrieksbo-koste (FBK)	Indirekte materiaal (Beginvoorraad + aankope – slotvoorraad) Indirekte arbeid (skoonmakers, sekuriteitswagte, voorman) PLUS WVF/Pensioenbydraes Waardevermindering op Fabrikstoerusting Water & Elektriesiteit (slegs fabriek) Alle ander fabrieksuitgawes
Eenhedskoste	Totale koste gedeel deur aantal eenhede voltooi/geproduseer
Vaste koste	FBK + Admin koste (AK)
Veranderlike koste	DMK + DAK + Verkoops en verspreidingskoste (VVK)

FORMAAT van die PRODUKSIEKOSTESTAAT

Direkte materiaalkoste	
+Direkte arbeidskoste	
=Primêre koste	
+Fabrieksbo-koste	
=Totale koste van produksie	
PLUS Goedere-in-bewerking aan begin v. jaar	
MIN Goedere-in-bewerking aan einde v. jaar	()
=Totale koste van produksie v. klaarprodukte	KvV

FORMAAT van die VERKORTE INKOMSTAAT

Verkope	
Min Kostes van verkope (KvV)	(.....)
Bruto wins	
Min Verkoops & verspreidingskoste	
Min Administrasiekoste	
Netto wins	

ANALISE VAN PRODUKSIEKOSTESTAAT

Berekening van die koste per eenheid van sekere koste-items sal toon:

- = watter kostes hoër/laer as begrote bedrae is,
- = watter items buitensporig hoog is en baie goed beheer moet word
- = hoe koste-items vergelyk met vorige jare se begrotings

Bereken die gelykbreekpunt (GBP):

- = GBP bepaal die **hoeveelheid (aantal eenhede)** geproduseer waar **geen** wins of verlies getoon word nie;
- = Inkomste is net genoeg om kostes te dek.

= FORMULE:

$$\frac{\text{TOTALE VASTE koste}}{(\text{Verkoopprijs per eenheid} - \text{veranderlike koste per eenheid})} = \dots \text{Aantal produkte/eenhede}$$

MOONTLIKE IDEES OM PRODUKSIEKOSTE TE SPAAR/VERMINDER:

- Koop in grootmaat (groot hoeveelhede) om hoeveelhedskortings/handelskortings te kry
- Kontantaankope, om kontantkortings te kry
- Gebruik alternatiewe verskaffers wat meer voordelige koopvoorwaardes bied
- Doen 'n werkstudie in die fabriek om te bepaal of effektiewe produksiemetodes gebruik word, bv verminder vermorsing van materiaal- en arbeidtyd.

2

Aktiwiteit 1: VERVAARDIGING (Nov 2016)**(45 punte; 35 minute)****1.1 BEGRIPPE**

Gee EEN kostekategorie vir elk van die volgende beskrywings deur 'n kostekategorie uit die lys hieronder te kies. Skryf slegs die kostekategorie langs die vraagnommer (1.1.1–1.1.4) in die ANTWOORDEBOEK neer.

direkte materiaalkoste; direkte arbeidskoste; fabrieksbokoste;
administrasiekoste; verkoop- en verspreidingskoste

- 1.1.1 Salarisse wat aan kantoorwerkers betaal word
- 1.1.2 Koste van grondstof wat in die produksieproses gebruik word
- 1.1.3 Kommissie wat aan verkoops persone betaal word
- 1.1.4 Huur wat vir fabrieksgeboue betaal word (4 x 1) (4)

1.2 GUGU VERVAARDIGERS

Jy word van inligting voorsien met betrekking tot Gugu Vervaardigers vir die jaar geëindig 29 Februarie 2016. Die onderneming vervaardig handsakke in een styl.

GEVRA:

- 1.2.1 Bereken die:
- Direkte arbeidskoste (8)
 - Direkte materiaalkoste (6)
- 1.2.2 Stel die Produksiekostestaat op. (8)
- 1.2.3 Die eienaar is bekommerd oor die produksievlak in 2016.
- Bereken die gelykbreekpunt vir 2016. (5)
 - Verduidelik of die eienaar bekommerd moet wees of nie. (3)
- 1.2.4 Die eienaar is nie tevrede met die interne beheer oor die grondstof nie. Bereken die volgende ten opsigte van die grondstof (materiaal):
- Meter materiaal wat uit die stoorkamer gesteel word (5)
 - Meter materiaal wat in die fabriek vermors word (4)
- Verskaf 'n strategie om die interne beheer in ELKE geval hierbo te verbeter. (2)

INLIGTING:**A. Werkers betrokke by die vervaardigingsproses:**

GETAL WERKERS	LOON	VERDIENSTE PER WERKER	
5	Basies (normale loon)	R40 per uur	1 920 uur
	Oortyd	Basiese koers + 75%	90 uur
LET WEL: Aftrekkings: 8,5% van basiese loon Werkgewersbydrae: 11,5% van basiese loon			

B. Grondstof (materiaal):

Grondstof wat aangekoop word, word in 'n stoorkamer gehou voordat dit vir produksie aan die fabriek uitgereik word. Voorraad word volgens die geweegegemiddelde-metode gewaardeer.

Stoorkamer-voorraadrekords:

	METER	TOTALE BEDRAG (R)
Saldo op 1 Maart 2015	1 350	131 500
Aankope:	5 400	584 000
Mei 2015	2 500	265 000
September 2015	2 900	319 000
Grondstof aan fabriek uitgereik	5 500	?
Vorraadsaldo op 29 Februarie 2016	940	?

C. Daar is geen goedere-in-bewerking-voorraad nie.**D. Ander koste vir die finansiële jaar (na al die aansuiwerings):**

Fabrieksbokoste	Vaste koste	R343 340
Administrasiekoste	Vaste koste	R226 660
Verkoop- en verspreidingskoste	Veranderlike koste	R217 340

E. Addisionele inligting op 29 Februarie 2016:

- 4 200 handsakke is vervaardig en teen R450 elk verkoop.
- Totale verkope beloop R1 890 000.
- Totale veranderlike koste per eenheid was R300.
- 1,25 meter materiaal is gebruik om een handsak te maak.



2

Aktiwiteit 2: VERVAARDIGING (Junie 2016)**(50 punte; 40 minute)****2.1 ABE BYKOMSTIGHEDE**

Abe Bykomstighede vervaardig selfoonomhulsels. Die inligting hieronder is met betrekking tot die finansiële jaar geëindig 29 Februarie 2016.

GEVRA:

2.1.1 Stel die Fabrieksbokoste-nota op. Toon ALLE berekeninge tussen hakies. (15)

2.1.2 Stel die Produksiekostestaat op vir die jaar geëindig 29 Februarie 2016. (8)

INLIGTING:

A. Voorraadsaldo's:	29 FEBRUARIE 2016	1 MAART 2015
Goedere-in-bewerking-voorraad	R9 320	R30 640

B. Transaksies vir die jaar geëindig 29 Februarie 2016:

Verbruiksgoedere in die fabriek gebruik	R129 300
Salarisse en lone:	
Produksielone	?
Ander fabriekswerkers	R97 500
Administrasie	R250 000
Verkoopsafdeling	R130 000
Diverse uitgawes:	
Fabriek	R31 500
Kantore	R28 000
Water en elektrisiteit	R50 000
Versekering	R24 000

C. Addisionele inligting en aansuiwerings

- Die fabriekskoonmaker is uit die lys vir salarisse en lone vir Februarie 2016 weggelaat. Haar besonderhede is soos volg:

Bruto salaris	Aftrekkings	Netto salaris	Werkgewersbydrae
R3 800	R420	R3 380	R380

Die werkgewersbydrae word by die salarisse en lone gevoeg

- 'n Bedrag van R4 000 vir water en elektrisiteit vir Februarie 2016 is steeds uitstaande. Die fabriek gebruik 60% van die water en elektrisiteit.
- Versekering is vanaf 1 Maart 2015 tot 30 Junie 2016 betaal. Hierdie uitgawe moet onderskeidelik aan die fabrieks-, administrasie- en verkoopsafdelings in die verhouding 3 : 2 : 1 toegedeel word

D. Die onderneming het 10 500 selfoonomhulsels teen 'n koste van R82,40 per eenheid vervaardig

2.2 NUWE MODE VERVAARDIGERS

Die eienaar van hierdie onderneming is Gloria Smit. Sy maak en verkoop rokke. Die finansiële jaar eindig op 29 Februarie 2016.

GEVRA:

- 2.2.1 • Gloria is bekommerd oor die vermorsing van direkte materiaal. Bereken die getal meter materiaal wat vermors is. (5)
- Gloria voel dat die vermorsing beduidend is. Verskaf 'n berekening om haar mening te ondersteun. (3)
- 2.2.2 Gee TWEE moontlike redes vir dié vermorsing en gee in ELKE geval raad om te voorkom dat dit in die toekoms gebeur. (4)
- 2.2.3 Gelykbreekpunt en produksie:
- Bereken die gelykbreekpunt vir die jaar geëindig 29 Februarie 2016. (4)
- Verduidelik waarom die onderneming tevrede behoort te wees met die getal eenhede wat gedurende die huidige finansiële jaar gemaak is. Noem TWEE punte (4)
- 2.2.4 Die direkte materiaal wat gebruik word om die rokke te maak, word plaaslik teen 'n koste van R150 per meter aangekoop. Gloria oorweeg dit om die materiaal in te voer aangesien dit R120 per meter (alle koste ingesluit) sal kos. Indien sy sou besluit om die materiaal in te voer:
- Watter uitwerking sal dit op die produksiekoste van 'n rok hê? Verskaf 'n berekening om jou antwoord te ondersteun. (3)
- Noem TWEE ander gevolge van die invoer van die direkte materiaal. (4)

INLIGTING:

A. Direkte materiaal:

2,5 meter materiaal word vir elke rok gebruik.

	Getal meter materiaal
Beginvoorraad	525
Aankope	12 450
Grondstowwe aan fabriek uitgereik	?
Eindvoorraad	1 475

B. Produksievlakke:

	2016	2015
Totale getal eenhede vervaardig en verkoop	4 500	3 800
Gelykbreekpunt	?	3 200

C. Addisionele inligting:

	Totaal	Per eenheid
Verkope	R2 925 000	R650
Vaste koste	R900 000	R200
Veranderlike koste	R1 575 000	R350

50

<https://goo.gl/Gus67x>



2

Aktiwiteit 3: VERVAARDIGING (Nov 2017)**(55 punte; 45 minute)****3.1 GEVEN VERVAARDIGERS**

Die besigheid vervaardig houttafels.

GEVRA:

Stel die volgende vir die jaar geëindig 28 Februarie 2017 op:

3.1.1 Produksiekostestaat (14)

3.1.2 Verkorte Inkomstestaat (14)

INLIGTING:**A. Voorraad voorhande:**

	28 FEBRUARIE 2017	1 MAART 2016
Goedere-in-bewerking	?	R160 000
Klaarprodukte	400 tafels, gewaardeer deur die EIEU-metode te gebruik	1 200 tafels teen R280 = R336 000

B. Produksie en verkope vir die jaar:

- 7 200 tafels is teen 'n eenheidskoste van R330 elk vervaardig.
- 8 000 tafels is vir R4 080 000 verkoop.

C. Koste (voor aansuiwerings):

Administrasie	R148 400
Fabrieksbokoste	R487 200
Direkte materiaal	R1 050 000
Direkte arbeid	?
Verkoop en verspreiding	R422 000

Aansuiwerings:

- Betaling aan EZ Transport, R102 000, is foutiewelik aan Verkoop en Verspreiding toegewys. Hierdie koste was eintlik vir die aflewering van hout aan die fabriek bedoel.
- Die skoonmaakkontrak vir die jaar, R126 000, is tussen Fabrik en Administrasie in die verhouding 2 : 1 gedeel. 80% moes egter aan Fabrik toegewys gewees het.

D. Primêre koste: R1 800 000 (na aansuiwerings)**3.2 GYMWEAR VERVAARDIGERS**

Gymwear Vervaardigers word deur Jan Fiks besit. Hulle vervaardig skoene en hemde vir gimnasiumoefening. Jan het hulp nodig met die vertolking van sy 2017-resultate. Let daarop dat een paar skoene een eenheid uitmaak.

GEVRA:**3.2.1 Hemde:**

- Bereken die gelykbreekpunt vir hemde. (4)
- Jan is nie tevrede met die veranderlike koste per eenheid nie, al het die totale veranderlike koste per eenheid met R6 afgeneem.
 - Identifiseer EEN veranderlike koste (met syfers) wat nie goed beheer is nie. Gee TWEE moontlike redes vir hierdie probleem. (4)
 - Verduidelik waarom Jan bekommerd kan wees oor die groot afnames in die ander TWEE veranderlike koste. (4)
- Jan kan nie verstaan hoekom die eenheidskoste van produksie toegeneem het, terwyl sy vaste koste en die veranderlike koste nie toegeneem het nie. Verduidelik waarom dit so is. Noem EEN punt (met syfers). (4)

3.2.2 Skoene:

- Bereken die % toename in die verkoopprijs van skoene. (3)
- Jan het besluit om die kwaliteit van die skoene te verbeter en dit uit te voer. Verduidelik hoe die direkte materiaal koste en die verkoops- en verspreidingskoste deur hierdie besluit geraak is. Verskaf syfers. (4)
- Jan was bekommerd dat die toename in pryse die onderneming negatief sou beïnvloed. Verduidelik of sy bekommernis geregtig is. Noem TWEE punte. (4)

INLIGTING:

	HEMDE		SKOENE	
	2017	2016	2017	2016
Gelykbreekpunt	?	11 522	3 842	4 317
Eenhede vervaardig en verkoop	16 100	25 000	7 750	6 500
Netto wins	R500 400	R620 000	R2 379 750	R1 183 000
Verkoopprijs per eenheid (p.e.)	R302	R290	R1 640	R1 260
Verkoopprijs van mededingers	R310	R290	R1 100	R1 250
Totale vaste koste (fabrieks- bokoste en administrasie)	R530 000	R530 000	R2 340 000	R2 340 000
Totale vaste koste p.e	?	?	R302	R360
Totale veranderlike koste p.e	R238	R244	R1 031	R718
Direkte materiaal koste p.e.	R92	R116	R456	R330
Direkte arbeidskoste p.e.	R131	R100	R381	R360
Verkoops- en verspreidings- koste p.e.	R15	R28	R194	R28
Eenheidskoste van produksie	R242	R228	R1 100	R1 004



2

Aktiwiteit 4: VERVAARDIGING (Maart 2018)**(45 punte; 35 minute)****4.1 GLAMOUR ROKSKEPPINGS**

Glamour Rokskeppings vervaardig een soort damesrok. Die finansiële jaar het op 28 Februarie 2017 geëindig.

GEVRA:

4.1.1 Stel die Produksiekostestaat op vir die jaar geëindig 28 Februarie 2017. (21)

4.1.2 Bereken die netto wins vir die jaar geëindig 28 Februarie 2017. (7)

INLIGTING:**A. Voorraadsaldo's, onder andere, geneem uit die Algemene Grootboek:**

	28 FEB 2017	1 MAART 2016
Goedere-in-bewerking-voorraad	?	R76 000
Klaarproduktevoorraad	R190 000	R110 000

B. Inligting geneem uit die finansiële rekords op 28 Februarie 2017:

Administrasiekoste	R 259 010
Grondstofkoste/Direkte materiaalkoste	918 550
Fabrieksbokoste	227 240
Verkoop- en verspreidingskoste	410 000
Netto lone aan fabriekwerkers betaal (direkte arbeid)	753 300
SAID: LBS	48 600
WVF-aftrekkings	1%
Verkope	?
Koste van verkope	1 860 000

C. Die volgende inligting is nie in berekening gebring nie:

- 'n Probleem met betrekking tot die waardasie van die eindvoorraad van grondstowwe is geïdentifiseer: 5 000 meter materiaal voorhande, met 'n eenheidskoste van R2,75 per meter, is foutiewelik as R3,80 per meter geboekstaaf. Dit moet reggestel word.
- Huuruitgawe is uit die bostaande syfers weggelaat. Totale huur wat vir die finansiële jaar betaal is, het R87 100 beloop. Die huur vir Maart 2017 is vooruit betaal. Die huur is op 1 Desember 2016 met R650 verhoog. 80% van hierdie uitgawe moet aan die fabriek toegeken word en die res moet as 'n kantooruitgawe beskou word.
- Die werkgewer dra 1% namens die werknemers tot WVF by.

D. Die onderneming gebruik 'n winsopslagpersentasie van 75% op kosprys. Spesiale kortings van R85 000 is gedurende die finansiële jaar aan kontantklante gebied wat op grootmaat aangekoop het.

4.2 LIGHTING SOLUTIONS

George Mkize is die eienaar van Lighting Solutions, 'n vervaardigings-onderneming wat een soort energiebesparende gloeilamp vervaardig. Die finansiële jaar het op 31 Desember 2017 geëindig.

LET WEL:

- Produksie word gebaseer op bestellings ontvang; daarom is daar geen saldo's vir goedere-in-bewerking nie.
- Die huidige inflasiekoers is 8%.

GEVRA:

- 4.2.1 Bereken die fabrieksbokoste per eenheid vir die jaar geëindig 31 Desember 2017. (2)
- 4.2.2 Verduidelik waarom George nie bekommerd sal wees oor die toename van 28,1% in die totale veranderlike koste van R936 000 na R1 200 000 nie. (3)
- 4.2.3 Gee TWEE redes vir die toename in die verkoop- en verspreidingskoste per eenheid. (2)
- 4.2.4 George wil weet of die produksievlak vir hierdie finansiële jaar bevredigend is.
- Bereken die gelykbreekpunt vir die jaar geëindig 31 Desember 2017. (4)
 - Lewer kommentaar op die produksievlak vir 2017. Noem TWEE punte. Haal syfers aan. (4)
- 4.2.5 Lighting Solutions oorweeg dit om grondstowwe in te voer omdat dit goedkoper en van 'n hoër gehalte is. Noem TWEE aspekte wat hulle moet oorweeg voordat hulle hul besluit finaliseer. (2)

INLIGTING:

Inligting uit die rekords van Lighting Solutions op 31 Desember:

	2017		2016	
	TOTAAL (R)	EENHEIDS-KOSTE (R)	TOTAAL (R)	EENHEIDS-KOSTE (R)
Vaste koste:	575 000	11,50	428 400	10,20
Fabrieksbokoste	395 000	(3.2.1)	310 800	7,40
Administrasiekoste	180 000		117 600	2,80
Veranderlike koste:	1 200 000	24,00	936 600	22,30
Direkte materiaal koste	435 000	8,70	344 400	8,20
Direkte arbeidskoste	560 000	11,20	441 000	10,50
Verkoop- en verspreidingskoste	205 000	4,10	151 200	3,60
Verkoopprijs per eenheid	R45,00		R41,50	
Getal eenhede vervaardig en verkoop	50 000		42 000	
Gelykbreekpunt (eenhede)	?		22 313	



2

Aktiwiteit 5: VERVAARDIGING (Maart 2017)**(45 punte; 35 minute)****5.1 MOSES VERVAARDIGERS**

Die volgende inligting het betrekking op Moses Vervaardigers, 'n klein onderneming wat fotorame vervaardig. Die finansiële jaar het op 30 April 2016 geëindig.

GEVRA:

- 5.1.1 Stel die Produksiekostestaat op vir die jaar geëindig 30 April 2016. (16)
- 5.1.2 Voltooi die verkorte Inkomstestaat om die netto wins vir die jaar geëindig 30 April 2016 te bereken. (8)

INLIGTING:

A.	Voorraadrekords	30 APRIL 2016	30 APRIL 2015
	Grondstofvoorraad	R58 560	R37 600
	Goedere-in-bewerkingsvoorraad	?	R142 000

- Aankope van grondstowwe vir die finansiële jaar beloop R555 000.
- Foutiewe materiaal ter waarde van R21 000 is na die verskaffers teruggestuur.

B. Die onderneming het 39 000 eenhede teen 'n kosprys van R45 elk vervaardig.

C. Die volgende inligting is op 30 April 2016 bereken.

	R
Direkte materiaalkoste	?
Direkte arbeidskoste	716 960
Fabrieksbokoste (Sien D hieronder.)	468 450
Verkoops- en verspreidingskoste (Sien D hieronder.)	609 850
Administrasiekoste (Sien D hieronder.)	443 950
Koste van produksie van klaarprodukte	?
Bruto wins	1 250 000

D. Die volgende items moet in berekening gebring word:

- Administrasiekoste sluit die jaarlikse versekeringspremie van R22 750 in, alhoewel 60% aan die fabriek toegeken moet word.
- Fabrieksbokoste sluit die volle bedrag vir huur betaal in, R36 300. Dit moes egter volgens vloerspasie toegeken word. Die spasies is: fabriek 400 vierkante meter, kantoor 120 vierkante meter, winkel 80 vierkante meter.

5.2 EENHEIDSKOSTE EN GELYKBREEK-ONTLEDING

Bill Vervaardigers is 'n besigheid wat potloodsakkies maak. Bill is bekommerd oor sy produksiekoste.

GEVRA:

- 5.2.1 Verduidelik die verskil tussen *vaste koste* en *veranderlike koste*. (2)
- 5.2.2 Bereken die gelykbreekpunt vir 2017. (5)
- 5.2.3 Lewer kommentaar op die gelykbreekpunt en die produksievlak vir 2016 en 2017. Verduidelik waarom die eienaar tevrede moet wees, of nie. (6)
- 5.2.4 Identifiseer die veranderlike koste wat die eienaar die meeste bekommernis behoort te verskaf. Verduidelik en verskaf 'n berekening om jou antwoord te staaf. (4)
- 5.2.5 Ten spyte van die feit dat daar 'n afname in die vaste koste per eenheid was, is die eienaar steeds nie met sy beheer oor die vaste koste tevrede nie. Verduidelik en verskaf berekening(e) om sy mening te staaf. (4)

INLIGTING:

	POTLOODSAKKIES EENHEIDSKOSTE	
	2017	2016
Veranderlike koste	R11,60	R11,00
Direkte materiaalkoste	6,03	5,80
Direkte arbeidskoste	4,05	3,50
Verkoops- en verspreidingskoste	1,52	1,70
Vaste koste	R5,40	R5,50
Fabrieksbokoste	3,50	3,65
Administrasiekoste	1,90	1,85
Verkoopprys per eenheid	R17,80	R16,50
	Eenhede	Eenhede
Eenhede vervaardig en verkoop	80 000	65 000
Gelykbreekeenhede	?	65 000

LET WEL: Neem die inflasiekoers van 8% in ag.

45

<https://goo.gl/oTuqLG>



(Vr 1, NSS Nov 2018)

2

Aktiwiteit 6: VERVAARDIGING**(40 punte; 30 minute)**

6.1 Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is. Skryf slegs 'waar' of 'onwaar' langs die vraagnommers (6.1.1 tot 6.1.3) in die ANTWOORDEBOEK neer.

6.1.1 Oninbare skulde is 'n administrasiekoste.

6.1.2 Indirekte arbeid is 'n fabrieksbokoste.

6.1.3 Huuruitgawe is 'n vaste koste. (3)

6.2 **KRIGE HEMDE**

Die onderneming vervaardig hemde. Die finansiële jaareinde is 31 Julie 2018.

GEVRA:

6.2.1 **Verwys na Inligting C.**

Bereken direkte arbeidskoste. (9)

6.2.2 Produksiekostestaat vir die jaar geëindig 31 Julie 2018 (12)

INLIGTING:

A.	31 JULIE 2018	1 AUGUSTUS 2017
Goedere-in-bewerking-voorraadsyfer	?	R35 570

B. **Grondstowwe** uitgereik aan fabriek: R528 300

C. **Direkte arbeid:**

Getal fabriekswerkers	4
Gewone tyd verwag per werker per jaar	1 960 ure
Gewone tydtarief	R90 per uur
Bonusse aan werkers: 12% van gewone lone	
LET WEL: Een werker het slegs 1 680 ure gewerk en ontvang 'n verminderde bonus van R12 146.	

D. **Fabrieksbokoste** is bereken op R360 880 vir die jaar. Dit sluit egter versekering van R48 750 wat vir die tydperk 1 Augustus 2017 tot 31 Augustus 2018 betaal is, uit. Versekering moet aan die fabriek, administrasie en verkope in die verhouding 4 : 3 : 2 toegeken word.

E. **Produksie vir die jaar:** 17 500 hemde teen 'n koste van R95 per hemp.

6.3 GEMMA VERVAARDIGERS

Hierdie onderneming vervaardig veiligheidshekke. Die finansiële jaareinde is 31 Augustus 2018.

GEVRA:

- 6.3.1 Bereken die gelykbreekpunt vir die jaar geëindig 31 Augustus 2018. (5)
- 6.3.2 Vergelyk en lewer kommentaar op die gelykbreekpunt en die produksievlak wat oor die afgelope twee jaar bereik is. Haal syfers aan. (6)
- 6.3.3 Gee TWEE redes vir die toename in direkte materiaalkoste. Stel EEN wyse voor om hierdie koste te beheer. (5)

INLIGTING VIR DIE JAAR GEËINDIG 31 AUGUSTUS:

A.

KOSTE		2018		2017
		TOTALE BEDRAG	EENHEIDS- KOSTE	EENHEIDS- KOSTE
Direkte materiaal	Veranderlik	75 600	R180	R148
Direkte arbeid		105 840	R252	R244
Verkoop en verspreiding		60 900	R145	R136
TOTALE VERANDERLIKE KOSTE		242 340	R577	
Fabrieksbokoste	Vaste	67 200	R160	R156
Administrasie		51 660	R123	R127

B. Addisionele inligting:

	2018	2017
Totale verkope	R382 200	R475 200
Verkoopprijs per eenheid	R910	R880
Eenhede vervaardig en verkoop	420 eenhede	540 eenhede
Gelykbreekpunt	?	435 eenhede

40

<http://bit.ly/2018NSSVr1AFR>



(Vr 3, Mei/Jun 2019)

2

Aktiwiteit 7: VERVAARDIGING**(40 punte; 30 minute)**

- 7.1 Kies die korrekte term uit dié wat tussen hakies gegee word. Skryf slegs die term langs die vraagnommers (7.1.1 tot 7.1.4) in die ANTWOORDEBOEK neer.
- 7.1.1 Lone wat aan die fabriekskoonmaker betaal is, word as (direkte/ indirekte) arbeid beskou.
- 7.1.2 Oninbare skulde moet as 'n (verkoops- en verspreidingskoste/ fabrieksbokoste) getoon word.
- 7.1.3 Huur wat vir die fabrieksgebou betaal is, word as 'n (vaste/ veranderlike) koste beskou.
- 7.1.4 Vrag op aankope van grondstowwe word as 'n (direkte materiaal-/ indirekte materiaal-)koste beskou. (4)

7.2 ZINZI VERVAARDIGERS

Inligting word vir die finansiële jaar geëindig 31 Desember 2018 verskaf. Die onderneming vervaardig leerbaadjies volgens bestellings ontvang. Daar is geen goedere-in-bewerkingvoorraad nie.

GEVRA:**7.2.1 Grondstofvoorraad:**

Bereken:

- Die waarde van die slotvoorraad deur die eerste-in-eerste-uit-voorraadwaardasiemetode te gebruik (5)
- Die direkte materiaalkoste (4)

7.2.2 Verwys na inligting C.

Bereken die korrekte fabrieksbokoste vir die jaar. (8)

7.2.3 Die eienaar is bekommerd oor die toename in die volgende:

- Totale vaste koste per eenheid
- Direkte arbeidskoste per eenheid

Verskaf bewyse (syfers) om sy bekommernis te regverdig. In elke geval, gee ook 'n moontlike rede vir die toename in ELKE eenheidskoste, buiten gewone inflasie. (6)

7.2.4 Gelykbreek:

- Bereken die gelykbreekpunt op 31 Desember 2018. (4)
- Verduidelik of daar enige verbetering in die neigings van die produksievlak en die gelykbreekpunt van een jaar na die volgende was, of nie. Haal syfers aan. (4)
- Die eienaar kan nie verstaan waarom hy vanjaar 'n beter wins maak nie. Verduidelik hoe dit gebeur het. Verskaf TWEE punte. Haal syfers aan. (5)

INLIGTING:**A. Grondstof:**

Voorraadsaldo:	Meters	Koste per meter	Totale bedrag
1 Januarie 2018	920	R65	R59 800
31 Desember 2018	1 195	?	?

B. Aankope vir die jaar:

Datum	Meter	Koste per meter	Totale bedrag
Februarie 2018	5 200	R75	R390 000
Mei 2018	2 480	R80	R198 400
September 2018	930	R90	R83 700
TOTAAL	8 610		R672 100

C. Fabrieksbokoste:

Die boekhouer het die fabrieksbokoste op R84 330 bereken. Hy het nie die volgende uitgawes in berekening gebring nie:

Versekering	R31 200
Huuruitgawe	R114 000
Water en elektrisiteit vir die administrasie-afdeling	R7 110

- 60% van die versekering het betrekking op die fabriek.
- Die huur moet tussen die fabriek, verkope en administrasie in die verhouding 5 : 2 : 1 toegeken word.
- 15% van die water en elektrisiteit het betrekking op die kantoor. 50% moet aan die fabriek toegeken word.

D.

	2018		2017 PER EENHEID
	TOTALE BEDRAG	PER EENHEID	
Vaste koste:	R264 000	R44	R36
Fabrieksbokoste			R26
Administrasie			R10
Veranderlike koste:		R165	R150
Direkte materiaal			R94
Direkte arbeid	R330 000	R50	R38
Verkoop en verspreiding			R18

E. Addisionele inligting:

	2018	2017
Getal baadjies vervaardig en verkoop	6 000 eenhede	7 560 eenhede
Gelykbreekpunt	?	3 888 eenhede
Verkoopprys per baadjie	R300	R220
Inflasiekoers	5%	



BEGROTINGS (Vraestel 2)

Basiese begrippe

- Redes vir die opstel van / Doe van 'n kontantbegroting / Geprojekteerde Inkomstestaat?
- Doel van Debiteure-invorderingskedule / Krediteurebetalingskedule

Debiteure-invorderingskedule

- Hierdie skedule is gebaseer op **kredietverkope alleenlik**
- KAN gevra word om eers totale verkope te bereken en dan terug te werk na kredietverkope
Bv. As kontantverkope 80% is, dan sal totale verkope bereken word as: $\text{Kontantverkope} \times \frac{100}{80}$
Bereken nou kredietverkope, wat 20% van totale verkope is:
= Totale verkope min kontantverkope
NB: ALTERNATIEWE berekening wat tyd kan spaar: $\text{Kredietverkope} = \text{Kontantverkope} \times \frac{20}{80}$
- ONTHOU om debiteure-invorderingskedule se kolomme per maand OP TE TEL

Kontantbegroting

- Daar sal nie van jou verwag word om 'n volledige kontantbegroting op te stel nie, maar jy sal 'n kontantbegroting moet kan ontleed en sekere berekeninge kan doen.
- Doen slegs berekeninge wat van jou verwag word.
- Ontvangste van debiteure word in die debiteure-invorderingskedule bereken.
- Betalings aan krediteure: die bedrae KAN in direk in die begroting bereken word, OF 'n krediteurebetalingskedule moet opgestel word.
- Enige tekorte (betalings meer as ontvangstes) moet tussen HAKIES getoon word en afgetrek word van banksaldo.
- Een maand se eindsaldo is ALTYD die volgende maand se openingsaldo.

Berekeninge

Winsopslag %	$\frac{\text{Verkope} - \text{Koste van verkope}}{\text{Koste van verkope}} \times 100$	Antwoord moet getoon word in: ...%
% Toename /Afname	$\frac{\text{Nuwe bedrag} - \text{Ou bedrag}}{\text{Ou bedrag}} \times 100$	...%
Gegee: Rente op lening: % p.j., asook die rente-bedrag GEVRA: Bereken totale Lening	Rente-bedrag $\times \frac{100}{\% \text{ rente}} \times 12$ maande NB: Gebruik dies. berekening vir vaste deposito	R

Items NIE in Kontantbegroting nie (Nie-kontant items)

Waardevermindering; Oninbare skulde; Korting toegestaan; Korting ontvang

Geprojekteerde Inkomstestaat

Formaat van Geprojekteerde Inkomstestaat is dieselfde as die Inkomstestaat, maar sal per maand opgestel word.

Items nie in Geprojekteerde Inkomstestaat nie

Aankoop van bates; Aankoop van voorraad; Ontvangste van debiteure; Betalings aan krediteure
Onttrekkings/Kapitaalbydrae; Uitreiking van nuwe aandele; Terugkoop van aandele

Interne beheer

- Vergelyk die **werklike** met die **begrote** bedrae. Moontlike probleme met uitgawes of inkomste moet geïdentifiseer kan word en aanbevelings moet gemaak kan word gebaseer op hierdie vergelykings/probleme. Dui aan of die uitgawe/inkomste deeglik beheer word of nie.

2**Aktiwiteit 1: BEGROTING (Junie 2016)****(40 punte; 30 minute)**

Jy word voorsien van 'n gedeeltelik voltooide Geprojekteerde Inkomstestaat van Senoge Winkels soos deur die boekhouer opgestel vir die tydperk 1 Mei 2016 tot 30 Junie 2016. Die eienaar van die onderneming is Susan Senoge.

GEVRA:

- 1.1 Bereken die ontbrekende bedrae wat deur(a) tot(d)in die Geprojekteerde Inkomstestaat voorgestel word. (12)
- 1.2 Neem die addisionele inligting in ag en bereken die volgende:
 - 1.2.1 Die maandelikse salaris verskuldig aan die verkoopsbestuurder in Junie 2016 (4)
 - 1.2.2 Die totale verwagte kredietverkope in Julie 2016 (4)
 - 1.2.3 Die kosprys van die nuwe voertuig wat op 1 Mei 2016 aangekoop is (4)
- 1.3 Lewer kommentaarop die beheer oor die telefoon en water en elektrisiteit. Watter raad sal jy aan Susan gee? Noem EEN punt. (4)
- 1.4 Susan wil die onderhoudsbegroting na R500 per maand verminder en dan die besparing aanwend vir personeelopleiding. Wat moet sy oorweeg voordat sy hierdie verandering aanbring? Noem TWEE punte. (4)
- 1.5 'n Nuwe mededinger het in Mei 2016 sake vanaf 'n nabygeleë perseel begin doen. Verwys na die werklike syfers vir Mei 2016 en:
 - Verduidelik hoe Susan op hierdie bedreiging gereageer het. Noem DRIE punte. Verskaf syfers/berekeninge om jou antwoord te ondersteun. (6)
 - Verduidelik of Susan se reaksie suksesvol was of nie. Verskaf syfers. (2)

INLIGTING:

- A. Salarisse en lone:
 - Die skoonmaker sal in Junie 2016 'n verhoging van 8% ontvang.
 - Die onderneming het 'n verkoopsbestuurder en 'n administrasiebestuurder in diens. Die verkoopsbestuurder verdien R400 meer as die administrasiebestuurder (per maand). Die bestuurders is vanaf 1 Junie 2016 geregtig op 'n verhoging van 7% p.j.
- B. Die onderneming gebruik 'n winsopslagpersentasie van 60% op kosprys.
- C. Kredietverkope beloop 80% van totale verkope. Na verwagting sal verkope met 10% per maand en met 12% gedurende Julie 2016 toeneem.
- D. 'n Afleweringsvoertuig is op 1 Mei 2016 aangekoop. Waardevermindering op voertuie beloop 15% per jaar op kosprys. Die rekenmeester het dit nie in ag geneem met die opstel van die Geprojekteerde Inkomstestaat vir Mei 2016 nie.
- E. Huurinkomste het op 1 Junie 2016 met 9% verhoog.

F. Inligting (onder andere) uit die Geprojekteerde Inkomstestaat vir Mei 2016 tot Junie 2016:

	MEI BEGROOT	MEI WERKLIK	JUNIE BEGROOT
Verkope	180 000	195 000	198 000
Koste van verkope	(112 500)	(150 000)	(b)
Bruto wins	67 500		
Ander inkomste		19 200	
Huurinkomste	(d)		10 028
Kommissie-inkomste	12 500	8 000	13 000
Korting ontvang	1 800		1 980
Bruto bedryfsinkomste			
Bedryfsuitgawes	(45 650)		
Salarisse (tweebestuurders)	18 000	18 000	
Lone (skoonmaker)	1 800	1 800	(c)
Instandhouding	5 000	2 000	5 000
Motorvoertuiguitgawes	0	4 000	0
Administrasie-uitgawes	8 450	8 420	8 500
Telefoon, water en elektrisiteit	2 000	4 880	2 000
Versekering	1 800	1 800	1 800
Advertensies	2 400	9 600	2 400
Waardevermindering	6 200	9 000	
Handelsvoorraadtekort	0	1 680	
Bedryfswins	(a)		
Rente-inkomste	350	350	350
Wins voor rente-uitgawe	46 500		
Rente-uitgawe	(500)	(500)	(500)
Nettowins	46 000		

40

<https://goo.gl/kwQf6A>


2

Aktiwiteit 2: BEGROTING (November 2016)**(40 punte; 30 minute)**

Jy word voorsien van inligting met betrekking tot Mayhem (Edms.) Bpk.

GEVRA:**2.1 Verwys na Inligting G.**

2.1.1 Identifiseer TWEE items wat die boekhouer foutiewelik in die Kontantbegroting opgeteken het. (2)

2.1.2 Identifiseer TWEE items in die Kontantbegroting wat NIE in 'n Geprojekteerde Inkomstestaat sou verskyn NIE. (2)

2.2 Voltooi die Debiteure-invorderingskedule vir Oktober 2016. (9)

2.3 Bereken die ontbrekende bedrae wat deur **(a)** tot **(d)** in die Kontantbegroting aangedui word. (18)

2.4 Die direkteure het die begrote syfers vir September 2016 met die werklike syfers vergelyk.

	BEGROTE	WERKLIK
Verkope	R288 000	R489 600
Salarisse: Verkoopspersone	R40 000	R12 000
Kommissie: Verkoopspersone	R0	R66 150
Verpakkingsmateriaal	R14 400	R17 280

2.4.1 Die direkteure het die metode van betaling aan die verkoopspersone verander. Verduidelik hoe dit die verkoopspersone en die onderneming bevoordeel het. Haal syfers aan. (4)

2.4.2 Die direkteure is nie bekommerd oor die oorbesteding aan verpakkingsmateriaal nie. Verduidelik waarom dit die geval is. Haal syfers of berekeninge aan. (5)

INLIGTING:**A. Geprojekteerde Inkomstestaat:**

Inligting geneem vir die drie maande geëindig 31 Oktober 2016:

	AUGUSTUS	SEPTEMBER	OKTOBER
	R	R	R
Verkope	252 000	288 000	?
Koste van verkope	?	(160 000)	?
Huurinkomste	?	?	12 960
Korting ontvang	3 600	4 000	?
Waardevermindering	5 400	5 400	5 400
Oninbare skulde	2 800	3 350	?
Rente op lening	6 875	6 875	?

B. Verkope:

- Verkope sal na verwagting in Oktober 2016 met 15% toeneem.
- Kredietverkope maak 60% van totale verkope uit.
- Die winsopslagpersentasie is 80% op kosprys.

C. Debiteure-invordering:

- 50% word in die maand van verkope ingevorder.
- 40% word ingevorder in die maand wat op die maand van verkope volg.
- 7% word twee maande na verkope ingevorder.
- 3% word as oninbaar afgeskryf.

D. Aankope:

- Alle voorraadaankope is op krediet.
- Voorraad word in die maand van verkope vervang. 'n Basisvoorraad word gehandhaaf.
- Krediteure word twee maande ná aankope betaal, onderhewig aan 'n 4%-korting.

E. Direkteursfooie:

- Die onderneming het drie direkteure wat dieselfde maandelikse fooi verdien.
- Een van die direkteure het op 30 September 2016 bedank.
- Die oorblywende direkteure sal vanaf 1 Oktober 2016 'n verhoging van 35% in hul maandelikse fooi ontvang.

F. Lening:

- Die lening is op 30 September 2016 met R52 800 verminder.
- Rente teen 12,5% p.j. is elke maand betaalbaar en word nie gekapitaliseer nie.

G. Uittreksel uit die Kontantbegroting soos deur die boekhouer opgestel:

	SEPTEMBER 2016	OKTOBER 2016
	R	R
ONTVANGSTE		
Kontantverkope	(a)	132 480
Kontant van debiteure	155 280	?
Huurinkomste	12 000	12 960
Korting ontvang	3 600	5 600
Vaste deposito	56 000	0
BETALINGS		
Betalings aan krediteure	156 000	(b)
Direkteursfooie	216 000	(c)
Salarisse van verkoops persone	40 000	40 000
Terugbetaling van lening	52 800	0
Rente op lening	6 875	(d)
Aflewering skoste	27 500	27 500
Ouditfooie	60 000	0
Oninbare skulde	3 200	3 600
Waardevermindering	17 400	17 400



2

Aktiwiteit 3: BEGROTINGS (Maart 2017)**(40 punte; 30 minute)**

Jy word voorsien van die onvolledige Debiteure-invorderingskedule en Kontantbegroting van Zeppe Bazaar.

GEVRA:

- 3.1 Bereken die verwagte maandelikse persentasie goedere op krediet verkoop. (4)
- 3.2 Voltooi die Debiteure-invorderingskedule vir Maart 2017 (5)
- 3.3 Die eienaar wil die kontrole oor debiteure verbeter. Kredietperiode is 30 dae.
- 3.3.1 Verduidelik waarom die eienaar bekommerd is. Gee TWEE redes met stawende syfers. (4)
- 3.3.2 Stel EEN oplossing vir die probleem voor. (2)
- 3.4 Bereken die volgende:
- 3.4.1 (a) en (b) soos in die begroting getoon. Gebruik begrote syfers in jou berekening. (11)
- 3.4.2 Die persentasie verhoging in huur op 1 Maart 2017. (4)
- 3.4.3 Die bedrag rente op die belegging wat na verwagting in Maart 2017 ontvang sal word (4)
- 3.5 **Verwys na Inligting H.**
Identifiseer TWEE betalings wat jy meen in Februarie 2017 swak bestuur is. Gee in ELKE geval 'n voorstel om die interne kontrole van die items geïdentifiseer, te verbeter. (6)

INLIGTING:

A. Die Debiteure-invorderingskedule vir Februarie en Maart 2017

MAAND	KREDIETVERKOPE	FEBRUARIE	MAART
Desember 2016	74 000	16 280	
Januarie 2017	68 000	27 200	?
Februarie 2017	70 000	24 010	?
Maart 2017	64 000		?
Kontant van debiteure		67 490	?

B. Daar word verwag dat debiteure soos volg sal betaal:

- 35% betaal in die maand van verkope. Hulle ontvang 'n 2%-korting.
- 40% betaal in die maand wat op die maand van verkope volg.
- 22% betaal twee maande na die maand van verkope.
- 3% is oninbare skulde.

C. Alle goedere word teen 'n winsopslag van 25% op kosprys verkoop.

- D. Voorraad verkoop word in die maand van verkope vervang ('n voorraadbasis word gehandhaaf).
- E. Alle voorraad word op krediet aangekoop. Krediteure word in die maand wat op die maand van aankope volg, betaal om 5% korting vir vroeë betaling te ontvang.
- F. Die onderneming het vier verkoopsassistenten op dieselfde salarisskaal in diens. Hulle sal met ingang 1 Maart 2017 'n inflasiegebaseerde verhoging van 7,5% ontvang. 'n Addisionele verkoopsassistent sal op 1 Maart 2017 in diens geneem word, maar sy sal geen verhoging ontvang nie.
- G. 'n Vaste deposito verval op 31 Maart 2017. Dit sal saam met rente teen 8% p.j. vir die laaste kwartaal van die termyn ontvang word.
- H. **UITTREKSEL UIT BEGROTING VIR FEBRUARIE 2017 EN MAART 2017**

	FEBRUARIE		MAART
	BEGROOT	WERKLIK	BEGROOT
Ontvangste			
Kontantverkope	17 500	18 640	16 000
Kontant van debiteure	67 490	43 870	?
Huurinkomste	11 200	11 200	12 544
Vaste deposito (insluitend rente)	-	-	16 830
Betalings			
Betalings aan krediteure (vir voorraad)	68 000	68 000	(a)
Salarisse: kantoorpersoneel	19 000	19 000	20 900
Salarisse: verkoopsassistenten	20 800	20 800	(b)
Munisipale dienste	10 600	10 600	11 000
Onttrekkings	3 000	5 500	3 000
Skryfbehoeftes	1 200	2 600	1 200
Leningspaaierement	5 000	5 000	5 000
Instandhouding van kantoortoerusting	3 800	1 500	3 800
Advertensies	2 400	1 000	2 400

I. **DEBITEURE-OUDERDOMSANALISE OP 28 FEBRUARIE 2017**

Totaal verskuldig	30 dae	60 dae	90 dae	90+ dae
R110 400	R53 000	R32 000	R17 800	R7 600
	48%	29%	16%	7%



2

Aktiwiteit 4: BEGROTING (Junie 2017)**(45 punte; 35 minute)**

Jy word voorsien van inligting met betrekking tot XYZ Meubileeders. Piet Morake is die eienaar.

GEVRA:

- 4.1 Piet het op 30 April 2017 die syfers hieronder geïdentifiseer. Lewer kommentaar op die kontrole van ELKE item en gee EEN punt van advies in elke geval.

	APRIL 2017	
	BEGROOT	WERKLIK
Telefoon	1 000	3 800
Personeelopleiding	2 500	800

(4)

- 4.2 **Verwys na Inligting C.**

Identifiseer TWEE items wat foutiewelik in die Kontantbegroting ingeskryf is.

(2)

- 4.3 Voltooi die Krediteurebetalingskedge vir Junie 2017.

(9)

- 4.4 Identifiseer/Bereken die ontbrekende syfers (i) tot (vii) in die Kontantbegroting.

(21)

- 4.5 Piet wil koste bespaar deur nie 'n gratis afleweringssdiens aan te bied nie. Is dit 'n goeie idee? Verduidelik.

(3)

- 4.6 Piet moet sy ou toerusting in Julie 2017 vervang, maar het nie die kontant beskikbaar nie. Die koste van die nuwe toerusting beloop R180 000. Die nuwe items sal na verwagting 5 jaar hou. Opsies is:

- Verkry 'n nuwe lening van R180 000 teen 'n rentekoers van 15% p.j., terugbetaalbaar oor 24 maande.
- Huur (bruikhuur) die bates by Computer Solutions teen R6 250 per maand.
- Vra 'n vriend om 'n gelyke vennoot te word deur R180 000 kapitaal te verskaf.

Verduidelik EEN voordeel en EEN nadeel van ELKE opsie.

(6)

INLIGTING:**A. Verkope, aankope van voorrade en koste van verkope:**

- Totale verkope:

Werklik	Maart	R120 000
	April	R135 000
Vooruitgeskat	Mei	R150 000
	Junie	R180 000

- 40% van verkope is kontant, die res is op krediet.
- Die winsopslag is 50% op kosprys.
- Voorraad word op 'n maandelikse basis vervang.
- 20% van aankope is kontant; die res is op krediet.

B. Krediteurebetaling:

Daar word verwag dat krediteure soos volg betaal sal word:

- 75% word in die maand van aankope betaal om 'n 5%-korting te ontvang.
- 15% word in die maand na aankope betaal.
- 10% word in die tweede maand na aankope betaal.

C. Afleweringskoste:

Piet betaal Fast Deliveries om goedere gratis by klante af te lewer. Hy begroot 'n vaste persentasie van maandelikse verkope vir hierdie uitgawe.

D. Salarisse en lone:

Werknemers ontvang 'n verhoging van 7,5% vanaf 1 Junie 2017.

E. Lening:

'n Gedeelte van die lening sal op 1 Junie 2017 terugbetaal word. Rente van 15% p.j. word maandeliks betaal en word nie gekapitaliseer nie.

F. Uittreksel uit Kontantbegroting vir Mei en Junie 2017:

ONTVANGSTE	MEI	JUNIE
Kontantverkope	60 000	(i)
Invordering van debiteure	78 300	89 550
Kommissie-inkomste		
Huurinkomste	7 500	7 750
BETALINGS		
Kontantaankope van voorraad	(ii)	
Betalings aan krediteure	74 200	
Afleweringsuitgawes van goedere na klante	9 000	(iii)
Salarisse en lone	(iv)	38 700
Skryfbehoeftes		
Telefoon	1 000	1 000
Kantoormeubels op krediet gekoop	40 000	0
Personeelopleiding	2 500	2 500
Advertensies	1 500	1 800
Waardevermindering	12 500	12 500
Leningterugbetaling		(v)
Rente op lening	2 100	1 500
Diverse uitgawes	3 300	3 400
Kontantonttrekkings deur eienaar		
Voertuiguitgawes	0	800

G. Na finalisering van die begroting is die volgende geïdentifiseer:

	MEI	JUNIE
Kontanttekort vir die maand	(19 450)	(vii)
Kontant aan begin van maand		35 500
Kontant aan einde van maand	(vi)	(7 300)



2

Aktiwiteit 5: BEGROTINGS (November 2017)**(30 punte; 25 minute)**

Jy word voorsien van inligting met betrekking tot Lamba Handelaars, 'n onderneming wat deur Larry Lamba besit word. Die onderneming verkoop skoonmaakmateriaal vir kontant en op krediet. Hulle lewer goedere gratis af by plaaslike klante.

GEVRA:

- 5.1 Verduidelik die hoofdoel van 'n Kontantbegroting en 'n Geprojekteerde Inkomstestaat. (2)
- 5.2 **Debiteure: (Verwys na Inligting A en Inligting B)**
Die kredietterme laat debiteure toe om hulle rekeninge te vereffen aan die einde van die maand wat op die verkoopstransaksiemaand volg. Geen korting word toegestaan nie. Op grond van vorige ondervinding verwag Larry egter dat debiteure volgens die Debiteure-invorderingskedge sal betaal.
- 5.2.1 Gebruik die Novembersyfers om die volgende te bereken: (9)
- % debiteure wat na verwagting aan die kredietterme sal voldoen
 - % verwagte oninbare skuld
- 5.2.2 Larry glo nie dat sy debiteurekontroleklerk, Shirley, 'n bonus op 31 Oktober 2017 verdien nie. Verskaf bewyse om sy mening te staaf. Gee Larry raad om debiteure-invorderings te verbeter (TWEE punte). (4)
- 5.3 **Geprojekteerde Inkomstestaat: (Verwys na Inligting C en Inligting D)**
- 5.3.1 Bereken: (2)
- Die vaste % van verkope wat deur Larry gebruik is om vir afleweringskoste te begroot
 - Die bedrag van die lening wat op 31 Desember 2017 terugbetaal gaan word (4)
- 5.3.2 **Verwys na verskille in Inligting D.**
Verduidelik hoekom Larry sal voel dat al hierdie verskille probleme vir sy onderneming is. (9)

INLIGTING:**A. Debiteure-invorderingskedge vir die tydperk geëindig 28 Februarie 2018:**

	KREDIET- VERKOPE R	INVORDERINGS			
		NOV 2017 R	DES 2017 R	JAN 2018 R	FEB 2018 R
September	112 000	16 800			
Oktober	134 400	75 264	20 160		
November	224 000	56 000	125 440	33 600	
Desember	358 400		89 600	200 704	53 760
Januarie	179 200			44 800	100 352
Februarie	112 000				28 000
		148 064	235 200	279 104	182 112

- B. Die debiteureklerk lê die volgende ouderdomsontleding aan die einde van Oktober 2017 voor:

TOTAAL	HUIDIGE MAAND	1 MAAND	2 MAANDE	3 MAANDE +
100%	18%	40%	23%	19%

- C. Uittreksel uit die Geprojekteerde Inkomstestaat:

	NOV. 2017	DES. 2017	JAN. 2018	FEB. 2018
Rente op lening (koers 8,5% p.j.)	R2 975	R2 975	R2 465	R2 465

- D. Syfers op 31 Oktober 2017 deur die rekenmeester verskaf:

	GEPROJEKTEER	WERKLIK	VERSKIL
Totale verkope	320 000	290 000	-30 000
Kontantverkope	96 000	50 000	-46 000
Kredietverkope	224 000	240 000	+16 000
Advertensies	5 000	1 000	-4 000
Verpakkings-materiaal	4 800	4 800	0
Afleweringkoste	12 800	12 500	-300

30

<https://goo.gl/C5LHJw>


2

Aktiwiteit 6: GEPROJEKTEERDE INKOMSTESTAAT (Maart 2018) (45 punte; 35 minute)

Jy word voorsien van inligting met betrekking tot Mabuso Oto-herstelwerk vir die tydperk 1 Maart 2018 tot 30 April 2018. Die onderneming behoort aan Vusi Mabuso.

- Alle transaksies is streng kontant.
- Die finansiële jaar eindig op 30 April elke jaar.
- Die onderneming herstel voertuie waarvoor hulle diensfooie hef.
- Indien die herstelwerk nuwe onderdele vereis, word dit afsonderlik op elke klant se rekening gesit.
- Verbruiksgoedere word vir die herstel van voertuie gebruik. Hierdie items is gratis.

GEVRA:

- 6.1 Bereken die:
- 6.1.1 Winsopslagpersentasie op onderdele gebruik in die Geprojekteerde Inkomstestaat vir Maart 2018. (3)
 - 6.1.2 % afname in die diensfooie-inkomste wat in April 2018 verwag word (3)
 - 6.1.3 Bykomende ruimte (in vierkante meter) wat die onderneming vanaf April 2018 sal huur (4)
 - 6.1.4 Rentekoers op die vaste deposito (5)
- 6.2 Lewer kommentaar op die beheer van voorraad en verduidelik hoe Vusi beoog om dit reg te stel. Haal syfers aan. (4)
- 6.3 Vusi oorweeg veranderinge aan die vaste bates wat deur die onderneming besit word.
- 6.3.1 Vusi dink daaraan om die sakeperseel te koop eerder as om dit te huur. Noem EEN voordeel en EEN nadeel van hierdie opsie. (4)
 - 6.3.2 Vusi bied 'n gratis afleweringdiens van onderdele aan klante, maar beplan om hierdie diens op 31 Maart 2018 te staak. Noem TWEE punte om hierdie besluit te staaf. (4)
 - 6.3.3 Bereken die koste van die nuwe voertuig wat hy beplan om op 1 April 2018 aan te koop. (4)
- 6.4 **Verwys na Inligting E.**
- Jy word voorsien van die geprojekteerde en werklike syfers vir Februarie 2018. Haal syfers in jou verduideliking in ELKE geval hieronder aan.
- 6.4.1 Verduidelik of Water en elektrisiteit goed beheer is, of nie. (3)
 - 6.4.2 Verduidelik of jy met Vusi se besluit saamstem om nie die volle begroting vir Advertensies te gebruik nie. (3)
 - 6.4.3 Verduidelik of Verbruiksgoedere goed beheer is, of nie. (4)
 - 6.4.4 Verduidelik hoe Vusi se besluit oor die winsopslagpersentasie op onderdele die onderneming beïnvloed het. (4)

INLIGTING:**A. Uittreksel uit die Geprojekteerde Inkomstestaat vir die tydperk 1 Maart 2018 tot 30 April 2018:**

	MAART 2018	APRIL 2018
	R	R
Diensfooï-inkomste van klante	150 000	136 500
Wins op verkope van onderdele	22 875	31 500
Verkope	53 375	76 500
Koste van verkope	(30 500)	(45 000)
Ander bedryfsinkomste		
Wins op verkoop van afleweringervoertuig	8 000	0
Bruto bedryfsinkomste		
Bedryfsuitgawes		
Huuruitgawe (sien B hieronder)	6 000	9 200
Water en elektrisiteit	5 200	5 200
Motorvoertuiguitgawes	7 500	1 500
Veiligheidsuitgawes	5 000	9 200
Advertensies	4 700	4 700
Verbruiksgoedere (gebruik vir hersteldiens)	30 000	30 000
Herstel en instandhouding van toerusting	15 000	0
Waardevermindering op voertuie (sien D hieronder)	3 000	9 000
Waardevermindering op toerusting	1 500	1 500
Handelsvoorraadtekort	14 000	2 000
Bedryfswins		
Rente op vaste deposito (sien C hieronder)	5 700	2 700
Netto wins		

- B.** Huuruitgawe word op 'n vaste bedrag per vierkante meter bereken. Die onderneming sal 75 vierkante meter in Maart 2018 huur. Bykomende vloerruimte sal op 1 April 2018, as gevolg van uitbreiding, teen dieselfde tarief gehuur word.
- C.** 'n Vaste deposito van R450 000 sal op 31 Maart 2018 verval.

D. Voertuie:

ITEM	KOSPRYS	OPGEHOOPTE WAARDE- VERMINDERING: 31/03/2018	WAARDE- VERMINDERINGKOERS EN -METODE
Afleweringsvoertuig	R240 000	R108 000	15% p.j. op kosprys
Audi Q7	?	0	

Die afleweringervoertuig sal op 31 Maart 2018 verkoop word. Die Audi Q7-voertuig sal op 1 April 2018 aangekoop en deur die eienaar gebruik word.

E. Syfers vir Februarie 2018 verskaf:

	GEPROJEKTEER	WERKLIK
Water en elektrisiteit (*sien nota hieronder)	R 4 500	R 5 000
Advertensies	4 700	1 800
Diensfooi-inkomste	150 000	127 500
Verbruiksgoedere	30 000	36 450
Verkoop van onderdele	128 700	97 200
Koste van verkope	78 000	54 000
Wins op verkoop van onderdele	50 700	43 200
Winsopslagspersentasie (op kosprys)	65%	80%

***LET WEL:** Die water-en-elektrisiteitstarief het vanaf 1 Februarie 2018 onverwags met 15% gestyg.

45

<https://goo.gl/hrqcEe>


(Vr 6, NSS Nov 2018)

2

Aktiwiteit 7: KONTANTBEGROTINGS**(35 punte; 30 minute)**

Donald May besit Breezy Handelaars wat lugversorgereenhede verkoop. Die begrotingstydperk eindig op 31 Oktober 2018.

GEVRA:

- 7.1 Voltooi die Debiteure-invorderingskedsule vir Oktober 2018. (7)
- 7.2 Bereken die bedrae wat deur (i) tot (iii) in die uittreksel van die Kontantbegroting aangedui is (9)
- 7.3 Bereken die % verhoging van verkoopsassistent se salarisse vir Oktober 2018. Verduidelik of hulle met hierdie verhoging tevrede behoort te wees. (5)
- 7.4 **Verwys na Inligting E.**

'n Nuwe mededinger het gedurende September 2018 na die omgewing toe getrek. Donald was nie bewus van die mededinger nie en het nie gedurende September opgetree nie.

 - 7.4.1 Verduidelik die uitwerking van die nuwe mededinger op enige TWEE items in die begroting vir September. Verskaf syfers. (4)
 - 7.4.2 Identifiseer TWEE veranderinge wat Donald in Oktober in reaksie op die nuwe mededinger geïmplementeer het. Haal syfers aan. Gee EEN rede vir ELKE verandering. (6)
 - 7.4.3 Verduidelik waarom Donald voel dat sy besluite suksesvol was. Verskaf TWEE punte (met syfers). (4)

INLIGTING:

- A.** Kontantverkope maak 60% van totale verkope uit. Winsopslag is 75% op kosprys.
- B.** Debiteure betaal soos volg:
- 20% in die maand van verkope en ontvang 5% korting
 - 55% in die maand wat op die maand van verkope volg
 - 22% twee maande na die maand van verkope
- C.** Voorraad wat verkoop is, word in die maand van verkope vervang. 50% van aankope is op krediet. Krediteure word betaal in die maand wat op die maand van aankope volg.
- D.** **Uittreksel uit Kontantbegroting**

	SEPTEMBER	OKTOBER
ONTVANGSTE		
Kontantverkope	(i)	630 000
Kontant van debiteure	369 340	?
Huurinkomste*	25 600	(ii)
BETALINGS		
Betalings aan krediteure	276 000	(iii)
Salarisse: Bestuurder	32 400	40 500
Salarisse: Verkoopsassistent	92 400	102 102

***LET WEL:** Huurinkomste sal in Oktober 2018 met 9% verhoog.

E. BEGROTE EN WERKLIKE BEDRAE VIR SEPTEMBER EN OKTOBER

	SEPTEMBER		OKTOBER	
	BEGROTE	WERKLIKE	BEGROTE	WERKLIKE
Eenhede te koop/ verkoop	240	200	250	300
Verkoopprijs per eenheid	R4 200	R4 200	R4 200	R4 200
Kontantverkope	?	336 000	630 000	378 000
Kredietverkope	403 200	504 000	420 000	882 000
Totale verkope	1 008 000	840 000	1 050 000	1 260 000
Kontantaankope	?	?	300 000	252 000
Advertensies	10 000	10 000	10 000	10 000
Afleweringskoste	80 000	67 200	80 000	138 240
Kommissie op verkope	30 240	25 200	31 520	46 080
Kontantsurplus/-tekort	63 000	22 500	86 500	(12 700)
Kontant: Begin	98 000	98 000	161 000	120 500
Kontant: Einde	161 000	120 500	247 500	107 800

<http://bit.ly/2018NSSVr6AFR>



② (Vr 6, Mei/Jun 2019)

Aktiwiteit 8: BEGROTING**(30 punte; 25 minute)**

Jy word voorsien van inligting met betrekking tot Cimpiwe Klerewinkel.

GEVRA:**8.1 Verwys na Inligting A.**

Identifiseer TWEE items in die Kontantbegroting wat nie in 'n Geprojekteerde Inkomstestaat sal verskyn nie. (2)

8.2 Bereken die ontbrekende bedrae, soos deur (i) tot (iii) aangedui, in die Kontantbegroting vir Junie en Julie 2019. (7)

8.3 Bereken die totale aankope vir April 2019. (2)

8.4 Voltooi die Debiteure-invorderingskedule vir Julie 2019. (8)

8.5 Verwys na Inligting F.

8.5.1 Lewer kommentaar op die volgende:

- Effek van die advertensies op verkope (3)
- Betalings aan krediteure (2)

8.5.2 Verkoopstrategie:

- Identifiseer TWEE strategieë (behalwe advertensies) wat die onderneming gebruik het om verkoopteikens vir Mei 2019 te bereik. Haal syfers aan. (4)
- Verduidelik of dit goeie strategieë was, of nie. Verskaf EEN punt met syfers. (2)

INLIGTING:**A. Uittreksel uit die Kontantbegroting**

	JUNIE 2019	JULIE 2019
KONTANTONTVANGSTE		
Kontantverkope	186 000	285 000
Kontant van debiteure	533 430	?
Huurinkomste	(i)	9 180
Rente op vaste deposito	1 800	2 200
KONTANTBETALINGS		
Salarisse en lone	73 400	73 400
Vaste deposito: Protea Bank	0	(ii)
Kontantaankope van handelsvoorraad	?	(iii)
Betaling aan krediteure	192 000	?
Versekering	3 250	3 250
Onttrekkings	21 600	21 600
Diverse uitgawes	96 360	98 700

B. Kontantverkope is 25% van totale verkope.

Invorderings van debiteure:

- 30% in die maand van die verkope min 5% korting
- 65% in die volgende maand
- Voorsiening is gemaak vir 5% oninbare skulde.

C. Begrote aankope van handelsvoorraad:

April	?
Mei	R484 000
Junie	R496 000
Julie	R760 000

- 40% van handelsvoorraad word op krediet aangekoop.
- Krediteure word twee maande na die transaksiemaand betaal.

D. Huur het in Julie 2019 met 8% verhoog.**E.** Die onderneming het 'n vaste deposito van R360 000. Daar is begroot om 'n addisionele bedrag op 1 Julie 2019 te belê. Rente (nie gekapitaliseer nie) teen 6% p.j. is ontvangbaar aan die einde van elke maand.**F.** Cimpiwe is bekommerd oor die volgende items vir Mei 2019:

	BEGROOT (R)	WERKLIK (R)	AFWYKING (R)
Kontantverkope	172 000	140 000	– 32 000
Kredietverkope	516 000	552 000	+ 36 000
Invordering van debiteure	475 000	380 000	– 95 000
Advertensies	36 000	64 800	+ 28 800
Betalings aan krediteure	180 000	105 000	– 75 000
Afleweringkoste	0	19 000	– 19 000
Verpakkingsmateriaal	3 000	2 500	– 500

30

<http://bit.ly/2019JunVr6AFR>


BTW (Vraestel 2)

Basiese begrippe

- Verpligte registrasie
- Vrywilligeregistrasie
- BTW-koers 15% vanaf 2018 (of 14% in vorige/ou vraestelle). Maak seker watter % word in 'n vraag gegee.
- Nulkoers items met voorbeelde
- Vrygestelde items met voorbeelde
- Uitset BTW
- Inset BTW

Berekeninge

BTW betaalbaar aan SAID	Uitset BTW – Inset BTW
BTW eksklusief	Totaal x $\frac{15}{100}$
BTW inklusief	Totaal x $\frac{15}{115}$

Grootboekrekening – BTW Kontrole

Dt		BTW Kontrole		Kt
Debiteurekontrole	DAJ	Bank		KOJ
Korting toegestaan	AJ	Debiteurekontrole		DJ
(eis BTW terug vir korting toegestaan)		Korting toegestaan		AJ
Oninbare skulde	AJ	(kanselleer BTW eis)		
Bank	KBJ	Onttrekkings		AJ
Krediteurekontrole	KJ	Donasies		AJ
Kleinkas	KKJ	Krediteurekontrole		KAJ
= Alle bedrae wat lei tot 'n afname in die bedrag verskuldig aan SAID		= Alle bedrae wat lei tot 'n toename in die bedrag verskuldig aan SAID		
Dt-saldo (terugbetaling verskuldig deur SAID)		Kt-saldo (bedrag verskuldig/betaalbaar aan SAID)		

Etiek:

- Verkeerde/ontbrekende dokumentasie;
- Eis vir BTW, maar is nie 'n geregistreerde handelaar nie.

2

Aktiwiteit 1: BTW (Maart 2016)

(15 punte; 10 minute)

1.1 BTW-KONSEPTE

Verander die onderstreepte gedeeltes in die volgende sinne om die stellings WAAR te maak. Skryf slegs die antwoord neer langs die vraagnommer (1.1. – 1.1.3) in die ANTWOORDEBOEK.

1.1.1 Inset-BTW is BTW wat teen kliënte gehef word. (1)

1.1.2 BTW is aan die Suid-Afrikaanse Reserwebank betaalbaar. (1)

1.1.3 BTW op vrugte en groente word teen 15% gehef. (1)

1.2 BTW-BEREKENINGE

Wandile Handelaars is 'n BTW-geregistreeerde onderneming. Die standaardkoers vir BTW is **15%**.

GEVRA:

Bereken die korrekte bedrag BTW wat die besigheid moet betaal. Toon ALLE bewerkings. (12)

INLIGTING:

Die boekhouer, Felix, het die BTW-kontrolerekening vir die belastingtydperk wat op 31 Mei 2015 eindig, opgestel en by 'n bedrag **R43 820**, wat vir BTW betaal moet word, uitgekóm.

Die interne ouditeur het egter die volgende foute en weglatings geïdentifiseer wat steeds in ag geneem moet word om die korrekte BTW-betalbare bedrag te bereken:

A.	Verkoopsfakture uit die Debiteurejoernaal weggelaat, BTW ingesluit	R10 235
B.	Beskadigde goedere aan verskaffers teruggestuur, BTW uitgesluit	18 800
C.	BTW op diverse besigheidsuitgawes uitgelaat	6 818
D.	BTW op kortings van verskaffers ontvang	756
E.	BTW op oninbare skulde ingevorder	112
F.	BTW op oninbare skulde is aan die verkeerde kant van die BTW-kontrolerekening geboekstaaf	92

15

<https://goo.gl/ygWkkn>



2

Aktiwiteit 2: BTW (Junie 2016)

(17 punte, 10 minute)

2.1 Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is. Skryf slegs 'waar' of 'onwaar' langs die vraagnommer (2.1.1–2.1.3) in die ANTWOORDEBOEK neer.

2.1.1 BTW wat deur 'n besigheid betaal word op goedere aangekoop, word BTW-inset genoem.

2.1.2 Dit is verpligtend vir alle besighede om vir BTW te registreer.

2.1.3 BTW-opgawes aan SAID word ná elke ses maande se handelsbedrywighede ingedien. (3 x 1) (3)

- 2.2 Jy word voorsien van inligting met betrekking tot Super Winkels vir die BTW-periode geëindig 29 Februarie 2016 (twee maande). Die standaardkoers vir BTW is **15%**.

GEVRA:

- 2.2.1 Neem die foute en weglatings in berekening en bereken die BTW-bedrag wat óf betaalbaar is aan óf ontvangbaar is van SAID. (12)
- 2.2.2 Die interne ouditeur het ontdek dat die eienaar, Nelson, die BTW wat van klante ingevorder is, gebruik het om salarisse en bonusse te betaal en daarom kon hy nie die BTW-sperdatum haal nie. Watter opmerking sal jy aan Nelson oor hierdie gebruik maak? Noem EEN punt. (2)

INLIGTING:

- A. Bedrag verskuldig aan SAID op 1 Februarie 2016, R44 800.
- B. **Bedrae uit die joernale op 29 Februarie 2016:**

	BTW INGESLUIT	BTW-BEDRAG
Verkope	531 300	69 300
Krediet aankope van voorraad	180 320	23 520
Goedere deur debiteure teruggestuur	50 255	6 555
Oninbare skulde afgeskryf	36 800	4 800

- C. Die volgende foute en weglatings is opgemerk:
- Voorraad deur die eienaar geneem, kosprys R6 000 (BTW uitgesluit), is nie geboekstaaf nie.
 - BTW op verkope is foutiewelik geboekstaaf. Sekere goedere met 'n verkoopprijs van R50 000 (BTW uitgesluit) moes as nulkoers-items geboekstaaf gewees het.
 - BTW op kortings toegestaan aan debiteure is nie geboekstaaf nie. Die totale kortings toegestaan, beloop R18 032.

17

<https://goo.gl/nQqmMt>



2

Aktiwiteit 3: BTW (November 2016)**(10punte; 8 minute)**

Die inligting hieronder het betrekking op Creamline Handelaars vir hulle tweemaande-BTW-tydperk geëindig op 31 Augustus 2016. Alle items is onderhewig aan 15% BTW.

GEVRA:

Bereken die bedrag ontvangbaar van of betaalbaar aan SAID vir BTW op 31 Augustus 2016. Dui aan of die bedrag ontvangbaar of betaalbaar is. (Jy mag 'n BTW-kontrolerekening opstel.)

(10)

INLIGTING:

- A. Bedrag verskuldig aan SAID vir Julie 2016, R14 250.
- B. Besonderhede ten opsigte van BTW vir Augustus 2016:

BESONDERHEDE	BTW UITGESLUIT	BTW	BTW INGESLUIT
Goedere aangekoop/Uitgawes betaal	R198 000		R225 720
Voorraad deur eienaar vir eie gebruik geneem		R2 940	
Terugsendings deur debiteure		R1 120	
Debiteurerekeninge afgeskryf	R9 500		
Totale verkope			R316 250

10

<https://goo.gl/nvVXSP>
**Aktiwiteit 4: BTW (Maart 2017)****(14 punte; 10 minute)**4.1 **GEVRA:**

Kies 'n beskrywing uit KOLOM B wat by die term in KOLOM A pas. Skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (4.1.1–4.1.3) in die ANTWOORDEBOEK neer, byvoorbeeld 1.1.4 E.

KOLOM A		KOLOM B	
4.1.1	Skoolgelde	A	BTW deur die handelaar vir verkope van handelsware ontvang
4.1.2	Uitset-BTW	B	'n voorbeeld van 'n item wat vrygestel is van BTW
4.1.3	BTW-handelaar	C	BTW is by die verkoopprijs ingesluit
		D	'n onderneming met 'n jaarlikse omset van meer as R1 000 000

(3 x 1)

(3)

4.2 BELASTING OP TOEGEVOEGDE WAARDE (BTW)

Thanda Handelaars is 'n BTW-geregistreerde onderneming. Alle items is onderhewig aan BTW teen 15%.

GEVRA:

4.2.1 Bereken die BTW-bedrag, hetsy ontvangbaar van of betaalbaar aan die SAID op 31 Julie 2016. Dui aan of hierdie bedrag ontvangbaar of betaalbaar is. (9)

4.2.2 Die eienaar wil die BTW-bedrag op oninbare skuld van R840 na R4 200 verander. Gee EEN rede waarom jy nie met hom saamstem nie. (2)

INLIGTING:

Die volgende transaksies het betrekking op Thanda Handelaars vir die BTW-tydperk geëindig 31 Julie 2016:

A	Saldo deur SAID verskuldig op 1 Julie 2016	R16 800
B	Aankope van handelsvoorraad (BTW uitgesluit)	R770 000
C	Kontant- en kredietverkope (BTW ingesluit)	R1 449 000
D	BTW op korting ontvang van verskaffers	R1 120
E	BTW op oninbare skulde afgeskryf	R840

14

<https://goo.gl/kjUFFt>



2

Aktiwiteit 5: BTW (Maart 2018)**(15 punte; 10 minute)**

Die inligting het betrekking op Aqua Winkels vir die BTW-tydperk geëindig 31 Julie 2017. Nomvula Sithole is die eienaar van die onderneming. Alle goedere verkoop, is onderhewig aan 15% BTW.

GEVRA:

5.1 Bereken die BTW-bedrag wat op 31 Julie 2017 óf ontvangbaar van is óf aan SAID betaalbaar is. (11)

5.2 Nomvula het goedere met 'n merkprijs van R35 000 by Beta Verskaffers bestel.

Die verkoopsdirekteur van Beta Verskaffers, Jim Frow, het aangebied om hierdie goedere vir R15 000 aan Nomvula te verkoop, op voorwaarde dat hulle nie 'n faktuur hoef uit te reik nie.

Lewer kommentaar op die aanbod wat Jim gemaak het. Noem TWEE punte. (4)

INLIGTING:

A. Bedrag op 1 Julie 2017 deur SAID verskuldig, R27 200.

B. **Bedrae uit die Joernale op 31 Julie 2017:**

BESONDERHEDE	BTW UITGESLUIT	BTW- BEDRAG	BTW INGESLUIT
Totale verkope	R495 000	R74 250	R569 250
Aankope van voorraad	159 000	23 850	182 850
Voorraad deur debiteure teruggestuur	15 000	?	17 250
Oninbare skulde	?	?	34 500

- C. Die volgende transaksies is nie in berekening gebring nie:
- Voorraad deur eienaar geneem, kosprys R9 000 (BTW uitgesluit).
 - BTW op korting wat van verskaffers ontvang is. Totale korting ontvang, beloop R32 200.

15

<https://goo.gl/DFHzFh>



2

Aktiwiteit 6: BTW (MSOD, Junie 2018)**(30 punte;25 minute)**

KG Rabada besit KG Supermark. Die besigheid is 'n registreerde BTW ondernemer en maak gebruik van die faktuurbasis om BTW te boekstaaf.

GEVRA

- 6.1 Kies die korrekte een tussen hakies:
- 6.1.1 BTW-(ondernemer/verskaffer) is BTW deur die handelaar vir verkope van handelsware ontvang. (3)
- 6.1.2 BTW was verhoog vanaf 14% tot (15% / 16%) op 1 April 2018. (6)
- 6.1.3 Belasting (vermyding / ontduiking) is onwettig en strafbaar deur die wet. (4)
- 6.2 Verduidelik die DRIE tipes BTW en gee 'n voorbeeld van elk? (6)
- 6.3 Verduidelik die verskil tussen BTW inset en BTW uitset? (4)

- 6.4 Die boekhouer bereken 'n bedrag van R45 600 wat verskuldig is aan SAID op 30 April 2018. Die volgende transaksies was nie in ag geneem nie. Gebruik hierdie inskrywings en bereken die korrekte bedrag verskuldig aan SAID/ of ontvangbaar van SAID. Toon alle berekeninge. (17)
- (a) 'n Verkope van R13 210 (ingesluit van BTW) was nie ingeskryf nie. Dit sluit nulkoers goedere in van R1 710.
 - (b) 'n Debiteur het goedere met 'n verkoopprijs van R690 (BTW ingesluit) teruggestuur.
 - (c) Die eienaar neem goedere ter waarde van R1 200 (uitgesluit van BTW) en kontant van R4 000 vir eie gebruik.
 - (d) Skryfbehoeftes van R200 (uitgesluit) / R230 (Ingesluit) was aangekoop op krediet vir die besigheid.
 - (e) Ou toerusting met 'n boekwaarde van R10 000 was verkoop op krediet teen 'n wins van R2 400 (uitgesluit BTW) aan 'n debiteur.
 - (f) BTW op oninbare skulde verhaal beloop R69.
 - (g) Debiteure vereffen hulle skuld van R8 600 met 'n tjek vir R8 025.

<https://goo.gl/HpMW6W>



30

2

(Vr 2.1. NSS Nov 2018)

Aktiwiteit 7: BTW

(14 punte, 10 minute)

Samson Handelaars is vir BTW geregistreer. Die BTW-koers is 15%.

GEVRA:

- 7.1 Bereken die syfers deur (a) tot (d) in die tabel hieronder aangedui. (10)
- 7.2 Jy is die interne ouditeur. Die alleeneienaar, Samson, het 'n besigheidstjek gebruik om 'n nuwe motor vir R460 000, BTW ingesluit, te koop. Hierdie motor word vir sy vrou se gebruik tuis gehou. Samson sê die voertuig moet as 'n besigheidsbate geboekstaaf word en R60 000 moet as 'n BTW-inset in die onderneming se boeke geboekstaaf word.
- Verduidelik wat jy aan Samson sal sê. Verskaf TWEE punte. (4)

INLIGTING:

	BTW UITGESLUIT	BTW-BEDRAG	BTW INGESLUIT
Terugsendings van verkope	960	(a)	1 104
Aankoop van voorraad	52 600	(b)	
Korting ontvang	(c)	720	
Kontantverkope		(d)	112 470*

* Dit sluit nulkoersgoedere in wat vir R5 500 verkoop moes gewees het. Die boekhouer het foutiewelik BTW van R825 op hierdie goedere ingesluit. Dit moet reggestel word.

14

<http://bit.ly/2018NSSVr2AFR>



2 (Vr 1.2, Mei/Jun 2019)**Aktiwiteit 8: BTW****(13 punte; 10 minute)****8.1. BEGRIPPE****GEVRA:**

Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is. Skryf slegs 'waar' of 'onwaar' langs die vraagnommers (8.1.1 tot 8.1.2) in die ANTWOORDEBOEK neer.

8.1.1 Uitset-BTW word deur 'n onderneming ingevorder wanneer goedere verkoop word.

8.1.2 Die berekening van salarisse bring nie BTW in berekening nie. (2)

8.2 BELASTING OP TOEGEVOEGDE WAARDE (BTW)

Die inligting het betrekking op Longhill Handelaars vir die BTW-tydperk geëindig 30 April 2019. Die BTW-koers van 15% is van toepassing op alle goedere en dienste.

GEVRA:

Bereken die bedrag ontvangbaar van of betaalbaar aan SAID vir BTW op 30 April 2019. Dui aan of die bedrag ontvangbaar of betaalbaar is. (11)

INLIGTING:

A. Bedrag verskuldig aan SAID op 1 April 2019, R15 890

B. BTW-transaksies vir April 2019:

BESONDERHEDE	BTW UITGESLUIT (R)	BTW- BEDRAG (R)	BTW INGESLUIT (R)
Terugsendings deur debiteure		1 470	
Onttrekkings deur eienaar		3 075	
Debiteurerekeninge afgeskryf	8 700		10 005
Totale aankope (kontant en krediet)	224 000		
Totale verkope			396 750

13

<http://bit.ly/2019JunVr1AFR> (Vr1.2)



VASTE BATES (Vraestel 1 en/of 2)

BATEVERKOPE

AARP-beginsels - Historiese koste; Omsigtigheidsbeginsel; Paringsbeginsel

Berekening van waardevermindering ①/②

- Reguitlyn / Vaste koers / op kosprys
- Verminderde saldo /Drawaarde

Dt	BATEVERKOPE ②	Kt
Voertuie/Toerusting (oorspronklike kosprys van item wat verkoop word)	Opgehoopte Waardev. op voertuie/toerusting	
	Bank/Debiteurekontrolel/Krediteurekontrole/Donasies/Onttrekkings (hang af van HOE bate verkoop word)	
WINS met verkoop van bate OF	VERLIES met verkoop van bate	

Die opgehoopte waardevermindering oor die hele leeftyd van die bate-item (vorige waardev. + proporsionele waardev. vir huidige jaar)

BELANGRIKE INLIGTING OOR BATEVERKOPE

- Wins met verkoop van bate sal onder **Inkomste** in die Inkomstestaat ingeskryf word
- Verlies met verkoop van bate sal onder **Uitgawes** in die Inkomstestaat ingeskryf word
- Proporsionele waardevermindering vir hierdie jaar moet BY Waardevermindering in die IS **bygetel** word
- Bateverkope kan ook as deel van die **Vaste bate-nota in die Balansstaat** onder 'bewegings' getoets word
- Kosprys van verkoopte item moet afgetrek word van KOSTE van die totale bates soos aan die begin van die jaar

Aktiwiteit 1: VASTE BATES (Vr 5.3, NSS Nov 2018)

(21 punte; 15 minute)

MINDEW BEPERK

Die finansiële jaareinde is 31 Mei 2018.

GEVRA:

- 1.1. Bereken die ontbrekende syfers wat deur (i) tot (v) in die tabel hieronder aangedui is. (17)
- 1.2. Verduidelik hoe die interne ouditeur moet kontroleer dat roerende vaste bates nie gesteel is nie. (2)
- 1.3. Grond en geboue is vyf jaar gelede vir R6 m. aangekoop. Eiendomspryse het sedertdien met 20% gestyg. Die direkteur wil die waarde van hierdie bate verhoog en 'n wins van R1 200 000 in die finansiële state toon.
 - ① As 'n onafhanklike ouditeur, watter raad sou jy gee? Verskaf EEN punt. (2)

INLIGTING VIR JAAREINDE 31 MEI 2018:**A.**

ASTE BATES	GROND EN GEBOU	REKENAARS	TOERUSTING	VOERTUIG
Drawaarde: Begin	6 000 000	13 000	1 027 500	1 300 000
Kosprys	6 000 000	108 000	1 250 000	2 100 000
Opgehoopte waardevermindering	-	(95 000)	(222 500)	(800 000)
Bewegings				
Toevoegings	(i)	0	172 500	0
Verkope	0	0	0	(iv)
Waardevermindering	0	(ii)	(iii)	(256 000)
Drawaarde: Einde				
Kosprys				
Opgehoopte waardevermindering				(v)

B. Grond en geboue:

Grant Konstruksies is R882 000 vir die bou van nuwe kantore (R610 000) en die herstel van vensters (R272 000) betaal.

C. Rekenaars:

- Die drie rekenaars is almal op dieselfde dag teen R36 000 elk aangekoop.
- Waardevermindering is 33⅓% op kosprys.
- Daar word verwag dat hierdie rekenaars nog twee jaar sal hou.

D. Toerusting:

- Addisionele toerusting is op 1 Februarie 2018 aangekoop.
- Waardevermindering is 10% p.j. op kosprys.

E. Voertuie:

- Waardevermindering is 20% p.j. op drawaarde.
- 'n Voertuig is op 31 Desember 2017 vir kontant teen drawaarde verkoop. Die Vaste Bateregister het die volgende getoon:

Kosprys	R176 000
Opgehoopte waardevermindering (1 Junie 2017)	R128 000



1

MAATSKAPPYREKENINGE / FINANSIËLE STATE

Basiese begrippe vir maatskappye

- Gemagtigde aandelekapitaal; Uitgereikte aandelekapitaal; Aandeehouersbelang (GAK)
- Dividende (Tussentyds / Finaal); Aandeehouers vir dividende
- Inkomstebelasting; SAID (inkomstebelasting); Voorlopige belasting
- Behoue inkomste (Verdienste minus Dividende)
- Aandeehouers se verdienste (Netto wins na belasting gedeel deur aantal uitgereikte aandele)
- Beperkte aanspreeklikheid

Partye betrokke in maatskappye

- Aandeehouers
- Direkteure/ Hoof-uitvoerende amptenaar (HUB)
- Interne ouditeur vs Onafhanklike ouditeur
- SAID

Dokumente/State vir maatskappye

- Ouditverslag
- Inkomstestaar
- Balansstaar
- Kontantvloeiestaar
- Belastingaanslag

Maatskappy-rekeninge 1

Dt	SARS Inkomstebelasting	Kt
Bank (betaling van beginsaldo)	Saldo a/b (begin)	
Bank (voorlopig)	Inkomstebelasting (aanslag vir die jaar)	
Bank (tweede betaling)		
Saldo o/d = KT saldo a/b (Betaalbaar AAN SAID)	Saldo o/d = DT Saldo a/b (Betaalbaar DEUR/Ontvangbaar VAN SAID)	

Belasting bereken vir die jaar; ook in die Inkomstestaar

Dt	Dividende op gewone aandele	Kt
Bank (tussentydse dividend betaal)	Saldo a/b (begin)	
Aandeehouers vir Dividende (dividende verklaar, nog nie betaal nie)	Verdelingsrekening	

- Tussentydse dividend word gedurende die jaar betaal
- Finale dividend word verklaar/aanbeveel aan einde van die jaar – sal eers in volgende fin jaar betaal word (= Aandeehouers vir dividende)
- Bereken dividende: Aantal UITGEREIKTE aandele x sent per aandeel verklaarde dividend

NOTAS oor ander rekeninge en finansiële state: 1

- Verdelingsrekening het NOOIT 'n saldo nie
- Behoue Inkomste het 'n beginsaldo en eindsaldo
- **Behoue Inkomste-NOTA** is slegs 'n ander formaat van die Behoue Inkomste-rekening
- Die beginsaldo vir Aandeehouers vir dividende is die dividende verskuldig van die vorige jaar en die Eindsaldo sal die dividende VERKLAAR aan die einde van die jaar wees. Hierdie saldo word in **Handel en ander betaalbares** getoon

STAAT VAN OMVATTENDE INKOMSTE (INKOMSTESTAAT) ①**Formaat**

Verkope (- Debiteure-afslag)	
(min) Koste van verkope	()
Bruto wins	'A'
Ander bedryfsinkomste	'B'
...	...
...	...
Bruto bedryfsinkomste	'A+B'
Bedryfsuitgawes	() 'C'
...	...
...	...
Bedryfswins	'(A+B) - C'
(plus) Rente inkomste	
Wins voor Rente uitgawes	
(min) Rente uitgawes	()
Wins voor Inkomstebelasting	
(min) Inkomstebelasting	()
Netto wins na belasting	

AANSUIWERINGS

- **TEL ALTYD BY (PLUS):** Opgelope inkomste; Opgelope uitgawes
- **TREK ALTYD AF (MINUS):** Vooruitbetaalde uitgawes; Vooruitontvangde inkomste
- **Goedere deur debiteur teruggestuur:** Tel verkoopprijs by Debiteure-afslag en trek dit af van Debiteurekontrole in Balansstaat; Koste van hierdie item(s) word afgetrek van KvV en bygetel by Handelsvoorraad in Balansstaat
- **Trek af:** Verbruiksgoedere voorhande van verbruiksgoedere totaal in proefbalans
- Handelsvoorraadtekort/-surplus - neem ook ander aansuiweringe wat voorraad raak in ag by hierdie berekening
- Waardevermindering: Voertuie en Toerusting - ken verskillende berekeningsmetodes vir die jaar.
- Oninbare skulde: tel EKSTRA oninbare skulde by die oninbare skulde in proefbalans. Trek slegs EKSTRA oninbare skulde af van debiteurekontrole VOORDAT nuwe voorsiening vir oninbare skulde bereken word
- Voorsiening vir oninbare skulde **aansuiwering:** MEER as die ou saldo (=uitgawe); MINDER as ou saldo (=inkomste)
- Werkgewersbydrae tot WVF /Mediese fonds / Pensioenfonds moet by Salarisse en Lone BYGETEL word
- Oninbare skulde verhaal: INKOMSTE ontvang van 'n debiteur wat vroeër afgeskryf was. Toon dit by inkomste-items.
- Versekering - gebruik die aansuiwering se bedrag (buite die fin. jaar) en TREK AF van versekering

STAAT VAN FINANSIËLE POSISIE (BALANSSTAAT) ①**Formaat**

BATES	
NIE-BEDRYFSBATES	
Vaste bates	
Finansiële bates : Vaste deposito	
BEDRYFSBATES	
Voorraad	
Handel & ander ontvangbares	
Kontant & kontantekwivalente	
TOTALE BATES	
EKWITEIT & LASTE	
KAPITAAL & RESERWES	
Gewone aandeelkapitaal	
Behoue inkomste	
NIE-BEDRYFSLASTE	
Langtermyn-/Verbandlening	
BEDRYFSLASTE	
Handel & ander betaalbares	
Oortrokke bank (Bank = krediet saldo)	
Korttermyndeel van die lening	
TOTALE EKWITEIT & LASTE	

Kontant & Kontantekwivalente sluit Bank, Wisselgeld, Kleinkas, Spaarrek en die gedeelte van die vaste deposito wat gaan verval in die volgende fin. jaar. Indien Bank 'n oortrokke saldo (KT-saldo) sal dit NIE hier getoon word nie, maar by bedryfslaste.

Korttermyn deel van die lening

As 'n deel van die lening in die volgende 12 maande terugbetaal gaan word, word hierdie bedrag van die lening afgetrek en by bedryfslaste as 'n 'korttermynlening' bygetel/apart getoon

AS notas nie gevra word nie, moet bewerkings ALTYD in hakies getoon word!

Bates**Nie-bedryfsbates**

- Vaste bates word altyd teen boek-/drawaarde getoon (Ken die Vaste bate-nota se formaat!)
- Vaste deposito ('n deel kan in vlg 12 maande verval = trek af en tel by K&KE).

Bedryfsbates

- MOET in korrekte volgorde wees (sien formaat hierbo)
- **Voorraad** sluit verbruiksgoedere voorhande (aangesuiwer) in
- **Handel & ander ontvangbares:**
 - Debiteure (onthou om Voorsiening vir oninbare skule AF TE TREK)
 - Kan ook die bedrag wat 'te veel' aan SAID betaal is insluit (DT-saldo)
 - TEL Opgelope inkomste en Vooruitbetaalde uitgawes BY.
- **Kontant & kontantekwivalente (K&KE):** (sien die spraakblok by die formaat hierbo)

Ekwiteit / Kapitaal & Reserwes**Gewone andelekapitaal**

- Gemagtigde Aandelekapitaal word NOOIT (in die nota) of in die Balansstaat bygetel by ander bedrae nie
- Nota vir Gewone aandelekapitaal: (KEN die formaat):
 - Aandele uitgereik aan begin van die jaar
 - (plus) aandele gedurende die jaar uitgereik
 - (minus) aandele teruggekoop gedurende die jaar () [toon die bedrag tussen hakies]
 - = aandele uitgereik aan die einde van die jaar

Behoue inkomste**Formaat**

Saldo aan begin van die jaar	
(plus) Netto wins na belasting	
(min) Terugkoop van aandele (die verskil tussen terugkoopprys en gemid. prys X aantal aandele teruggekoop)	
Gewone aandele dividende	
Betaal (gebruik tussentydse dividendebedrag)	
Aanbeveel (Finale dividende verklaar OF die Aandeelhouders vir dividende aan einde vd jaar)	
Saldo aan die einde van die jaar	

Bedryfslaste

- Handel en ander betaalbares sluit in:
 - SAID bdrag (KT-saldo = ons skuld hulle)(Kan vir inkomstebelasting, LBS of BTW wees)
 - Opgelope uitgawes
 - Vooruitontvange inkomste
 - Aandeelhouders vir dividende (slegs verklaarde bedrag)
 - Krediteure vir salarisse + Werkgeversbydraes soos WVF/Pensioen/Mediese fonds



Kontantvloeistaat ①

Konsepte

- Doel/Nut van kontantvloeistate
- Invloei van kontant
- Uitvloei van kontant
- Ken ook die formaat van elke aktiwiteit (KVS-dele) apart, bv. Bedryfs-, Beleggings- en/of Finansieringsaktiwiteite

KVS-formaat

Kontantvloei van bedryfsaktiwiteite	1
Kontant gegenereer uit bedrywighede	
Rente betaal	()
Dividende betaal	()
Inkomstebelasting betaal	()
Kontantvloei uit Beleggingsaktiwiteite	2
Aankoop van vaste bates	()
Opbrengs uit die verkoop/vervreemding van vaste bates	
Vaste depositos (Verval OF gemaak)	
Kontantvloei uit Finansieringsaktiwiteite	3
Opbrengs uit aandele uitgereik	
Terugkoop van aandele	()
Opbrengs/Terugbetaling van lening	
Netto verandering in kontant & kontantekwivalente	(1 + 2 + 3)
Kontant & kontantekwivalente aan begin van die jaar	
Kontant & kontantekwivalente aan die einde van die jaar	

Nota 1: Versoening tussen wins voor belasting en kontant gegenereer uit bedrywighede

- Wins voor belasting - maak seker dat jy Wins VOOR belasting uit die inkomstestaat gebruik. As wins na belasting gegee word, tel dan inkomstebelasting BY.
- Aansuiwerings t.o.v. Waardevermindering en Rente uitgawes. Gebruik hierdie bedrae net so uit die Inkomstestaat en TEL BY die wins voor belasting. So kry jy die Bedryfswins voor veranderinge in bedryfskapitaal.
- Veranderinge in bedryfskapitaal**
 - Verskille tussen die vorige jaar en huidige jaar se bedrae vir Voorraad, H & A.O. en H & A.B.
 - Bedrae verskuldig aan SAID, Aandeelhouders vir dividende en Opgeloopte rente word NIE ingereken nie.
- Dividende betaal se berekening**
 - Gebruik die inligting uit die Behoue Inkomste-nota en/of (Aandeelhouders vir dividende)
 - OF: Totale dividend vir die jaar (Tussentyds + Finaal) PLUS die bedrag verskuldig aan begin van die jaar, MINUS die bedrag verskuldig aan einde van die jaar
 - OF tussentydse dividende betaal gedurende die jaar PLUS Aandeelhouders vir dividende BEGIN van die jaar.
- Belasting betaal se berekening**

Gebruik die inligting uit die Inkomstestaat(IS), H & A.O (SAID = Debietsaldo) en H & A.B (SAID = kredietsaldo). EEN van die volgende berekeninge moet gebruik word, afhangende van SAID se beginsaldo (of vorige jaar se eindsaldo) en eindsaldo:

 - Inkomstebelasting (uit IS) **PLUS** SAID (*kredietsaldo, vorige jaar*) **MIN** SAID (*kredietsaldo, einde vd jaar*)
 - Inkomstebelasting (uit IS) **PLUS** SAID (*kredietsaldo, vorige jaar*) **PLUS** SAID (*debietsaldo, einde vd jaar*)
 - Inkomstebelasting (uit IS) **MIN** SAID (*debietsaldo, vorige jaar*) **MIN** SAID (*kredietsaldo, einde vd jaar*)
 - Inkomstebelasting (uit IS) **MIN** SAID (*debietsaldo, vorige jaar*) **PLUS** SAID (*debietsaldo, einde vd jaar*)

▪ **Beleggingsaktiwiteite**

- Neem inligting uit Vaste/Tasbare bate-nota; Kombineer al die bates/ Gebruik totale vaste bates, afhange van hoe inligting gegee word.
- Berekening van bates aangekoop OF verkoop:

Vaste bates @ drawaarde (vorige jaar/beginsaldo's)		1
Waardevermindering (uit IS)	min	2
Bates aangekoop @ KOSPRYS gedurende die jaar*	plus	3
Bates verkoop @ drawaarde gedurende die jaar** (ignoreer wins/verlies met verkoop van bates)	min	4
Vaste bates @ drawaarde (huidige jaar/ eindsaldo's)	=	5

*AS 'bates gekoop' nie gegee is nie, bereken dan: $5 + 4 + 2 - 1 =$ antwoord ('3') **tussen hakies** in KVS

AS 'bates verkoop' nie gegee is nie, bereken dan: $5 - 3 + 2 - 1 =$ antwoord ('4') **sonder hakies in KVS

- Beleggings: Vaste deposito gemaak/geplaas: (in hakies); vaste bates verval: GEEN hakies!

▪ **Finansieringsaktiwiteite**

- Opbrengs uit aandele uitgereik gedurende die jaar: GEEN hakies (invloei)
- Aandele teruggekoop: TOON in hakies (uitvloei)
- Lenings: Verskil tussen huidige en vorige jaar:
Huidige jaar meer as vorige jaar = GEEN hakies - invloei
Huidige jaar minder as vorige jaar = TOON in hakies - uitvloei (lening is betaal)

▪ **Netto verandering in kontant en kontantekwivalente**

Bedryfsaktiwiteite PLUS Beleggingsaktiwiteite (INDIEN dit negatief is, trek dit af!) PLUS Finansieringsaktiwiteite

1/2 **ONTLEDING EN VERTOLKING VAN FINANSIËLE STATE**

Hoe om kommentaar op finansiële aanwysers te lewer:

- Vergelyk:
 - Teikens/Doelwitte deur die onderneming gestel, bv. % winsgrens gebruik vs die % wat wel behaal is
 - Aanwysers van dieselfde onderneming met vorige jaar se syfers (om verbetering /daling /verswakking te bepaal)
 - Aanwysers van twee of meer ondernemings in dieselfde bedryf
 - Rentekoerse van alternatiewe beleggings met OAHE (ROSHE)
 - Rentekoerse van lenings met OOGKA (ROTCHÉ)
- Maak aanbevelings/voorstelle vir verbetering/verandering van huidige situasie



FINANSIËLE AANWYSERS

Finansiële state word ontleed om antwoorde op sekere vrae te kan gee. Hou die 'vrae' (hieronder) in gedagte wanneer jy jou kommentaar lewer			
VRAAG	TERM	FINANSIËLE AANWYSER	FORMULE
Hoe winsgewend is die besigheid; hoe goed/sleg word uitgawes bestuur; hoe effektief is die besigheid se bedrywighede?	Winsgewendheid en bedryfsdoeltreffendheid	% Bruto wins op verkope ①/②	$\frac{BW}{\text{Verkope}} \times 100 = \dots \%$
		% Bruto wins op KvV ①/②	$\frac{BW}{KvV} \times 100 = \dots \%$
		% Bedryfswins (BDW) op verkope ①/②	$\frac{BDW}{\text{Verkope}} \times 100 = \dots \%$
		% Bedryfsuitgawes op verkope ①/②	$\frac{BU}{\text{Verkope}} \times 100 = \dots \%$
		% Netto inkomste op verkope ①/②	$\frac{NI}{\text{Verkope}} \times 100 = \dots \%$
Kan die besigheid sy korttermynskulde terugbetaal; word bedryfskapitaal doeltreffend bestuur en beheer? Kontantvloei-probleme?	Likiditeit	Bedryfsverhouding ①	BB : BL
		Vuurproefverhouding ①	(BB - voorraad) : BL (Debiteure + kontant) : BL
		Voorraadomsetsnelheid ①/②	$\frac{\text{Koste van verkope (KvV)}}{\text{Gem. Handelsvoorraad}}$ <i>Hoe hoër die syfer, hoe vinniger word bates weer in kontant omgesit</i>
		Voorraadhouingsperiode OF Periode waarvoor daar voorraad voorhande is ①/②	$\frac{\text{Gem Voorraad} \times 12}{KvV} \frac{(365)}{1} \frac{(1)}{(1)}$ = ... maande / dae
		Debiteure-invorderingsperiode ①/②	$\frac{\text{Gem Debiteure}}{\text{Kredietverkope}} \times 365$ <i>Doelwit is 30 dae</i>
		Krediteurebetalingsperiode ①/②	$\frac{\text{Gem Krediteure}}{\text{Krediet aankope}} \times 365$ - Goed, as dit langer neem om krediteure te betaal - Onderhandel/Beding vir 90 dae om rente-betalings te vermy
Kan die besigheid sy skulde terugbetaal? (Kredietwaardigheid)	Solvabiliteit	Eienaarsekwiteit of Netto bates (Volhoubaarheid/ voortbestaan) ①	Totale bates : totale laste

VRAAG	TERM	FINANSIËLE AANWYSER	FORMULE
Verdien die eienaars 'n goeie opbrengs op hul kapitaal wat belê is in die onderneming?	Opbrengs op belegging	Opbrengs op Aandeelhouders-ekwiteit/-belang (OAHE) ①	$\frac{\text{Netto wins na belasting}}{\text{Gemid AHE}} \times 100$ Vergelyk hierdie % met alternatiewe beleggings, bv. Vaste deposito rente %
		Verdienste per aandeel (VPA) ①	$\frac{\text{Netto wins na belasting}}{\text{Aantal uitgereikte aandele}} \times 100 = \dots c$ Dit toon die wins per aandeel wat beskikbaar is om aan aandeelhouders te keer
		Dividend per aandeel (DPA) ①	$\frac{\text{Dividende}}{\text{Aantal uitgereikte aandele}} \times 100 = \dots c$ Dis die proporsionele deel van die wins wat uitbetaal en aanbeveel word aan aandeelhouders as dividende. *VPA - DPA = behoue inkomste per aandeel vir toekomstige uitbreiding
		Netto batewaarde per aandeel (NBW) ①	$\frac{\text{Totale AHE}}{\text{Aantal uitgereikte aandele}} \times 100 = \dots c$ - Vergelyk die uitgereikte/gemid. prys van aandele met die markprys daarvan op die JSE. - Indien die NBW verhoog het, toon dit dat winste teruggehou word; mpy brei uit en groei van welvaart; vooruitsigte van beter dividend in die toekoms - As mpy meer aandele uitreik, behoort dit teen NBW te wees om welvaart te behou.
Tot watter mate is die onderneming befonds met vreemde kapitaal; en in watter mate affekteer dit die finansiële risiko. Kan die besigheid nog geld leen? Is dit die moeite werd om nog te leen?	Risiko Geratheid	Skuld : Aandeelhouersekewiteit (verhouding) ①	LT Laste : AHE = (.... : 1) AHE = Aandelekapitaal + Behoue Ink - Kredietwaardigheid = vermoë om lenings te kan maak. - Hoë risiko/lae kredietwaardigheid = 0,5 : 1 - 1 : 1 (verkieë om aandele uit te reik) - Lae risiko / hoë kredietwaardigheid = 0,1 : 1 - 0,4 : 1 (kan nog lenings maak) - Vergelyk die verhouding voor en na lenings om verandering in risiko te toon
		Opbrengs op Gemiddelde Kapitaal Aangewend (OOGKA) ①	$\frac{\text{Netto Ink voor belasting en rente}}{\text{Gem kapitaal aangewend}} \times 100$ Kap. aangewend = AHE + LT lenings Vergelyk met % rente op lenings. Hoër = hoog gerat; lenings word vir uitbreiding gebruik en meer wins word gemaak. Laer = laag gerat; lenings word nie doeltreffend gebruik om meer wins te maak. Is dalk nie in staat om lening met rente terug te betaal nie.

ODUITVERSLAE (Vraestel 1)

Basiese begrippe en ander inligting

- Opgestel deur **ONAFHANKLIKE/eksterne ouditeure**, wat NIE deur die maatskappy indiens geneem is nie.
- Dis deel van die Gepubliseerde Fin. State van maatskappye; ALLE gebruikers kan dit lees, bv. aandeelhouders, werknemers, ens.
- Ouditeure reik 'n **MENING** oor die gepubliseerde fin. State uit. Hierdie mening **BEHOORT** aan die lesers/gebruikers van die state aan te dui dat die finansiële inligting betroubaar en geloofwaardig is.
- Eksterne ouditeure baseer hul opinie op hul eksterne audit nadat die inligting se akkuraatheid en egtheid nagegaan is deur **steekproefneming van auditinligting**. (Interne ouditeure stel die finansiële state op en lê dit voor aan die eksterne ouditeure)
- **DRIE eksterne auditmenings** gebaseer op die betroubaarheid/geloofwaardigheid van die finansiële state:
 - **Ongekwalfiseerd** = 'n 'skoon' audit; daar was geen probleemareas of uitdagings gevind nie; state is dus geloofwaardig en aandeelhouders/alle gebruikers kan die finansiële resultate glo.
 - **Gekwalfiseerd** = probleemareas is geïdentifiseer en die state is minder geloofwaardig. Direkteure sal 'n geleentheid kry om hierdie probleme reg te stel en/of veranderinge aan te bring.
 - **Weerhouding van mening** = Ouditeure is nie bereid om 'n mening te gee nie, omdat daar nie behoorlike finansiële boekhoudingstelsels bestaan en/of auditbewyse verkry kon word om 'n audit te kan voltooi nie.
- **Auditbewyse** kan uit die volgende bestaan:
 - Data of inligting, fisies of nie-fisies, bv. finansiële state; rekeningkundige inligting; bankrekening; bankstate; vaste bateregisters; betaalstate (Lone/salarisse); fakture en ander ondersteunende dokumentasie.
 - Dit kan in audio en/of video-formaat beskikbaar wees en selfs verbale antwoorde van kern-amptenare is aanvaarbaar
- **Prosedures/Metodes om auditbewyse te versamel (verkry):**
 - **Audit-navraag** (vra spesifieke vrae)
 - **Audit-waarnemings** (bv. ouditeur neem waar hoe interne beheermaatreëls toegepas word of voorraad fisies getel word).
 - **Audit-inspeksies** (bv. vergelyk die bateregister met die fisiese bate items in die besigheid)
 - **Auditprosedure** (ontleed data in die fin. state volgens IFVS/IFRS-standaarde)
 - **Herberekening** (bv. sommige waardevermindering-uitgawes kan weer bereken word)
 - **Her-uitvoering** (bv. ouditeure stel hul eie bankversoenings op en vergelyk dit met dié wat opgestel was)
- **Basis (Metodes) vir die versameling/verkryging van auditsteekproewe:**
 Eksterne ouditeure kan nie alle transaksies/inligting nagaan nie en neem dus net gedeeltes (steekproewe) daaruit. Hierdie steekproewe moet versigtig/regverdig gekies word op die volgende metodes:
 - **Statisties**, bv. 'n persentasie van die totaal of net die gemiddelde aantal transaksies, ens.)
 - **Nie-statisties:**
 - **Item-waardes**, bv. die top tien hoogste waardes.
 - **Items meer as 'n sekere bedrag of waarde**, bv. items meer as R200 000.
 - **Items wat spesifieke inligting bevat**, bv. alle aankooptransaksies van ABC Bpk.
 - **Willekeurige keuse** - daar is geen spesifieke 'reël' vir die keuse van items.
 - **Sistematiese keuse**, bv. elke 10de betaling van elke maand, ens.
 - **Lukrake keuse** - keuse is sonder vooroordeel; enige item(s) wat verteenwoordigend is, kan gekies word.
 - **Blokkeuse**, waar steekproewe uit soortgelyke items geneem word, bv. enige 20 V/T tjeks.
 - **Monetêre eenheid**, bv. alle US-dollar transaksies.
- **Soorte Interne auditverslae:**
 - **Bedryfsaudit** – evalueer die prestasie van 'n spesifieke afdeling/departement in die onderneming.
 - **Voldoeningsaudit** – evalueer die mate waartoe die besigheid aan wetgewing/regulasies/beleid voldoen.
 - **Finansiële audit** – evalueer finansiële data van 'n afdeling om te verseker dat dié afdeling se finansiële aktiwiteite volledig, akkuraat en geloofwaardig is en as sodanig in die maatskappy se fin. state getoon word.
 - **Opvolgaudit** – word ± ses maande na die eksterna audit se opinie gelewer is, gedoen om te evalueer of korrektiewe stappe geneem is en effektief werk (slegs uitgevoer indien daar 'n gekwalfiseerde eksterne audit was)
 - **Ondersoekende audit** – fokus op buitengewone of verdagte aktiwiteite of individu in 'n departement/afdeling; dit bepaal die omvang van verlies of swakplekke in die kontroles
 - **IT-(Inligtingstechnologie)audit** – evalueer die maatskappy se geoutomatiseerde inligtingsprosedures en stelsels om te verseker dat sekuriteite en rugsteun (backup) in plek is en data betroubaar bly.
 - **Bestuursaudit** (Prestasie-audit) – om besigheidstrategieë en organisasiestrukture te hersien om doeltreffende bedryfsaktiwiteite te verseker.

①

Aktiwiteit 1: STAAT VAN FIN. POSISIE (BALANSSTAAT); OUDITVERSLAG (Junie 2016) (65 punte; 50 minute)

1.1 BEGRIPPE

Kies 'n verduideliking uit KOLOM B om by 'n begrip in KOLOM A te pas. Skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (1.1.1–1.1.4) in die ANTWOORDEBOEK neer.

KOLOM A	KOLOM B
1.1.1 Aandeelhouer	A moniteer beheermaatreëls om wanbestuur en bedrog te voorkom
1.1.2 Direkteur	B eienaars van die maatskappy
1.1.3 Interne ouditeur	C spreek 'n mening oor die finansiële state van 'n maatskappy uit
1.1.4 Eksterne ouditeur	D deur die aandeelhouers aangestel om die maatskappy te bestuur

(4 x 1) (4)

1.2 PARADYS BEPERK

Die inligting hieronder het op Paradys Bpk. betrekking. Die finansiële jaar eindig op 29 Februarie 2016.

GEVRA:

1.2.1 Stel die volgende notas op vir die jaar geëindig 29 Februarie 2016:

- Gewone aandelekapitaal (6)
- Behoue inkomste (10)

1.2.2 Stel die Balansstaat (Staat van Finansiële Posisie) op 29 Februarie 2016 op. Toon ALLE bewerkings. (35)

INLIGTING:

A. Lys van saldo's geneem uit die rekeningkundige rekords van Paradys Bpk. op 29 Februarie 2016, die einde van die finansiële jaar, tensy anders vermeld.

	R
Gewone aandelekapitaal (Sien Inligting B.)	?
Behoue inkomste (1 Maart 2015)	1 634 000
Lening van direkteur: J Jonas (Sien Inligting E.)	1 155 000
Vaste bates teen drawaarde (1 Maart 2015)	12 278 400
Vaste deposito: Sandton Bank	?
Handelsvoorraad (balanseersyfer)	?
Krediteurekontrole	478 000
Debiteurekontrole	356 000
Voorsiening vir oninbare skuld (1 Maart 2015)	16 000
Bank (gunstig)	?
Opgelope uitgawes (uitgawes betaalbaar)	12 000
Vooruitbetaalde uitgawes	6 800
SAID: Inkomstebelasting (voorlopige belastingbetalings)	1 012 000

B. Aandelekapitaal:

- ParadysBpk. is gemagtig om 5 000 000 gewone aandele te verkoop.
- 3 000 000 aandele is reeds uitgereik op 1 Maart 2015, die begin van die finansiële jaar, R6 000 000.
- 1 000 000 nuwe aandele is op 1 Desember 2015 teen 'n markverwante waarde van R5,00 per aandeel uitgereik.
- 200 000 aandele is op 20 Februarie 2016 teruggekoop by 'n aandeelhouer wat na 'n ander land sou verhuis. 'n Betaling van R770 000 is op 20 Februarie 2016 gedoen.

C. Dividende:

- Die direkteure het op 28 Augustus 2015 'n tussentydse dividend van R840 000 betaal.
- 'n Finale dividend van 44 sent per aandeel is op 29 Februarie 2016 verklaar. Alle aandele (die aandele wat op 20 Februarie 2016 teruggekoop is, ingesluit) kwalifiseer vir finale dividende. Hierdie dividende sal op 31 Maart 2016 betaal word.

D. Netto wins voor belasting:

- Nadat alle relevante inligting in berekening gebring is, is die netto wins voor belasting akkuraat op R3 800 000 bereken.
- Inkomstebelasting teen die koers van 28% moet nog in berekening gebring word.

E. Lening van Direkteur J Jonas:

- Die lening is oorspronklik op 1 Desember 2013 ontvang.
- Hierdie lening is met ingang van 31 Desember 2013 oor 5 jaar in gelyke maandelikse paaieimente terugbetaalbaar. Alle betalings is gedoen.
- Rente is nie gekapitaliseer nie en is ten volle betaal.

F. Voorsiening vir oninbare skulde:

Die voorsiening vir oninbare skulde moet teen 5% van die uitstaande debiteure gehandhaaf word.

G. Vaste bates en waardevermindering:

- Geen vaste bates is gedurende die finansiële jaar gekoop of verkoop nie.
- Waardevermindering vir die finansiële jaar geëindig op 29 Februarie 2016 was R890 000.

H. Die volgende finansiële aanwysers is bereken nadat alle aansuiwerings in berekening gebring is:

Bedryfskapitaalverhouding	1,3 : 1
Vuurproefverhouding	0,8 : 1

1.3 OUDITVERSLAG

Jy word voorsien van 'n uittreksel uit die onafhanklike ouditeurse verslag van Topstar Bpk. vir die finansiële jaar geëindig 31 Oktober 2015.

GEVRA:

- 1.3.1 Watter soort auditverslag het Topstar Bpk. ontvang? Kies uit die volgende: ongekwalifiseerd, gekwalifiseerd, weerhouding van mening. Gee 'n rede vir jou keuse. (3)
- 1.3.2 Aan wie word 'n auditverslag gerig? Gee 'n rede vir jou antwoord. (3)
- 1.3.3 Verduidelik waarom die ouditeur die volgende in die auditverslag genoem het: (2)
- IFVS('IFRS') (2)
 - Maatskappywet (Wet 61 van 1973) (2)

INLIGTING:

Uittreksel uit die auditverslag:

Na ons mening toon die finansiële state, in alle wesentlike opsigte, 'n redelike weergawe van die finansiële posisie van die maatskappy op 31 Oktober 2015, asook die finansiële resultate van hul bedrywighede en die kontantvloei vir die jaar toe geëindig. Dit is volgens die Internasionale Finansiële Verslagdoeningstandaarde (IFRS/'IFVS') en die wyse vereis deur die Maatskappywet (Wet 61 van 1973) in Suid-Afrika.

<https://bit.ly/2020FSA1memo>



65

1

Aktiwiteit 2: OUDITVERSLAG; STAAT VAN OMVATTENDE INKOMSTE (INKOMSTESTAAT) (Nov 2016) (70 punte; 55 minute)

2.1 BEGRIPPE

Kies die korrekte term om elk van die volgende stellings te voltooi. Skryf slegs die term langs die vraagnommer (2.1.1–2.1.4) in die ANTWOORDEBOEK neer.

kontant en kontantekwivalente; bedryfsbate; niebedryfsbate; inkomste;
netto bedryfskapitaal; uitgawe; bedryfslas; niebedryfslas

- 2.1.1 Rente op 'n oortrokke bankrekening is 'n ...
- 2.1.2 Verbruiksgoedere voorhande is 'n ...
- 2.1.3 Die gedeelte van 'n lening wat gedurende die volgende finansiële jaar betaal moet word, word as 'n ... in die Staat van Finansiële Posisie (Balansstaat) beskou.
- 2.1.4 Die verskil tussen bedryfsbates en bedryfslaste staan as ... bekend. (4 x 1) (4)

2.2 OUDITVERSLAG

Jy word voorsien van 'n uittreksel uit die ouditverslag van Fralezi Bpk.

GEVRA:

- 2.2.1 Aan wie is die ouditverslag gerig? (1)
- 2.2.2 Wie moet verseker dat die finansiële state opgestel en by die algemene jaarlikse vergadering voorgelê word? (1)
- 2.2.3 Kies die korrekte woord uit dié tussen hakies. Skryf die antwoord langs die vraagnommer (2.2.3) neer en verduidelik jou keuse.
- Fralezi Bpk. het 'n (gekwalfiseerde/ongekwalfiseerde/weerhouding-van-mening-) ouditverslag ontvang. (2)
- 2.2.4 Verduidelik waarom die onafhanklike ouditeure na bladsy 11–29 in die verslag verwys het. (2)

INLIGTING:

Ons het die finansiële state nagegaan, soos uiteengesit op bladsy 11–29.

Na ons mening is die jaarlikse finansiële state 'n redelike weergawe, in alle wesenlike aspekte, van:

- Die finansiële posisie van Fralezi Bpk. op 30 Junie
- Die kontantvloei vir die jaar geëindig, in ooreenstemming met die Internasionale Finansiële Verslagdoeningstandaarde (IFRS) en soos vereis deur die Maatskappywet van Suid-Afrika

Roux en Pieterse

Geoktrooieerde Rekenmeesters (GR)

Geregistreerde Rekenmeesters en Ouditeure

Schilbachstraat, Parys

2.3 STAAT VAN OMVATTENDE INKOMSTE (INKOMSTESTAAT)

Jy word voorsien van inligting met betrekking tot Fralezi Bpk. vir die finansiële jaar geëindig 30 Junie 2016.

GEVRA:

Voltooi die Staat van Omvattende Inkomste (Inkomstestaat) vir die finansiële jaar. (60)

INLIGTING:**Syfers geneem uit die Vooraansuiweringsproefbalans op 30 Junie 2016:**

	R
Balansstaatrekeninge	
Verbandlening: Parys Bank	333 200
Bank (gunstig)	482 000
Debiteurekontrole	116 500
Handelsvoorraad	209 500
Voorsiening vir oninbare skulde	3 732
Nominale Rekeninge	
Verkope (min afslag)	4 777 300
Koste van verkope	?
Direkteursfooie	375 000
Salarisse en lone	365 540
Diverse uitgawes	?
Waardevermindering	124 260
Ouditfooie	23 000
Herstelwerk	100 000
Huurinkomste	101 900
Rente-inkomste	?
Oninbare skulde verhaal	10 540
Verpakkingsmateriaal	13 600
Advertensies	20 596
Verlies van rekenaar deur diefstal	9 300
Gewone aandeledividende	200 000

Aansuiwerings en addisionele inligting:

- A.** 'n Kredietnota gedateer 27 Junie 2016 wat vir R35 700 aan 'n debiteur uitgereik is, is nie geboekstaaf nie. Die kosprys van hierdie goedere is R21 000. Die goedere is in voorraad teruggeplaas.
- B.** Die onderneming stel die pryse van sy goedere teen 'n winsopslag van 70% op kosprys vas. Handelskorting van R297 200 is op fakture aan sekere debiteure toegestaan.
- C.** Pas die voorsiening vir oninbare skulde van debiteure tot 4% aan.
- D.** 'n Voorraadopname op 30 Junie 2016 het die volgende voorhande getoon:
- Handelsvoorraad, R225 500
 - Verpakkingsmateriaal, R3 700
- E.** 'n Verdere R7 250 is aan eksterne ouditeure verskuldig.
- F.** Rente op die lening word gekapitaliseer en is nog nie geboekstaaf nie. Die leningstaat op 30 Junie 2016 van Parys Bank toon 'n eindsaldo van R372 920.

- G.** Verbeteringe moet ten opsigte van 'n rekenaar wat op 31 Maart 2016 gesteel is, gemaak word.

Die boekhouer het die volgende bladsy in die Vastebateregister voltooi deur die verkeerde metode van waardevermindering te gebruik:

SUNCREST-REKENAAR	KOS-PRYS	WAARDE-VERMINDERING	BOEK-WAARDE
1 Julie 2014	R42 000		R42 000
30 Junie 2015		R8 400	R33 600
31 Maart 2016		R6 300	R27 300
Versekeringsuitbetaling	R18 000		
Verlies van rekenaar deur diefstal	R9 300		

Waardevermindering op hierdie bate moes teen 20% p.j. op die verminderdesaldo-metode bereken word.

- H.** Die maandelikse huur het nie gedurende die jaar verander nie. Die huurder het in April 2016 R6 000 vir herstelwerk aan die perseel betaal. Hy het dit van sy huur vir Mei 2016 afgetrek omdat die maatskappy vir herstelwerk verantwoordelik is. Die herstelwerk is nie geboekstaaf nie. Die huur vir Julie is in Junie 2016 ontvang en gedeponeer.
- I.** Advertensies bestaan uit 'n maandelikse kontrak met die plaaslike koerant vir die hele finansiële jaar. Advertensies is slegs vir 11 maande betaal. Die tarief op die kontrak is vanaf 1 April 2016 met R152 per maand verminder.
- J.** Netto wins na belasting is R504 000.

Gebruik die volgende persentasies om sekere ontbrekende syfers te bereken:

- Bedryfswins op verkope: 15%
- Inkomstebelastingkoers: 28% van netto wins



Aktiwiteit 3: MAATSKAPPY FINANSIËLE STATE EN VERTOLKING (Maart 2017)**① (75 punte; 60 minute)**

Jy word voorsien van inligting uit die rekords van Gandhi Bpk. vir die finansiële jaar geëindig 28 Februarie 2017.

GEVRA:

- 3.1 Stel die Staat van Omvattende Inkomste (Inkomstestaat) vir die jaar geëindig 28 Februarie 2017 op. Let daarop dat sekere inligting reeds in die ANTWOORDEBOEK ingesluit is. (33)
- 3.2 Stel die volgende notas tot die Staat van Finansiële Posisie (Balansstaat) op:
- 3.2.1 Gewone aandelekapitaal (10)
- 3.2.2 Behoue inkomste (10)
- 3.3 Voltooi die EKWITEIT EN LASTE-afdeling van die Staat van Finansiële Posisie (Balansstaat). Toon bewerkings tussen hakies. (16)
- 3.4 B Sly ('n aandeelhouer) het 400 000 gewone aandele op 1 Maart 2016 besit. Sy het 80 000 addisionele aandele op 31 Maart 2016 gekoop.
- Sy het die HUB oortuig om 250 000 aandele op 28 Februarie 2017 van ander aandeelhouders terug te koop.
- 3.4.1 Bereken B Sly se persentasie aandelebelang in die maatskappy voor en na die terugkoop van aandele. (4)
- 3.4.2 Verduidelik waarom die ander aandeelhouders bekommerd sal wees oor hierdie transaksie. (2)

INLIGTING:

- A. Die volgende saldo's/totale, onder andere, het op 28 Februarie 2017 in die boeke verskyn:

	R
Gewone aandelekapitaal	?
Behoue inkomste	?
Lening: Anca Bank	433 500
Handelsvoorraad (voor die jaarlikse voorraadopname)	231 700
Debiteurekontrole	540 000
Voorsiening vir oninbare skulde (1 Maart 2016)	19 600
Krediteurekontrole	395 200
SAID: Inkomstebelasting (voorlopige belastingbetalings)	360 000
Huurinkomste	61 900
Rente-inkomste	?
Diverse uitgawes	?
Direkteursfooie	605 500
Ouditfooie	29 000
Gewone aandele-dividende (tussentyds)	420 000

- B.** Die **bruto wins** vir die jaar geëindig op 28 Februarie 2017 is op R3 150 000 bereken. 'n Winsopslag van 60% op kosprys is bereik.
- C.** Die volgende aansuiwerings moet nog in berekening gebring word:
- Die voorraadopname op 28 Februarie 2017 het handelsvoorraad van R207 500 voorhande getoon.
 - Voorsiening vir oninbare skulde moet tot R21 600 verhoog word.
 - Een derde ($\frac{1}{3}$) van die ouditfooi is nog op 28 Februarie 2017 verskuldig.
 - Een van die drie direkteure se fooi vir Februarie 2017 is nog aan hom verskuldig. Al drie direkteure het dieselfde maandelikse fooi ontvang.
 - 'n Onbenutte stoorkamer is vanaf 1 Junie 2016 verhuur. Die huur is op 1 Januarie 2017 met R2 700 per maand verhoog. Die huur vir Februarie 2017 is nog uitstaande.
 - Diverse uitgawes is die balanseersyfer.
- D. Lening: Anca Bank**
- Rente op die lening word gekapitaliseer, maar geen inskrywing is in die boeke gemaak nie. 'n Maandelikse paalement van R5 200 (insluitend rente) word betaal. Dit is in berekening gebring. Die leningstaat toon 'n eindsaldo van R487 000. Die maatskappy beplan om hulle leningsterugbetalings te verhoog om 20% van die leningsaldo in die volgende finansiële jaar af te betaal.
- E.** Bedryfswins op verkope was 14,5%.
- F.** Inkomstebelasting teen 32% van die netto wins het R396 800 beloop.
- G. Aandelekapitaal en dividende:**
- Die maatskappy is met 'n gemagtigde aandelekapitaal van 1 200 000 gewone aandele geregistreer.
 - 85% van die gemagtigde aandele is reeds op 1 Maart 2016 uitgereik.
 - Die direkteure het op 31 Maart 2016 al die onuitgereikte aandele uitgereik. EFO-betalings ten bedrae van R756 000 is ontvang.
 - Die maatskappy het 250 000 aandele teruggekoop op 27 Februarie 2017 teen R4,15 per aandeel.
 - 'n Tussentydse dividend is op 6 September 2016 betaal.
 - 'n Finale dividend van 25 sent per aandeel is op 28 Februarie 2017 verklaar. Alle aandeelhouders (insluitend die teruggekoopte aandele) was geregtig op finale dividende. Dit moet nog in berekening gebring word.



①

**Aktiwiteit 4: STAAT VAN OMVATTENDE INKOMSTE (INKOMSTESTAAT)
EN VASTE BATES (Junie 2017)**

(70 punte; 55 minute)

- 4.1 Kies 'n beskrywing uit KOLOM B wat by die term in KOLOM A pas. Skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (4.1.1–4.1.4) in die ANTWOORDEBOEK neer, byvoorbeeld 4.1.5 E.

KOLOM A		KOLOM B	
4.1.1	Staat van Omvattende Inkomste (Inkomstestaat)	A	dui die bron van fondse aan en hoe dit aangewend is
4.1.2	Staat van Finansiële Posisie (Balansstaat)	B	dui die mening oor die betroubaarheid van die finansiële state aan
4.1.3	Kontantvloeiastaat	C	dui die finansiële posisie van die onderneming op 'n spesifieke dag aan
4.1.4	Onafhanklike Ouditverslag	D	dui wins of verlies vir 'n finansiële tydperk aan

(4 x 1) (4)

4.2 **MTOMBENI BPK.**

Die inligting het betrekking op Mtombeni Beperk vir die finansiële jaar geëindig 28 Februarie 2017.

GEVRA:

4.2.1 **Verwys na Inligting A en B en bereken:**

- Drawaarde van die voertuig op 30 November 2016 verkoop (5)
- Totale waardevermindering op toerusting op 28 Februarie 2017 (7)

- 4.2.2 Stel die Staat van Omvattende Inkomste (Inkomstestaat) vir die jaar geëindig 28 Februarie 2017 op. (54)

INLIGTING:**Inligting onttrek uit die Vooraansuiweringsproefbalans op 28 Februarie 2017:**

Balansstaatrekeninge-afdeling	
Grond en geboue	1 600 000
Voertuie	?
Toerusting	250 000
Opgehoopte waardevermindering op toerusting (01/03/2016)	85 000
Handelsvoorraad	386 500
Debiteurekontrole	88 500
Voorsiening vir oninbare skulde	3 650
Verbandlening: Quick Bank	1 056 000
Nominalerekeninge-afdeling	
Verkope	5 500 000
Koste van verkope	3 150 000
Debiteure-afslag	32 500
Direkteursfooie	380 000
Ouditfooie	54 000
Oninbare skuld	13 600
Huurinkomste	169 500
Rente op lening	?
Versekering	19 220
Salarisse en lone	475 000
Oninbare skulde ingevorder	4 750
Verbruiksgoedere	67 500
Bankkoste	7 760
Diverse uitgawes	140 085
Rente-inkomste	?

Aansuiwerings en addisionele inligting:

- A.** Geen inskrywings is gemaak vir 'n voertuig wat op 30 November 2016 vir R97 700 kontant verkoop is nie. Besonderhede van die voertuig:
- Kosprys, R190 000
 - Opgehoopte waardevermindering (1 Maart 2016), R72 000
 - Waardeverminderingkoers: 20% p.j. op kosprys
- B.** Maak soos volg voorsiening vir waardevermindering:
- Op oorblywende voertuie – R138 000 vir die finansiële jaar
 - Op toerusting teen 10% p.j. volgens die verminderdesaldo-metode
- LET WEL:** Nuwe toerusting is teen 'n koste van R32 000 aangekoop en op 1 September 2016 geboekstaaf.
- C.** Goedere vir R15 000 op krediet verkoop aan debiteur, J Gander, is nie geboekstaaf nie. Die winsopslag is 60% op kosprys.
- D.** 'n Fisiese voorraadopname op 28 Februarie 2017 toon handelsvoorraad van R374 000.
- E.** Verbruiksgoedere gebruik gedurende die finansiële jaar beloop R61 700.

- F. Die rekening van debiteur, L Maseko, moet as oninbaar afgeskryf word, R1 900.
- G. Inskrywings op die Bankstaat van Februarie 2017 wat nog nie in die boeke van die maatskappy geboekstaaf is nie:
- Bankkoste, R870
 - Debietorderbetaling vir die maandelikse versekeringspremie, R1 780
- H. Voorsiening vir oninbare skulde moet tot R4 030 aangesuiwer word.
- I. Leningstaat ontvang, toon die volgende:

Saldo: 1 Maart 2016	1 356 000
Rente	?
Terugbetaling gedurende die finansiële jaar	300 000
Saldo: 28 Februarie 2017	1 200 000

- J. 'n Werknemer, H Brooks, wat op 1 Februarie 2017 begin werk het, is uit die Salarisjoernaal gelaat. Besonderhede van sy salaris vir Februarie 2017 is:

BRUTO SALARIS	AFTREKKINGS			BYDRAES	
	LBS	PENSIOEN- FONDS	WVF	PENSIOEN- FONDS	WVF
13 500	2 190	1 080	135	1 620	135

LET WEL: Alle bydraes word as deel van salarisse en lone geboekstaaf.

- K. Die huurinkomste is vanaf 1 November 2016 met R1 500 per maand verhoog. Die huurder het nog nie die huur vir Februarie 2017 betaal nie.
- L. Rente-inkomste is die ontbrekende syfer in die Staat van Omvattende Inkomste (Inkomstestaaf).
- M. Inkomstebelasting is teen 28% van netto wins bereken.
- N. Netto wins na belasting het R864 000 beloop.

70

<https://goo.gl/jrWRqS>



①

Aktiwiteit 5: VASTE BATES, STAAT VAN FINANSIËLE POSISIE (BALANSSTAAT) EN OUDITVERSLAG (November 2017) (65 punte; 50 minute)

Die volgende inligting het betrekking op Odette Bpk. Die finansiële jaar het op 28 Februarie 2017 geëindig.

GEVRA:

5.1 Verwys na Inligting B.

Bereken die ontbrekende bedrae voorgestel deur **(a)** tot **(e)**. (22)

5.2 Voltooi die Staat van Finansiële Posisie (Balansstaat) op 28 Februarie 2017. Toon bewerkings. (37)

INLIGTING:

A. Bedrae geneem uit die rekords op 28 Februarie 2017:

Balansstaatrekening-afdeling	R
Gewone aandelekapitaal	?
Behoue inkomste (28 Februarie 2017)	520 000
Vaste bates (drawaarde)	?
Lening van Beque Bank	284 000
Handelsvoorraad	408 880
Netto handelsdebiteure	67 200
Vaste deposito: Elze Bank	?
Bank (gunstig)	?
SAID: Inkomstebelasting (voorlopige betalings)	209 000
Krediteurekontrole	184 000
Nominalerekening-afdeling (vooraansuiweringsbedrae)	
Versekering	30 200
Huurinkomste	108 450
Elektrisiteit	42 000

B. Vaste bates:

	GROND EN GEBOU	VOERTUIG	TOERUSTING	TOTAAL
Kosprys		350 000	460 000	
Opgehoopte waardevermindering		(315 000)		
Drawaarde (01/03/2016)	(a)	35 000		
Bewegings:				
Toevoegings	325 000	422 550	0	
Verkope	0	0	(d)	
Waardevermindering		(b)	(13 766)	
Drawaarde (28/02/2017)	2 550 000	(c)	50 994	(e)
Kosprys		772 550	340 000	
Opgehoopte waardevermindering				

- Waardevermindering op voertuie word teen 20% p.j. op kosprys bereken.
- Die maatskappy besit twee voertuie op 28 Februarie 2017. Een van hierdie voertuie is op 1 September 2016 aangekoop.
- Uittreksel uit die Vastebateregister met betrekking tot toerusting verkoop:

Yskas (Model X3)

Datum aangekoop: 1 Maart 2014

Datum verkoop: 31 Desember 2016

Verkoop vir: R81 250

Waardeverminderingakoers: 10% p.j. (verminderdesaldo-metode)

	KOSPRYS	WAARDE-VERMINDERING	BOEKWAARDE
28 Februarie 2015	R120 000	R12 000	R108 000
29 Februarie 2016		?	?
31 Desember 2016		?	?

- C. Die elektrisiteitsrekening vir Februarie 2017, R5 600, was steeds uitstaande.
- D. Die voorsiening vir oninbare skulde moet met R270 vermeerder word.
- E. 'n Addisionele versekeringspolis is op 1 November 2016 uitgeneem. Die jaarlikse premie van R10 200 is betaal en geboekstaaf.
- F. Die huur vir Februarie 2017 is nog nie ontvang nie. Die huur is op 1 Julie 2016 met 15% verhoog.
- G. Netto wins na belasting, R518 000, is bereken nadat al die aansuiwerings hierbo in berekening gebring is. Inkomstebelasting is 30% van die netto wins.
- H. 75% van die gemagtigde aandelekapitaal van 900 000 aandele is reeds uitgereik. Die direkteure het op 28 Februarie 2017 'n finale dividend van 24 sent per aandeel verklaar.
- I. Uittreksel uit Beque Bank-leningstaat:

Saldo op 1 Maart 2016	R376 000
Betalings (rente ingesluit)	R92 000
Rente gekapitaliseer	R48 000
Saldo op 28 Februarie 2017	?

LET WEL:

- Rente is nog nie in die boeke geskryf nie.
 - R50 000 van die leningsaldo sal gedurende die volgende finansiële jaar betaal word.
- J. Die netto batewaarde per aandeel op 28 Februarie 2017 is 620 sent.
- K. Die bedryfskapitaalverhouding op 28 Februarie 2017 is 2,1 : 1.

5.3 OUDITVERSLAG

'n Uittreksel uit die onafhanklike ouditverslag van Karin Bpk. vir die finansiële jaar geëindig op 28 Februarie 2017, word verskaf.

GEVRA:

As 'n aandeelhouer, watter bekommernisse sou jy oor hierdie ouditverslag hê? Verduidelik DRIE punte.

(6)

INLIGTING:

UITTREKSEL UIT DIE OUDITVERSLAG VAN KARIN BPK.

Ons het die jaarlikse finansiële state van Karin Bpk. vir die jaar geëindig 28 Februarie 2017 geoudit. Hierdie finansiële state is die verantwoordelikheid van die direkteure van die maatskappy.

Basis vir Weerhouding van Mening

Tydens ons oudit het ons vasgestel dat bonusse ten bedrae van R9,8 miljoen, wat aan direkteure betaal is, nie deur die Vergoedingskomitee goedgekeur is nie.

Ouditmening

As gevolg van die belangrikheid van die sake hierbo beskryf, kon ons nie daarin slaag om genoeg ouditbewyse te bekom om 'n basis vir 'n ouditmening te verskaf nie. Dienooreenkomstig spreek ons geen mening uit oor die finansiële state van Karin Bpk. vir die jaar geëindig 28 Februarie 2017 nie.

Bongani en Botha, Geektrooieerde Rekenmeesters (SA)

65

<https://goo.gl/9f7ZMV>



①

Aktiwiteit 6: STAAT VAN FINANSIËLE POSISIE (BALANSSTAAT) EN OUDITVERSLAG
(Maart 2018) (65 punte; 50 minute)

- 6.1 Kies 'n beskrywing in KOLOM B wat by die term in KOLOM A pas. Skryf slegs die letter (A–E) langs die vraagnommer (6.1.1–6.1.5) in die ANTWOORDEBOEK neer.

KOLOM A		KOLOM B	
6.1.1	Staat van Omvattende Inkomste (Inkomstestaat)	A	'n verduideliking van die bedrywighede van die maatskappy gedurende 'n finansiële jaar
6.1.2	Staat van Finansiële Posisie (Balansstaat)	B	toon of die aandeelhouers op die finansiële state kan staatmaak, of nie
6.1.3	Kontantvloeiastaat	C	toon die wins/verlies van die maatskappy vir die jaar
6.1.4	Direkteursverslag	D	toon die uitwerking van die bedryfs-, finansierings- en beleggingsaktiwiteite op die kontantmiddele
6.1.5	Onafhanklike ouditeursverslag	E	toon die netto waarde van die maatskappy

(5 x 1) (5)

6.2 **ORBIT BPK.**

Verwys na die inligting uit die rekords van Orbit Bpk. vir die finansiële jaar geëindig 30 Junie 2017.

GEVRA:

- 6.2.1 Stel die volgende notas tot die Staat van Finansiële Posisie (Balansstaat) op:
 (a) Gewone aandelekapitaal (8)
 (b) Behoue inkomste (11)
- 6.2.2 Voltooi die Staat van Finansiële Posisie (Balansstaat) op 30 Junie 2017. Waar notas nie gevra word nie, toon ALLE bewerkings tussen hakies. (28)
- 6.2.3 Die HFB (hoof- finansiële beampte), Barry Wright, het die maatskappy oortuig om gedurende die volgende finansiële jaar 'n verdere 400 000 aandele by 'n nabye familielid terug te koop. Barry besit tans 1 904 400 aandele in hierdie maatskappy, wat 46% van die uitgereikte aandele is.
 As 'n aandeelhouer, verduidelik jou bekommernis oor die voorgestelde terugkoop van aandele. Verskaf berekeninge om jou bekommernis te ondersteun. (6)

INLIGTING:**A. Uittreksel uit die boeke op 30 Junie 2017:**

Vaste/Tasbare bates (drawaarde)	?
Vaste deposito: Marokko Bank	380 000
Gewone aandelekapitaal (1 Julie 2016)	3 150 000
Behoue inkomste (1 Julie 2016)	874 000
Bank (gunstig)	250 700
Lening: Helping Bank	302 400
Handelsvoorraad	478 000
Debiteurekontrole	317 000
Krediteurekontrole	239 800
Inkomste vooruit ontvang	6 600
SAID: Inkomstebelasting (voorlopige betalings)	390 000
Dividende op gewone aandele (tussentydse dividende)	630 000

B. Aandelekapitaal:

- Die onderneming het 'n gemagtigde aandelekapitaal van 6 000 000 aandele.
- 70% van die aandele is reeds op 1 Julie 2016 uitgereik.
- 60 000 gewone aandele is op 1 Desember 2016 by 'n ontevrede aandeelhouer teruggekoop. Die maatskappy het R3,50 per aandeel betaal. Dit is op 1 Desember 2016 betaal en geboekstaaf.

C. 'n Finale dividend van 22 sent per aandeel is op 30 Junie 2017 verklaar. Slegs aandele in die aandeleregister kwalifiseer vir finale dividende.**D. Die volgende aansuiwerings is nog nie in berekening gebring nie:**

- Voorsiening vir oninbare skulde is op 5% van die uitstaande debiteure vasgestel.
- Versekering het 'n jaarlikse premie van R31 800 ingesluit, wat vir die tydperk 1 Oktober 2016 tot 30 September 2017 betaal is.

E. Die leningstaat van Helping Bank toon die volgende:

Saldo op 1 Julie 2016	R480 000
Terugbetalings gedurende finansiële jaar (rente ingesluit)	R177 600
Rente gekapitaliseer	R57 600
Saldo op 30 Junie 2017	?

R40 000 van die lening sal in die volgende finansiële jaar terugbetaal word.

F. Inkomstebelasting vir die jaar het R408 800 beloop. Dit is op 28% van die reggestelde netto wins bereken.

6.3 OUDITVERSLAG: DF ONDERNEMINGS BPK.**GEVRA:**

6.3.1 Kies die korrekte woord(e) uit dié wat tussen hakies gegee word. Skryf slegs die woord(e) langs die vraagnommer (6.3.1(a)–6.3.1(b)) in die ANTWOORDEBOEK neer.

(a) Die ouditverslag word deur die (interne/eksterne) ouditeur voltooi. (1)

(b) Die (direkteure/aandeelhouders/ouditeurs) is vir die voorbereiding van die finansiële state verantwoordelik. (1)

6.3.2 Verwys na die ouditverslag hieronder.

(a) Die ouditverslag hieronder dui 'n (gekwalfiseerde/ ongekwalifiseerde) mening aan. (1)

(b) Verduidelik waarom die aandeelhouders oor hierdie ouditverslag bekommerd moet wees. Noem TWEE punte. (4)

INLIGTING:**UITTREKSEL UIT DIE OUDITVERSLAG VAN DF ONDERNEMINGS BPK.****Basis vir Kwalifisering van Mening**

Brondokumente vir uitgawes ten bedrae van R550 000 kon nie opgespoor word nie.

Ouditmening

Na ons mening, behalwe vir die gevolge van die onbevestigde uitgawes beskryf in die paragraaf **Basis vir Kwalifisering van Mening**, is die finansiële state 'n redelike voorstelling van die finansiële posisie van die maatskappy op 30 Junie 2017 en die resultate van hulle bedrywighede en kontantvloei vir die jaar geëindig, in ooreenstemming met die Internasionale Finansiële Verslagdoeningstandaarde, en op die wyse soos deur die Maatskappywet (Wet 61 van 1973) van Suid-Afrika voorgeskryf.



①

Aktiwiteit 7: KONTANTVLOEISTAAT EN VERTOLKING (Nov 2017) (85 punte; 65 minute)

7.1 Kies 'n term om elk van die volgende stellings te voltooi. Skryf slegs die term langs die vraagnommer (7.1.1– 7.1.4) in die ANTWOORDEBOEK neer.

aandeelhouer(s); eksterne ouditeur(e); direkteur(e); interne ouditeur(e)

7.1.1 ... word deur die aandeelhouers aangestel om die maatskappy te bestuur.

7.1.2 Die ... word deur die maatskappy in diens geneem om funksionele interne beheerprosesse daar te stel.

7.1.3 'n ... is 'n persoon wat in 'n maatskappy belê deur aandele te koop.

7.1.4 ... word deur aandeelhouers aangestel om 'n onbevooroordeelde mening oor die finansiële state te gee. (4 x 1) (4)

7.2 **SO-FINE BPK.**

Die inligting gegee het betrekking op So-Fine Bpk. vir die finansiële jaar geëindig 31 Augustus 2017.

GEVRA:

7.2.1 Stel die volgende notas tot die Staat van Finansiële Posisie (Balansstaat) op 31 Augustus 2017 op:

- Gewone aandelekapiitaal (7)
- Behoue inkomste (9)

7.2.2 Voltooi die Kontantvloeistaat deur slegs die besonderhede en syfers wat deur 'n vraagteken (?) aangedui word, in te voeg. (19)

7.2.3 Bereken die volgende finansiële aanwysers op 31 Augustus 2017:

- Persentasie bedryfswins op verkope (3)
- Skuld-eienaarsbelang-verhouding (4)

7.2.4 Bereken die dividende per aandeel (DPA) van 'n aandeelhouer wat dieselfde getal aandele vir die hele finansiële tydperk besit het. (4)

INLIGTING:

A. **Inligting uit die Staat van Omvattende Inkomste (Inkomstestaat) vir die finansiële jaar geëindig 31 Augustus 2017:**

Verkope	R8 652 000
Bedryfsuitgawes	1 760 000
Waardevermindering	320 000
Rente-uitgawe	86 100
Bedryfswins	697 000
Inkomstebelasting	187 770
Netto wins na inkomstebelasting	438 130

B. Inligting uit die Staat van Finansiële Posisie (Balansstaat) op 31 Augustus:

	2017 (R)	2016 (R)
Vaste bates (drawaarde)	6 177 000	4 975 000
Vaste deposito's	220 000	300 000
Lening: Dolphin Bank	985 000	450 000
Bedryfsbates	619 600	663 300
Bedryfslaste	490 000	614 300
Aandeelhoudersbelang	?	?
Gewone aandelekapitaal	5 292 000	?
Behoue inkomste	?	147 370
Kontant en kontantekwivalente	23 400	2 500
Oortrokke bankrekening	-	65 100
Aandeelhouders vir dividende	168 000	120 000
SAID: Inkomstebelasting	11 800 (Kt.)	2 400 (Dt.)

C. Aandelekapitaal en dividende

- Die gemagtigde aandelekapitaal bestaan uit 1 200 000 gewone aandele.
- 900 000 gewone aandele is reeds op 1 September 2016 uitgereik.
- Die maatskappy het op 1 Mei 2017, 150 000 gewone aandele teen R6,30 per aandeel uitgereik.
- 70 000 gewone aandele is op 30 Augustus 2017 by aandeelhouders teruggekoop. 'n Tjek vir R437 500 is vir hierdie aandele uitgereik. Hierdie aandeelhouders kwalifiseer vir finale dividende.
- 'n Tussentydse dividend van 12 sent per aandeel is op 1 Februarie 2017 betaal.
- 'n Finale dividend is op 30 Augustus 2017 verklaar.

D. Vaste bates: Transaksies gedurende die huidige finansiële jaar.

- Ou toerusting is vir kontant verkoop teen die drawaarde van R324 000.
- Addisionele toerusting en afleweringsvoertuie is aangekoop.

7.3 CASTRO BPK. EN RONKI BPK.

Jy word voorsien van inligting met betrekking tot twee maatskappye.

AGTERGRONDINLIGTING:

- Henry Harries besit 300 000 aandele in elke maatskappy.
- **Castro Bpk.** het 200 000 nuwe aandele slegs aan bestaande aandeelhouders uitgereik teen die gemiddelde uitreikprys (R9,10). Hierdie fondse is gebruik om 'n nuwe tak te vestig. Geen nuwe lenings is aangeaan nie.
- **Ronki Bpk.** het R4 800 000 betaal om 320 000 aandele terug te koop.

GEVRA:

LET WEL: Waar kommentaar of verduidelikings verwag word, haal finansiële aanwysers en syfers aan om jou antwoord te staaf.

CASTRO BPK.

- 7.3.1 Lewer kommentaar op die prys van R9,10 wat Castro Bpk. vir die nuwe aandele wat uitgereik is, gevra het. (3)
- 7.3.2 Verduidelik hoe die uitreik van nuwe aandele die finansiële hefboomverhouding en risiko van Castro Bpk. beïnvloed het. Haal TWEE finansiële aanwysers aan. (6)
- 7.3.3 Henry het die opsie gehad om sommige van die nuwe aandele wat deur Castro Bpk. uitgereik is, te koop. Hy het genoeg fondse (rentekoers 5% p.j.) vir hierdie doel gespaar.
- As Henry sy 60%-aandeelhouding in die maatskappy wou behou, hoeveel aandele sou hy moes gekoop het en hoeveel sou hy moes betaal het? (5)
 - Henry het besluit om NIE hierdie aandele te koop NIE. Buiten die % aandeelhouding, verduidelik TWEE redes waarom hy 'n fout gemaak het deur nie hierdie opsie uit te oefen nie. (6)

RONKI BPK.

- 7.3.4 Lewer kommentaar op die likiditeit van Ronki Bpk. Haal TWEE finansiële aanwysers aan. (6)
- 7.3.5 Lewer kommentaar op die prys wat Ronki Bpk. vir die terugkoop van aandele betaal het. (3)
- 7.3.6 Verduidelik DRIE maniere waarop Henry deur die terugkoop van die aandele deur Ronki Bpk. bevoordeel is. (6)

ADDISIONELE INLIGTING:

Finansiële aanwysers en addisionele inligting uit jaarverslae:

	CASTRO BPK.		RONKI BPK.	
	2017	2016	2017	2016
Skuld-ekwiteit-verhouding	0,5 : 1	0,8 : 1		
Bedryfsverhouding			1,9 : 1	3,5 : 1
Vuurproefverhouding			1,1 : 1	1,7 : 1
Voorraadhoudingstydperk			54 dae	54 dae
Getal aandele reeds uitgereik	700 000	500 000	580 000	900 000
Gemiddelde aandele-uitreikprys	R9,10		R10,20	
Prys vir terugkoop van aandele betaal			R15,00	
Prys van aandele op die JSE	R12,00		R15,00	
Netto batewaarde per aandeel	R10,73	R11,38	R13,30	R13,22
% opbrengs op aandeelhoudersbelang	23%	17%	16%	13%
% opbrengs op totale kapitaal aangewend	20%	15%		
Verdienste per aandeel	140 sent	196 sent	266 sent	171 sent
Totale dividende	R357 000	R325 000	R928 000	R928 000
Dividende per aandeel	51 sent	65 sent	160 sent	103 sent



①

Aktiwiteit 8: VASTE BATES, KONTANTVLOEI EN VERTOLKING (Maart 2018)
(70 punte; 55 minute)**MAFOKO BPK.**

Die inligting het betrekking op Mafoko Bpk. vir die finansiële jaar geëindig 28 Februarie 2017.

GEVRA:**8.1 Verwys na Inligting A en Inligting B.**

Bereken die ontbrekende bedrae aangedui deur **(a)** tot **(c)** in die Vastebate-nota. (15)

8.2 Bereken die volgende bedrae in die Kontantvloeiastaat:

8.2.1 Inkomstebelasting betaal (5)

8.2.2 Dividende betaal (3)

8.2.3 Netto verandering in kontant- en kontantekwivalente (4)

8.3 Voltooi die afdeling Kontantgevolge van Finansieringsaktiwiteite van die Kontantvloeiastaat. (10)

8.4 Bereken die volgende finansiële aanwysers op 28 Februarie 2017:

8.4.1 Skuld-ekwiteit-verhouding (3)

8.4.2 Verdienste per aandeel (in sent) (3)

8.4.3 Opbrengs op gemiddelde aandeelhoudersbelang (OOAB) (5)

8.5 Verduidelik waarom die direkteure gevoel het dat die 630 sent wat vir die terugkoop van die aandele aangebied is, 'n regverdige prys was. Haal TWEE finansiële aanwysers met syfers aan. (4)

8.6 Die direkteure het die dividenduitbetalingsbeleid vir die huidige finansiële jaar hersien.

8.6.1 Bereken die persentasie verdienste wat as dividende vir elke jaar verdeel is om hierdie verandering te toon. (4)

8.6.2 Gee EEN rede waarom die direkteure hierdie besluit geneem het. (2)

8.6.3 Verduidelik waarom die aandeelhouders dalk nie met die opbrengs wat hulle verdien het, tevrede sal wees nie. Haal 'n finansiële aanwyser of syfer(s) aan. (3)

8.7 Die Kontantvloeiastaat toon enkele belangrike besluite wat die direkteurs geneem het.

Behalwe vir die dividende, identifiseer DRIE goeie besluite. Verduidelik die effek van elke besluit op die maatskappy. Haal syfers aan. (9)

INLIGTING:**A. Inligting uit die finansiële state op 28 Februarie:**

	2017 R	2016 R
Waardevermindering	?	?
Rente-uitgawe	123 000	126 500
Netto wins voor inkomstebelasting	422 500	157 500
Netto wins na inkomstebelasting	295 750	113 400
Vaste bates (drawaarde)	4 934 450	3 993 390
Aandeelhoudersbelang	4 375 250	3 135 000
Gewone aandeelkapitaal	4 117 500	3 000 000
Behoue inkomste	257 750	135 000
Niebedryfslaste	750 000	1 300 000
Vorrade (slegs Handelsvoorraad)	288 000	363 000
Debiteure	318 000	254 000
Krediteure	287 000	367 000
Kontant- en kontantekwivalente	2 500	245 000
Oortrokke bankrekening	27 500	-
SAID: Inkomstebelasting	5 200 (Kt.)	3 390 (Kt.)
Aandeelhouders vir dividende	98 000	50 000

B. Vastebatenota:

Vaste bates bestaan slegs uit Geboue en Toerusting.

	GEBOUE	TOERUSTING
Drawaarde (01/03/2016)	2 866 990	1 126 400
Kosprys (01/03/2016)		2 200 000
Opgehoopte waardevermindering (01/03/2016)		(1 073 600)
Bewegings:		
Toevoegings	(a)	300 000
Verkope		(c)
Waardevermindering		(b)
Drawaarde (28/02/2017)		1 058 520
Kosprys (28/02/2017)		
Opgehoopte waardevermindering (28/02/2017)		

- Bykomende toerusting is op 1 Junie 2016 aangekoop.
- Uitbreidings van die gebou is op 31 Augustus 2016 voltooi.
- Ou toerusting is op 28 Februarie 2017 teen drawaarde verkoop.
- Toerusting word teen 20% p.j. volgens die verminderdesaldo-metode verminder.

C. Aandelekapitaal en dividende

- Die maatskappy is met 'n gemagtigde aandelekapitaal van 1 000 000 gewone aandele geregistreer.
- Op 1 Maart 2016 is 500 000 aandele reeds uitgereik. 'n Verdere 200 000 aandele is op hierdie datum uitgereik.
- 'n Tussentydse dividend van R70 000 is op 31 Augustus 2016 betaal.
- 25 000 gewone aandele is op 28 Februarie 2017 teen R6,30 per aandeel uit die boedel van 'n oorlede aandeelhouer teruggekoop. Die gemiddelde uitreikprys op hierdie stadium was R6,10.
- 'n Finale dividend is op 28 Februarie 2017 verklaar.

D. Finansiële aanwysers op 28 Februarie:

	2017	2016
Skuld-ekwiteit-verhouding	?	0,4:1
Verdienste per aandeel	?	23 sent
Dividend per aandeel	24 sent	20 sent
Opbrengs op gemiddelde aandeelhouersbelang	?	3,6%
Opbrengs op totale kapitaal aangewend	11,4%	6,4%
Netto batewaarde per aandeel	648 sent	627 sent
Markprys van aandele (die JSE)	640 sent	630 sent
Rentekoers op lenings	12%	11%
Rente op vaste deposito's	9%	8%

70

<https://goo.gl/p7g1FD>


① (Vr3, Nov 2018)

Aktiwiteit 9: FINANSIËLE STATE EN OUDITVERSLAG**(75 punte; 60 minute)**

- 9.1 Dui aan waar ELK van die volgende items in die finansiële state geplaas sal word deur 'n term uit die lys hieronder te kies. Skryf slegs die antwoord langs die vraagnommers (9.1.1 tot 9.1.4) in die ANTWOORDEBOEK neer.

niebedryfsbates; bedryfsbates; ekwiteit;
bedryfsuitgawes; bedryfsinkomste

- 9.1.1 Handels- en ander ontvangbare bedrae
- 9.1.2 Aansuiwerings van voorsiening vir oninbare skulde (vermindering)
- 9.1.3 Vaste deposito wat oor drie jaar verval
- 9.1.4 Handelsvoorraadtekort (4)

9.2 TEMBISO BPK.

Jy word voorsien van inligting vir die finansiële jaar geëindig 28 Februarie 2018.

GEVRA:

Voltooi die volgende vir die jaar geëindig 28 Februarie 2018:

- 9.2.1 Staat van Omvattende Inkomste (Inkomstestaat) (28)
- 9.2.2 Notas tot die Staat van Finansiële Posisie (Balansstaat) vir:
- Gewone aandelekapitaal (7)
 - Behoue inkomste (7)
- 9.2.3 Ekwiteit en Laste-afdeling van die Staat van Finansiële Posisie (Balansstaat) (16)

INLIGTING:**A. Saldo's/Totale op 28 Februarie:**

	2018	2017
Gewone aandelekapitaal	8 816 000	6 976 000
Behoue inkomste	384 600	376 600
Lening: LSO Bank	?	1 725 500
Handelskrediteure	414 120	
SAID: Inkomstebelasting (voorlopige betalings)	341 800	
Verkope	?	
Koste van verkope	4 856 000	
Totale bedryfsinkomste	879 440	
Salarisse en lone	501 200	
Ouditfooie	65 400	
Huuruitgawe	79 240	
Direkteursfooie	497 800	
Diverse uitgawes	91 680	
Rente op vaste deposito	?	
Rente op lening	242 500	

B. A Aansuiwerings en addisionele inligting:**(a) Verkoop van goedere:**

Die maatskappy handhaaf 'n winsopslag van 40% op kosprys. Let daarop dat ou goedere wat R96 000 gekos het (by koste van verkope ingesluit), teen 10% onder kosprys verkoop is.

(b) Ouditfooie:

75% van die jaarlikse fooie is betaal.

(c) Direkteursfooie:

Die maatskappy het drie direkteure wat dieselfde fooi verdien. Een direkteur is twee maande vooruit betaal.

(d) Verhuring:

'n Stoorkamer is vanaf 1 Junie 2017 teen R11 200 per maand gehuur. Huur het op 1 Desember 2017 met 7,5% verhoog. Maak voorsiening vir uitstaande huur.

(e) Lening: LSO Bank

- Vaste maandelikse terugbetalings, rente ingesluit, is R31 600.
- Gekapitaliseerde rente vir die jaar geëindig 28 Februarie 2018 het R242 500 beloop.
- Rente vir die volgende finansiële jaar sal na verwagting R162 000 wees.
- 'n Gedeelte van die lening sal binne die volgende finansiële jaar terugbetaal word.

(f) Inkomstebelasting vir 2018:

- R31 300 is nog aan SAID verskuldig.
- Die korrekte netto wins na belasting is R959 400.

(g) Aandelekapitaal en dividende:

Gemagtigde aandelekapitaal: 1 600 000 gewone aandele

1 Maart 2017	80% van die aandele is reeds uitgereik.
1 Mei 2017	300 000 aandele is teen R465 000 meer as die gemiddelde aandeleprys teruggekoop.
31 Augustus 2017	Interim/Tussentydse dividende betaal: 30 sent per aandeel.
31 Oktober 2017	Addisionele aandele is uitgereik.
28 Februarie 2018	Finale dividende is verklaar.

9.3 OUDITVERSLAG

Uittreksels uit die ouditverslag van Tembiso Bpk. word verskaf.

INLIGTING:

Aan Aandeelhouders

Ons het die finansiële state, wat op bladsye 8 tot 52 uiteengesit is, geoudit ...

Mening

Punt 1 Na ons mening is die finansiële state 'n redelike weergawe, in alle wesentlike opsigte, van die finansiële posisie van die maatskappy soos op 28 Februarie 2018 ...

Punt 2 ... volgens Internasionale Finansiële Verslagdoening-standaarde ('IFRS') en die vereistes van die Maatskappywet (Wet 71 van 2008) van Suid Afrika.

Basis vir Mening

Punt 3 Ons is onafhanklik van die maatskappy ...

Punt 4 Ons het aan ons etiese verantwoordelikhede voldoen wat met internasionale standaarde in ooreenstemming is ...

Punt 5 ... en die ouditbewyse verkry, is voldoende en geskik om 'n basis vir ons mening te verskaf.

GEVRA:

9.3.1 Verwys na punte 1 tot 3.

Waarom het die ouditeure besluit om hierdie punte te noem? Gee EEN verduideliking vir ELKE punt.

(5)

9.3.2 Verwys na punte 4 en 5.

Verduidelik TWEE voorbeelde van:

- Etiese verantwoordelikhede
- Ouditbewyse

(8)

75

<http://bit.ly/2018NSSVr3AFR> (Vr3)



1 (Vr 4. Nov 2018)**Aktiwiteit 10: KONTANTVLOEISTAAT EN VERTOLKING****(70 punte; 55 minute)**

Jy word voorsien van inligting oor Vooma Beperk vir die afgelope twee finansiële jare geëindig 30 Junie. Die maatskappy is in KZN geleë en dryf handel met resiesfietse.

GEVRA:

LET WEL: Verskaf syfers of finansiële aanwysers (verhoudings of persentasies) en vergelykings met die vorige jaar om kommentaar of verduidelikings te ondersteun.

- 10.1 Bereken die volgende vir 2018:
- 10.1.1 % bedryfsuitgawes op verkope (2)
 - 10.1.2 Vuurproefverhouding (4)
 - 10.1.3 % opbrengs op aandeelhoudersbelang (4)
- 10.2 Bereken die volgende syfers wat in die 2018 Kontantvloeistaat sal verskyn:
- 10.2.1 Verandering in beleggings (2)
 - 10.2.2 Inkomstebelasting betaal (4)
 - 10.2.3 Vaste bates verkoop (teen drawaarde) (5)
- 10.3 Kontantvloei en finansiële aktiwiteite:
- 10.3.1 Verduidelik waarom die direkteure met die verbetering in kontant en kontantekwivalente sedert 1 Julie 2016 tevrede is. (3)
 - 10.3.2 Besluite en hefboomfinansiering in 2018:
 - Identifiseer DRIE besluite wat die direkteure geneem het om vir grond en geboue te betaal. (6)
 - Verduidelik hoe hierdie besluite 'n invloed gehad het op:
 - Kapitaal aangewend
 - Finansiële hefboom (Haal TWEE aanwysers aan.) (6)
 - 10.3.3 Uit die Kontantvloeistaat hierbo, identifiseer EEN besluit wat die direkteure in 2017 geneem het wat hulle NIE in 2018 geneem het NIE, behalwe die punte hierbo. Gee 'n moontlike rede vir die besluit in 2017. (3)
- 10.4 Dividende, opbrengste en aandeelhouding vir die 2018 finansiële jaar:
- 800 000 aandele is reeds op 1 Julie 2017 uitgereik.
 - Interim dividende is op 31 Desember 2017 betaal.
 - 200 000 aandele is op 1 Januarie 2018 aan bestaande aandeelhouders uitgereik.
 - Finale dividende van 75 sent per aandeel is op 30 Junie 2018 op alle aandele verklaar, maar is nog nie betaal nie.
- 10.4.1 Bereken vir die 2018 finansiële jaar:
- Totale interim dividende betaal (3)
 - Interim dividende per aandeel (3)

- 10.4.2 Bereken totale dividende wat deur Dudu Mkhize vir die 2018 finansiële jaar verdien is. Haar aandeelhouding is:

	AANDELE GEKOOP	AANKOOPPRYS
31 Augustus 2016	380 000 aandeel	R7,00
1 Januarie 2018	110 000 aandeel	R20,00
TOTAAL	490 000 aandeel	

(5)

- 10.4.3 Elke aandeelhouer is op 1 Januarie 2018 twee aandeel aangebied vir elke vyf aandeel wat hy/sy besit. Dudu het nie genoeg aandeel gekoop om die meerderheidsaandeelhouer te word nie.

Bereken die minimum getal addisionele aandeel wat Dudu moes gekoop het.

(3)

- 10.5 Die direkteur het in 2018 besluit om grond en geboue in twee ander provinsies te koop om die probleem van lae verkope, wat hulle voorheen in KZN gehad het, op te los.

- 10.5.1 Verduidelik:

- Hoekom dit nodig was om eiendom in ander provinsies in plaas van in KZN aan te koop (2)
- Of die besluit om hierdie eiendomme aan te koop, die gewenste uitwerking op verkope gehad het (3)
- 'n Ander strategie wat hulle gebruik het om die probleem van lae verkope op te los. (3)

- 10.5.2 Die HUB, Ben Palo, wil ander goeie nuus aan die aandeelhouders op die AJV oordra. Gee raad oor wat hy oor die volgende onderwerpe moet sê:

- Verdienste per aandeel (3)
- % opbrengs verdien (3)
- Aandeelprys op die JSE (3)

INLIGTING VIR DIE JAAR GEËINDIG 30 JUNIE:**A. SYFERS UIT INKOMSTESTAAT GEÏDENTIFISEER:**

	2018	2017
Verkope	R13 182 000	R7 740 000
Getal fietse verkoop	1 750 fietse	900 fietse
Winsopslag %	58%	72%
Koste van verkope	8 330 000	4 500 000
Bruto wins	4 852 000	3 240 000
Bedryfsuitgawes	1 900 000	1 500 000
Waardevermindering	412 000	275 000
Inkomstebelasting	819 000	444 000
Netto wins na belasting	1 911 000	1 036 000

B. UITTREKSEL UIT BALANSSTAAT OP 30 JUNIE:

	2018	2017
Vaste bates (drawaarde)	R12 154 000	R8 031 000
Beleggings	625 000	600 000
Bedryfsbates	2 427 000	2 090 000
Vorrade	1 652 000	1 250 000
Handels- en ander ontvangbare bedrae	365 000	820 000
SAID: Inkomstebelasting	0	15 000
Kontant en kontantekwivalente	410 000	5 000
Aandeelhoudersbelang	12 112 000	7 191 000
Niebedryfslaste (Lening)	1 850 000	2 600 000
Bedryfslaste	1 244 000	930 000
Handels- en ander betaalbare bedrae	420 000	515 000
Aandeelhouders vir dividende	750 000	280 000
SAID: Inkomstebelasting	74 000	0
Oortrokke bankrekening	0	135 000

	2018	2017
Kontantvloei uit bedryfsaktiwiteite	R1 850 000	R1 046 000
Kontant uit bedrywighede gegenereer	3 322 000	1 989 000
Rente betaal	?	(260 000)
Dividende betaal	(520 000)	(254 000)
Inkomstebelasting betaal	?	(429 000)
Kontantvloei uit beleggingsaktiwiteite	(4 560 000)	(167 000)
Aankope van grond en geboue	(4 840 000)	0
Verkoop van vaste bates	?	383 000
Verandering in beleggings	?	(550 000)
Kontantvloei uit finansieringsaktiwiteite	3 250 000	(400 000)
Aandelekapitaal uitgereik	4 000 000	0
Aandele teruggekoop	0	(1 000 000)
Verandering in niebedryfslaste	(750 000)	600 000
Kontant en kontantekwivalente:		
Netto verandering	540 000	479 000
Beginsaldo	(130 000)	(609 000)
Eindsaldo	410 000	(130 000)

	2018	2017
Winsopslag-% bereik	58%	72%
Bedryfsuitgawes op verkope	?	19,4%
Skuld-ekwiteit-verhouding	0,2 : 1	0,4 : 1
Vuurproefverhouding	?	0,9 : 1
Opbrengs op aandeelhoudersbelang	?	14,4%
Opbrengs op kapitaal aangewend	20,8%	17,8%
Verdienste per aandeel	208 sent	130 sent
Dividende per aandeel	?	70 sent
Dividenduitbetalingskoers	50%	54%
Netto batewaarde per aandeel	1 211 sent	899 sent
Markprys op aandelebeurs	2 800 sent	2 100 sent
Rente op lenings	12%	12%



① (Vr4, Mei/Jun 2019)

Aktiwiteit 11 OUDITVERSLAG EN MAATSKAPPY FINANSIËLE STATE**(80 punte; 65 minute)**

- 11.1 Kies 'n term in KOLOM B wat by die verduideliking in KOLOM A pas. Skryf slegs die letters (A–E) langs die vraagnommers (11.1.1 tot 11.1.4) in die ANTWOORDEBOEK neer.

KOLOM A		KOLOM B	
11.1.1	Weerspieël die onderneming se finansiële posisie op 'n spesifieke datum	A	Ouditeursverslag
11.1.2	Toon of die onderneming 'n wins of verlies gemaak het	B	Kontantvloeistaat
11.1.3	Verskaf besonderhede oor die beweging van geld ten opsigte van bedryfs-, beleggings- en finansieringsaktiwiteite	C	Staat van Finansiële Posisie (Balansstaat)
11.1.4	Verskaf 'n onafhanklike mening oor die betroubaarheid van die finansiële state van 'n onderneming	D	Staat van Omvattende Inkomste (Inkomstestaat)
		E	Direkteursverslag

(4 x 1) (4)

11.2 OUDITVERSLAG

Uittreksel uit die ouditmening van Everest Bpk. vir die finansiële jaar geëindig 30 April 2018:

Ouditmening

Na ons mening is die finansiële state 'n redelike weergawe, in alle wesenlike opsigte, van die finansiële posisie van die maatskappy op 30 April 2018 en die resultate van hul bedrywighede en kontantvloeï vir die jaar geëindig in ooreenstemming met Internasionale Finansiële Verslagdoeningstandaarde, en in die wyse soos vereis deur die Maatskappywet, 2008 (Wet 71 van 2008).

Kego en Murray Vennote
Geoktrooieerde rekenmeesters (SA)

31 Julie 2018

GEVRA:

- 11.2.1 Kies die korrekte woord uit dié wat tussen hakies gegee word. Gee EEN rede.
 Everest Bpk. het 'n (gekwalfiseerde/ongekwalfiseerde/weerhouding van mening) ouditverslag ontvang. (3)
- 11.2.2 Gee EEN rede waarom die Maatskappywet vereis dat publieke maatskappye deur 'n onafhanklike ouditeur geoudit moet word. (2)
- 11.2.3 Koerantberigte het aangedui dat Kego en Murray Vennote aan wanbestuur skuldig bevind is ten opsigte van ouditwerk wat by verskeie groot firmas gedoen is. Verduidelik hoe dit aandeelhouders van Everest Bpk. kan beïnvloed. Noem TWEE punte. (4)

<http://bit.ly/2019JunVr4AFR> (Vr4)



11.3 MVVS BPK.

Die inligting het betrekking op die finansiële jaar geëindig 31 Maart 2019.

GEVRA:

11.3.1 Voltooi die Staat van Omvattende Inkomste (Inkomstestaat) vir die jaar geëindig 31 Maart 2019. (53)

11.3.2 Voltooi die volgende notas tot die Balansstaat:

- Vaste-/Tasbare Batenota (8)
- Gewone aandeelkapitaal (6)

INLIGTING:

Syfers onttrek uit die Vooraansuiweringsproefbalans op 31 Maart:

	2019	2018
	R	R
Gewone aandeelkapitaal	9 300 000	4 800 000
Verbandlening: Sapphire Bank	1 430 200	1 658 000
Grond en geboue	12 500 000	12 500 000
Voertuie	1 377 000	750 000
Toerusting	?	398 000
Opgehoopte waardevermindering op voertuie	?	475 000
Opgehoopte waardevermindering op toerusting	?	117 500
Voorsiening vir oninbare skulde	?	30 100
Handelsvoorraad	364 200	
Debiteurekontrole	578 000	
Verkope	10 563 280	
Koste van verkope	6 236 000	
Huurinkomste	99 500	
Direkteursfooie	1 262 100	
Water en elektrisiteit	218 000	
Telefoon	75 600	
Ouditfooie	104 000	
Diverse uitgawes	61 001	
Salarisse en lone	1 280 000	
Werkgewersbydraes (medies, pensioen en WVF)	316 000	
Oninbare skulde	22 300	
Verbruiksgoedere	53 200	
Rente-inkomste	?	
Versekering	79 500	
Waardevermindering (op toerusting verkoop)	1 750	
Rente op lening	?	
Oninbare skulde ingevorder	6 000	
Gewone aandeledividende (tussentyds)	375 000	

Aansuiwerings en addisionele inligting:

- A. 'n Kredietfaktuur vir R36 720 (na aftrekking van 'n 10%-handelskorting), op 31 Maart 2019 uitgereik, is nie geboekstaaf nie. Goedere het 'n winsopslag van 70% op kosprys.
- B. Die fisiese voorraadopname op 31 Maart 2019 het die volgende voorhande getoon:
- Handelsvoorraad, R334 500
 - Verbruiksgoedere, R3 400

- C. Debiteur S Magnum is insolvent verklaar. Sy boedel het R2 000 betaal, wat 20% van sy skuld was. Die verskil moet as oninbare skuld afgeskryf word.
- D. R1 800 is van 'n debiteur, J Misting, wie se skuld voorheen afgeskryf is, ontvang. Die boekhouer het foutiewelik die bedrag na die Debiteurekontrole-rekening gekrediteer. Herstel die fout.
- E. Suiwer die voorsiening vir oninbare skulde aan tot R28 500.
- F. Versekering sluit 'n jaarlikse premie van R51 000 in, wat vir die tydperk 1 Januarie 2019 tot 31 Desember 2019 betaal is.
- G. 'n Werknemer is uit die Salarisjoernaal vir Maart 2019 gelaat. Die volgende besonderhede is van toepassing:
- Netto salaris van die werknemer, R9 100
 - Die aftrekkings deur die werkgewer het in totaal 30% van die bruto salaris beloop
 - Werkgewersbydraes was R2 200
- H. Rente op lening word gekapitaliseer. 'n Vaste maandelikse terugbetaling (rente ingesluit) van R25 400 is vir die finansiële jaar betaal.
- I. Vaste bates en waardevermindering:

(i) Voertuie:

- Besonderhede van die drie voertuie is soos volg:

	Kosprys	Opgehoopte waardevermindering 31 Maart 2018	Datum aangekoop
1	R350 000	R315 000	1 Oktober 2013
2	R400 000	R160 000	1 April 2016
3	R627 000		30 November 2018

- Voertuie word teen 20% p.j. op kosprys verminder.

(ii) Toerusting:

- Toerusting is op 31 Augustus 2018 vir R9 600 kontant verkoop. Slegs die volgende inskrywings ten opsigte van hierdie verkope is geprosesseer:

Kosprys	28 000
Opgehoopte waardevermindering op die datum van verkope	21 500
Waardevermindering vir die huidige finansiële jaar	1 750

- Waardevermindering op die oorblywende toerusting word op R92 500 bereken nadat alles hierbo in berekening gebring is.

- J. Rente-inkomste is die ontbrekende syfer in die Inkomstestaat.
- K. Inkomstebelasting word teen 28% van die netto wins bereken. Die netto wins voor belasting was R691 000.
- L. Aandele en dividende:
- Die maatskappy het 'n gemagtigde aandelekapitaal van 8 000 000 aandele.
 - Die maatskappy het op 1 April 2018 reeds 1 200 000 aandele uitgereik.
 - 150 000 aandele is op 30 November 2018 teruggekoop. EFO-betalings ten bedrae van R825 000 is vir hierdie aandele gedoen.
 - 850 000 addisionele aandele is op 30 September 2018 uitgereik.

① (Vr5, Mei/Jun 2019)

Aktiwiteit 12: KONTANTVLOEI EN VERTOLKING**(75 punte; 60 minute)**

- 12.1 Kies 'n term uit die lys hieronder wat die spesifieke vrae wat volg, beantwoord. Skryf slegs die term langs die vraagnommers (12.1.1 tot 12.1.4) in die ANTWOORDEBOEK neer.

hefboom; opbrengs op ekwiteit; solvensie; likiditeit; winsgewendheid
--

- 12.1.1 Is die onderneming in staat om al sy skuld te vereffen?
- 12.1.2 Kan die besigheid korttermynskuld in die volgende finansiële jaar vereffen?
- 12.1.3 Sal aandeelhouders tevrede wees met die voordeel wat hulle vir hul belegging in die maatskappy ontvang?
- 12.1.4 Tot watter mate is die maatskappy deur lenings of geleende kapitaal gefinansier? (4)

12.2 KULFI BPK.

Inligting vir die finansiële jaar geëindig 28 Februarie 2019 word verskaf.

Waar finansiële aanwysers gevra word om jou antwoord te staaf, haal die finansiële aanwyser en werklike syfer/verhouding/persentasie en neigings aan.

GEVRA:

- 12.2.1 Stel die Behoue-inkomste-nota tot die Staat van Finansiële Posisie (Balansstaat) op. (12)
- 12.2.2 Bereken die volgende bedrae vir die Kontantvloeiastaat. Toon bewerkings.
- Inkomstebelasting betaal (4)
 - Dividende betaal (4)
- 12.2.3 Voltooi die volgende afdelings van die Kontantvloeiastaat:
- Kontantgevolge van beleggingsaktiwiteite (9)
 - Netto verandering in kontant en kontantekwivalente (4)
- 12.2.4 Bereken die volgende finansiële aanwysers op 28 Februarie 2019:
- Vuurproefverhouding (4)
 - Skuld-ekwiteit-verhouding (4)
 - % opbrengs op gemiddelde aandeelhoudersbelang (OOAB) (5)
- 12.2.5 Die aandeelhouders is tevrede met die verbetering in die likiditeitsposisie. Haal DRIE finansiële aanwysers (met syfers) aan om hierdie stelling te staaf. (6)
- 12.2.6 Die maatskappy het die aandeelkapitaal met R840 000 en die lening met R550 000 verhoog.
- Verduidelik hoe dit die hefboom en risiko van die maatskappy beïnvloed het. Haal TWEE finansiële aanwysers aan. (5)
 - Verduidelik wat die direkteure met hierdie invloed van kontant gedoen het. Noem TWEE punte. (4)

12.2.7 Die direkteure het besluit om die dividend-uitbetalingspersentasie te verminder.

- Verskaf berekeninge om die verandering in die uitbetalingskoers te toon. (4)
- Gee EEN rede waarom baie aandeelhouders met die verandering in beleid tevrede was. Haal syfers aan. (2)

12.2.8 Martha het op 1 Maart 2018, 475 000 aandele in die maatskappy besit. Sy het nie enige aandele wat op 1 Mei 2018 uitgereik is, aangekoop nie.

- Verduidelik hoe die terugkoop van die aandele Martha se aandeelhouding bevoordeel het. Haal syfers aan. (4)

INLIGTING:

A. Aandelekapitaal:

- Daar was teen 1 Maart 2018, 900 000 gewone aandele uitgereik.
- 'n Addisionele 100 000 gewone aandele is op 1 Mei 2018 uitgereik.
- Op 1 Oktober 2018 het die maatskappy 60 000 aandele teen R9,00 per aandeel teruggekoop. Die gemiddelde aandeleprys op die datum was R8,04.

B. Dividende:

- Interim dividende van 25 sent per aandeel is op 15 September 2018 betaal.
- Finale dividende is op 28 Februarie 2019 verklaar.

C. Uittreksel uit Inkomstestaats vir die jaar geëindig 28 Februarie 2019:

	R
Waardevermindering	123 600
Rente-uitgawe	143 000
Inkomstebelasting (teen 30% van die netto wins)	293 100

D. Uittreksel uit Staat van Finansiële Posisie (Balansstaat) op 28 Februarie 2019:

	2019	2018
	R	R
Vaste bates (drawaarde)*	8 775 720	8 430 720
Vaste deposito: Flay Bank	150 000	100 000
Bedryfsbates	996 480	684 300
Vorrade	448 000	281 000
Handels- en ander ontvangbare bedrae (Nota 1)	288 300	378 300
Kontant en kontantekwivalente	260 180	25 000
Aandeelhoudersbelang	?	7 341 500
Gewone aandeelkapitaal	7 557 600	7 200 000
Behoue inkomste	?	141 500
Lening: Home Bank	1 400 000	850 000
Bedryfslaste	553 600	923 520
Handels- en ander betaalbare bedrae (Nota 2)	553 600	781 000
Oortrokke bankrekening	0	142 520

* Ou toerusting is teen drawaarde, R111 800, vir kontant verkoop.

Nota 1: Handels- en ander ontvangbare bedrae:

	2019	2018
Debiteurekontrole	288 300	367 000
SAID: Inkomstebelasting	0	11 300

Nota 2: Handels- en ander betaalbare bedrae:

	2019	2018
Krediteurekontrole	325 000	421 000
Aandeelhouders vir dividende	206 800	360 000
SAID: Inkomstebelasting	21 800	0

E. Die volgende finansiële aanwysers is op 28 Februarie bereken:

	2019	2018
Bedryfsverhouding	1,8 : 1	0,7 : 1
Vuurproefverhouding	?	0,4 : 1
Debiteure-invorderingstydperk	28 dae	39 dae
Krediteurebetalingstydperk	60 dae	60 dae
Skuld-ekwiteit-verhouding	?	0,1 : 1
Opbrengs op aandeelhoudersbelang (OOAB)	?	10,2%
Opbrengs op totale kapitaal aangewend (OOTKA)	12,9%	14,4%
Verdienste per aandeel (VPA)	71 sent	83 sent
Dividende per aandeel (DPA)	47 sent	80 sent
Netto batewaarde per aandeel (NBA)	837 sent	816 sent
Markwaarde per aandeel	840 sent	807 sent
Rentekoers op lenings	13,5%	13,5%

